

Gewestelike verskynsels in die Afrikaanse Spreektaal

van Oos-Kaapland

met spesiale verwysing na Albanie.

DEUR

JOHANNES WILLEM FREDERIK VAN DER MESCHT.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die Graad Magister Artium in die Fakulteit van
Lettere en Wysbegeerte.

Die Universiteit Rhodes

Grahamstad

November 1976

INLEIDING.

A. VERANTWOORDING:

By 'n dialektgeografiese studie van hierdie aard sal dit by uittoek die verstandigste wees om te begin by 'n omgewing waarin die ondersoeker gebore is en grootgeword het. Die omvang van die ondersoek en die uitgestrektheid van die gebied wat hierby betrokke is, maak dit egter vir 'n boorling net so moeilik as vir 'n goeie waarnemer uit enige ander spraakgebied, wat ook daartoe in staat behoort te wees om bepaalde foniese, leksikale, grammatiese, semantiese en sintaktiese verskynsels, eienaardighede en tendensies in die spreektaal op te merk.

My bekendheid en omgang met Afrikaanssprekendes in hierdie strek wil ek nietemin kortliks soos volg aandui:

(a) Wat vir hierdie studie as "randgebiede" beskou kan word:

Gebore en opgegroeï in Willowmore (13 jaar), onderwysopleiding op Graaff-Reinet (3 jaar), onderwysondervinding: In die distrik Steytlerville (2 jaar), aan die Hoërskool Maclear (2½ jaar).

(b) Die eintlike ondersoekgebied:

Onderwysondervinding in Oos-Londen en omgewing (6 jaar), Grahamstad (10½ jaar), afgesien van talle vakansies in Oos-Londen en Port Elizabeth en besoeke aan omliggende dorpe en distrikte.

B. GEBIEDSAFBAKENING EN TOELIGTING:

Veral in die Afrikaanse spraakgebied kan geen spreektaalvorm, -uitdrukking, ens. met absolute grenslyne afgebaken en ingeperk word nie. Teen so 'n moontlikheid getuig ons hele geskiedenis van veeboertrek- en Groot Trek-bewegings, bevolkingsverspreiding en -verskuiwing, kommunikasiestelsels soos hoofverkeersweë, spoor- en lugverbindings, die pers, die radio en die beeldradio. Wat hier as navorsinggebied geld, is dus slegs 'n vaagomlynde vierhoek wat die

/....strek

streek tussen Port Elizabeth, Cradock, Sterkstroom en Oos-Londen insluit. (Verwys na BYLAE A: Kaart van die Onderzoekgebied, bl.108)

Deur hierdie vierhoek loop 'n vae Engels-Afrikaanse Taalgrensllyn wat die oorwegend Engelse Bathurst, Grahamstad, Fort Beaufort, Kingwilliamstown, Berlin, Oos-Londen, Stutterheim, Cathcart en Queens-town skei van die oorwegend Afrikaanse gebied: Port Elizabeth, Alexandria, Paterson, Addo, Kirkwood, Alicedale, Riebeeck-Oos, Somerset-Oos, Bedford, Adelaide, Cradock, Tarkastad, Hofmeyr en Sterkstroom. Gegewens uit "randgebiede" soos Indwe, Elliot, Noupoort, De Aar, Jansenville, Gamtoosvallei, Langkloof en Uitenhage word ewe-eens aangedui waar nodig.

Binne die grense van hierdie streek was en is toestande dus ideaal vir 'n taalkontaksituasie met gevolglike dubbeltaligheid en versteuring van die moedertaalpatroon van beide taalgroepe, vir taalverskuiwing en taaloordrag. In die oostelike dele van dié gebied, rondom Oos-Londen, Berlin, Kingwilliamstown, Frankfort en Stutterheim laat die Duitse invloed hom ook in 'n geringe mate geld. Toenemende daaglikse aanraking met die Bantoe noodsaak dikwels, veral op boereplase in die hele gebied, meertaligheid en beïnvloeding deur 'n nie-Germaanse taal.

In hierdie streek bestaan daar by 'n groot deel van die bevolking reeds geruime tyd al 'n mate van gevestigdheid; in "taalsakke" of taaleilande soos Riebeeck-Oos, Alexandria, Paterson, Kirkwood en ander plattelandse dorpe en distrikte woon sommige gesinne en hul nakomelinge al geslagte lank en kan hulle as draers 'n sekere taal-laag verteenwoordig in wie se spreektaal bepaalde gewestelike verskynsels bestendig is en daar gevolglik tussen taal en lokaliteit 'n duidelike verband kan bestaan. Maar langs die hoofverkeersweë - Oos-Wes, Suid-Noord - en in die groter sentra en stedelike ge-

/....biede

biede soos Oos-Londen, die Port-Elizabeth-Uitenhage-kompleks, Grahamstad, Kingwilliamstown en Queenstown vind 'n voortdurende en steeds versnellende verskuiwing en verwisseling van bevolkingselemente in die staatsdiens, die onderwys, die polisie-diens, die regs-wese, die spoorweë en talle ander beroepe plaas. Hierdie insypeling tussen die gevestigde inwoners in bring nuwe woordgebruike en uitspraakvorme mee, sodat hier 'n lewendige proses van algemene en streektaalvermenging aan die gang moet wees. Geleenthede en toestande vir onderlinge sosiale skakeling of nie-skakeling tussen lede van verskillende sosiale stande bestaan hier wel deeglik. Nie slegs tussen boere en dorpenaars en stedelinge nie, maar selfs in die digbevolkte woonbuurte is sosiale kontak soms tot die minimum beperk. Uiteenlopende belange, belangstellings en werkkringe werk alles mee om 'n neerslag te vorm in die spreekwyse van enger gemeenskaps- en familiale kringe.

In hierdie ondersoekgebied bestaan daar ook groot topografiese en klimaatsverskille. Ten Noorde van die gematigde kusstrook (Port Elizabeth tot Oos-Londen) styg die land geleidelik, hoewel minder bergagtig as in Wes- en Suidwes-Kaapland, in die rigting van die Winterberge. In die hartjie van die Winter is dit moontlik om by Oos-Londen in die see te swem en 'n paar uur later anderkant Queenstown tussen die sneeubedekte heuwels en berge om Sterkstroom te ry, terwyl dit in Grahamstad al spreekwoordelik geword het dat die weersgesteldheid tot vier maal per dag kan verander. En oral tussen die rante en berge lê vrugbare komme en valleie langs die Sondags-, Boesmans-, Vis-, Keiskamma-, Baviaans-, Kat-, Buffels- en Nagoonrivier, uiters geskik vir verskeie hoogs produktiewe besproeiingskemas.

'n Ewe ryke verskeidenheid word in die diere- en voëllewe en plante-

/....groei

groei aangetref. Die ruie bosse in die suide en weste en in die diep klowe in die Albaniegebied gaan geleidelik oor in grasheuwels en -vlaktes in die rigting van Oos-Londen en noordwaarts tot by Sterkstroom, Indwe en verder noordooswaarts - aanloklik groen in die Lente en Somer, bekoorlik goudbruin en strooigeel in die Herfs- en Wintermaande. Vanuit die Weste tot by Albanie en Fort Beaufort het die Karoobossie reeds die gebied binnegedring. Olifante by Addo, bergkwaggas by Cradock, koedoes en bosbokke in die suide en die minder bekende ingevoerde takbokke wat al tot ongeveer duisend aangewas het in die bergreeks tussen Queenstown en Sterkstroom, is maar enkeles van die talryke diersoorte wat hier aangetref word.

Sitrusvrugte, pynappels en piesangs, koejawels, sigorei, mielies, kafferkoring, aartappels, groente, suiwelprodukte, vleis, bokhaar, wol, hout - van alles en nog wat (appels, pere en druiwe uitgesonderd) - word hier verbou, gekweek of geproduseer. Uit die nywerheidsentra, hoofsaaklik Port-Elizabeth-Uitenhage en Oos-Londen, word, behalwe motors en motorbande, haas elke denkbare fabrieksartikel die land ingestuur. Deur die twee hawens word wol, pynappels, ystererts, lemoene, e.s.m. na die buiteland verskeep, terwyl duisende vakansiegangers jaarliks uit die hinterland die vakansie-oorde in dié gebied besoek. Voorspoed lei tot bevolkingsaanwas, laat verkeerstrominge ontstaan en dit alles skep kontaksituasies wat voortdurende verskeidenheid, die ware bron van nuwe taalkrag, en wisselwerking ten opsigte van taalgebruik meebring, want "die mens pas sy taal by sy aard en behoeftes aan".¹⁾ Maar binne sodanige ontwikkelinge is daar ook remmende en behoudende faktore werksaam wat soms 'n interessante, konserwatiewe karakter aan die omgangstaal verleen.

¹⁾ Boshoff, S.P.E. Kruim en Kors, p.16.

Grahamstad, met die Universiteit Rhodes en die welbekende privaat- en departementele skole, kan as die opvoedkundige kern beskou word, maar ewe beroemde skole in Oos-Londen, Port Elizabeth, Uitenhage, Kingwilliamstown, Queenstown, Somerset-Oos, Cradock en Graaff-Reinet, sowel as die Universiteit Port Elizabeth, die pasgestigte onderwyserskollege aldaar en die gevestigde Graaff-Reinetsse Onderwyserskollege verseker dat hierdie streek se kultuurgemeenskap ten opsigte van die onderwys geen agterstand by die res van die land hoef te toon nie. Inteendeel. Vooraanstaande persoonlikhede het hier hul skoling ontvang, soos bv. ons huidige Eerste Minister, Sy Edele mnr. J. B. Vorster (Sterkstroom), oud-Administrateur dr. Nico Malan (Fort Beaufort), om slegs enkeles te noem. Hierbenevens is Grahamstad ook nog die setel van die Oos-Kaapse afdeling van die Hooggeregshof met al die positiewe implikasies wat dit op taal- en sosiale vlak inhou.

6. DOEL VAN HIERDIE STUDIE:

(a) Probleemstelling:

Kom daar in die spreektaal van Oos-Kaapland se Afrikaanssprekendes soveel afwykings van Algemeen-beskaafde Afrikaans voor dat daar enigsins van kenmerkende gewestelike verskynsels sprake kan wees en is daar onderliggende oorsake hiervoor aan te toon ?

(b) Hipotetiese uitgangspunte:

(i) Vroeëre gegewens oor die Afrikaanse omgangstaal van hierdie streek is slegs nog ten dele geldig en moet voortdurend aangevul word om met veranderinge tred te hou.

Hier was die doel geensins om ander waardevolle werk af te kraak nie, maar om vas te stel of en in welke mate die omgangstaal verandering toon.

(ii) Uit die aard van die geskiedenis van die Afrikaners in hier-

/....die

die streek met betrekking tot die noue aanraking met die Bantoe sedert vroeg in die 18de eeu en die "opdamming" teen die Visriviergrens sedert 1778, moet 'n sekere mate van beïnvloeding deur die Bantoetaal (Xhosa) onvermydelik gewees het.

Met my ondersoek het ek dus beoog om te probeer vasstel of hierdie nie-Germaanse invloed in die gesproke Afrikaans van die aangeduide streek in so 'n mate 'n neerslag gevorm het, en nog vorm, dat dit enigermate as kenmerkende streektaalverskynsels bestempel kan word. Afrikaans is ook die moedertaal van die oorgrote meerderheid Kleurlinge in hierdie streek, maar dit sal 'n afsonderlike ondersoek vereis om Xhosa-invloed op hulle spreektaal ná te gaan en gevolglik moes ek dit daar laat.

(iii) Die oornome van die Kaap deur Engeland in 1806, die vestiging van die Britse Setlaars in Albanie (1820), die uitgesproke en volgehoue verengelsingsbeleid veral tydens die bewind van lord Charles Somerset met sy Ordonnansie nr.50 waardeur Engels die enigste amp telike taal geword het, en die daaropvolgende uitdunning van Afrikanergeledere ten gevolge van die Groot Trek, het die taal van die agterblywendes in hierdie gebied aan òf ondergang òf aanpassing blootgestel. Veral op die omgangstaal het die aanpassing so verminkend ingewerk dat hier vandag nog duidelike oorblyfsels van 'n verengelste spreektaal voortleef.

Is dit in der waarheid die geval ?

(iv) Weens afsondering en die afwesigheid van doeltreffende kommunikasiemiddele het gebrekkige kontak met snel-veranderende Afrikaans in die res van die land enkele ouer Nederlandse taalvorme in die spreektaal laat voortleef.

Bestaan daar enige grond vir so 'n hipotese ?

D. METODE VAN ONDERSOEK:

Vir hierdie ondersoek is 'n kombinasie van die Direkte en die Indirekte Metode van dialekondersoek gevolg. 'n Vraelys is opgestel en in die eerste deel daarvan is gepoog om vas te stel hoe geldig sekere gegewens in Die Afrikaanse Taalatlas van S.A.Louw vir die huidige is. 'n Verdere onderdeel van die vraelys bevat algemene woorde en uitdrukkinge wat in die geselstaal gebesig word en aan die einde is ruimte gelaat vir enige bykomende gegewens, kommentaar of inligting wat proefpersone sou wou verstrek.

Ek het die gebied deurreis en oral vraelyste afgelewer nadat mense ingewillig het om dit te neem. Met elkeen is ook 'n kort onderhoud gevoer om noukeurig te verduidelik wat verlang word. Ten tyde van so 'n gesprek het ek gewoonlik ook interessante menings en/of woordgebruike op die vraelys aangeteken. Die vraelys is dan daar gelaat om later, soos versoek, in 'n geadresseerde, gefrankeerde koevert teruggestuur te word. Aanvanklik is ook, met die nodige toestemming, 'n paar bandopnames van gesprekke wat in Grahamstad gevoer is, gemaak, maar dit het spoedig geblyk dat dit te tydrowend sou wees en dié poging is gevolglik laat vaar. Daarby het ek dikwels die oggendmark besoek en hofsittings bygewoon om ook dáár die gesels- en verteltaal in wisselende omstandighede te beluister.

Dikwels het proefpersone ook aangebied om vraelyste vir voltooiing aan ander te gee. Van die 534 vraelyste wat versprei is, het ek 420 self afgelewer. Die lyste is ook nie op 'n lukraak wyse versprei nie, want ek het vooruit vasgestel by wie daar in 'n bepaalde omgewing om inligting aangeklop kon word. Daarna was dit maklik om eenvoudig te vra wie nog moontlike informante in daardie omgewing is. Op hierdie manier kon ek met baie interessante persoonlikhede uit alle lae, stande en ouderdomsgroepe van die bevolking kennis maak.

/....Ek

Ek het nie probeer om "om 'n hoekie" stillietjies aantekeninge te maak nie, maar het die saak openlik met elkeen bespreek, het soms tydens 'n gesprek na 'n besondere uitspraak of woordgebruik wat my opgeval het, verwys en niemand het aanstoot geneem nie, wat vir my 'n bewys is dat die Afrikaanssprekende ten opsigte van sy taalbenadering 'n hoë mate van volwassenheid en begrip bereik het.

As hierin na 'n norm verwys word, word gedink aan Algemeen-beskaaf, maar met die ondersoek wou ek geensins normatief wees en ondersoek wat "reg" of "verkeerd" is nie. Daarom bevat my vraelyste ook talle "spelfoute", "verskrywings", ens. om dit by medewerkers tuis te bring dat dit hier nie gaan om hoe geskryf, gespel of gepraat behoort te word nie, maar hóé daar wel in die daaglikse omgang spontaan gesels word. Hierop was die reaksie dan ook verbasend en uit die honderde kort onderhoude wat ek gevoer het, die baie ingevulde vraelyste wat teruggestuur is en die aanvullende aantekeninge wat by talle daarvan aangebring is (in enkele gevalle tot 10 bladsye vol), kan ek met oortuiging beweer dat ek met betroubare gegewens werk. Sommige medewerkers, gewoonlik intrekkers uit ander gebiede, wat hulle nie in staat gevoel het om betroubare gegewens te verstrek nie, het selfs die moeite gedoen om vraelyste goedgunstiglik aan ouer, gevestigde inwoners vir voltooiing te oorhandig. Ander het eers weer telefonies vasgestel wat presies verlang word.

Nadat ongeveer 280 vraelyste reeds versprei was, het ek dit nodig gevind om bykomende inligting te bekom en het ek 'n aanvullende lys opgestel en by die oorspronklike lys gevoeg. By talle van die ontvangers van die eerste lys het ek die aanvullende lys gaan aflewer, aan ander is dit per pos gestuur met die versoek om dit ná voltooiing by die eerste te voeg.

/....E. VRAELYS A.

E. VRAELYS A;

Dringende versoek aan alle belangstellendes wat gewillig sal wees om hulp te verleen.

Dit gaan hier om die insameling van interessante inligting i.v.m. gesproke Afrikaans in hierdie omgewing. Alle gegewens sal as vertroulik behandel word en in 'n algemene M.A.-verhandeling verwerk word. Om bepaalde taalgebruiksvorme te lokaliseer en in tydspektief te beoordeel, is die volgende gegewens belangrik (as u dit wil verstrek):

Naam en Adres:.....

In watter ouderdomsgroep val u ? (10 - 20), (21 - 35), (36 - 55), (55+)

In watter distrik/streek het u Afrikaans leer praat ?.....

Hoe lank woon u al in hierdie kontrei(Afghanistan/Oos-Kaapland)?.....

Wat is u beroep ?

Intrekkers uit ander spraakgebiede kan ook baie belangrike waarnemers wees, omdat u beter daartoe in staat sal wees om "raak te hoor" hoe mense in hierdie streek anders praat en soms ander woorde gebruik as dié wat in die omgangstaal van u geboortestreek gebruiklik is.

Ek noem eers 'n paar woorde uit 'n lys wat deur prof.S.A.Louw vir Die Afrikaanse Taalatlas van oor die hele land ingesamel en op kaarte aangebring is. Die eerste woord is dié wat hy as die algemeenste vir Oos-Kaapland aandui. Die getal tussen hakies dui aan hoeveel name daar ongeveer vir die betrokke dier/plant/saak, ens. reeds gevind is. Vul asseblief op die stippellyn die naam in soos u of die mense in u omgewing dit uitspreek.

(LET WEL: nie hoe dit geskryf word of behoort geskryf te word nie.)

1. bobbejáán, bòbbejaan, bobjáán, bobbeján, báviaan, bòjaan, boejaan, ens. (21) Hoe sê u vir Kees ?

/....2. hoephoep

2. hoephoep, hoephoepie, hoepie-hoepie, hoethoet, doringkuif,
ens. (67) Hoe noem u hom ?.....
3. wewenaar, wewenaarsbos, wedevrou,ouwywe, kakieklits,predikants-
luis, knapsakkêrel,knapsekêrel,ens.(64) Ons sê:.....
4. hanekam, hannekam, tjoet, varkkos, varkbos, misbredie, ostong,
tongblaar, rooistingel,ens.(64) Hier sê ons:.....
5. duwweltjie, diwweltjie, dubbelkie, duiweltjie, volstruisdoring,
beesdoring, ens.(64) Hier rond sê hulle:... ..
6. koffiemeul, koffiemeule, meule, meules, meultjie, mele, koffie-
mele, ens. (16)
7. tolletjie (vir gare), tol, rolletjie, houtjie, ens. (10)
.....
8. winakker, wenakker, kopakker, kop, dwarsakker, ens. (10)
.....
9. misreën, misweer, misdou, motreën, stuif, kwietsja, kebié,
kabié, dit sous, jakkalstrou, ens.(40)
10. varkblom, varklelie, varkoor, varkiesblom, aronskelk, ens.(31)
.....
11. kniehalterknoop, (-slag), maswerk, slag, hingselknoop, vastrek-
knoop, knelterslag, ens.(27)
12. (dik sny brood):skaapwagtersny,(skawagter-), veewagtersny, homp,
volksresoen, outasny, bekrekker, ens.(50)
13. vlakkoetsie, vlakkoester, lewerkie,(-tjie), koes-koester,
donderweervoël, tok-tokkie, ens.(87)
- 14((Hoe keer u osse aan ?): hōi-hōi, hooi-hooi, hook-hanou, ho-ha,
roepsek, roepsê,ens. (47)
15. koeksisters, (-susters), (-siesters), koesisters, boerkaiings,
stropies, maagbomme, roloppies,ens. (32)
16. einabeentjie, elmboogbeentjie, virneuk(neek)beentjie,gonnabeen-
tjie, eina-dêmitbeentjie, ens. (59)

/....17. opdraand

17. opdraand, opdraan, hoogte(-tjie), opdraans, uitdraan(t), ens.(14)
.....
18. eintlik, eienlik, eentlik, inklik, intlik, eenlik, eilik,
ens. (21)
19. soentoe, sountoe, souentoe, soheentoe, soointoe, seintoe, ens.(14)
.....
20. kernaadjie, karnaadjie, karmonaadjie, kamenaadjie, kremenaadjie,
krimmenaadjie, ens.(28)
21. verkleurmanneljie, verkleer-, trapsuutjies, trapsoetjies, trap-
sietjies, soetjiestrapper, ens.(21)
22. springmielies, kuikenmielies, kiepiemielies, skietmielies, ens.(11)
.....
- ??? _____ ???

Vervolgens noem ek (deurmekaar) 'n aantal wisselvorme, konstruksies en uitdrukkings as voorbeelde van wat u op die aangehegte foliopapier kan opteken, d.w.s. enigiets wat 'n aanduiding kan gee van hoe daar in Oos-Kaapland, en veral in die distrik Albanie in Afrikaans gesels/gepraat wordNIE GESKRYF of GESPEL nie !

Onderstreep asb. hier en verander waar nodig:

aandete, sopper, sapper, dienaar/ heuning, heening, hunning, henning/
appelliepie, appelliefie, appel-der-liefde, ens./ brille, 'n bril,
glase, speks/ renoster, annoster, arnoster/ dominie, leraar(t),
meneer, predikant, prikant/ tint, tent/ omtrint, omtrent, ontrent,
ontrint/ akkedis, akedis, akkeldis, akkerdis, akedê/ okker(-neet)
(-neut), onkerneut (-neet)/ skoenlapper, skoelapper, skoerlapper/
nuuskierig, -kierag, nieskierig(-rag), muskierig, miskierag/ turks-
vye, strukvye, struksvye, struksevye, turksevye, stukvye/ gesig,
gesêg, gaseg, bakkies, gevreet, ens./ distrik, distrêk/ sê, seg/
perskes, sperskes, sperskies, persies/ appelkoos, apperkoos, apprie-
koos/ waatlemoen, wartlemoen, watlemoen, waterlemoen/ spanspek,
/....sponspek

sponspek, panspek, ponspek/ kiepersolboom, kiepersol, nooiensboom, sambreelboom, waaiërboom, ens./ vimôre, vanmôre, vamore, vimore/ geld, gelt, sjelt, tjelt/ tabak, twak, toebak, tebak/ koedoe,koeroe/ bottel, borrel/ geneesmiddel, geneesmirrel/ betaal, petaal, bataal, betal/ skielik, skierlik/ vanmiddag, vimiddag, vamiddag, vamirrag/ duisendpoot, duisent-, songholôlô, sjongholôlô,ens./ boendoe, grammadoelas, grammadoelas, gopse/ platanna, platparra, platkloet, platana/ opgeefsel, lugspieëling, miraasj/ skeermuis,skeerbekmuis, skêrbekmuis/ interessanter, meer interessant, meer interessanter/ muskeljaatkat, miskerjaatkat, middeljatkat, streepkat/ rinkalsslang, ringhalsslang, spoegslang, oogspoegter/ barber, baber, kalwerkop, baardman/ bosduif, kransduif, kringduif/ rooimeer(-mier-)kat, witkwasmeeerkat, waaierstert- / vaalmuishond(t), vaalmyshont, grysk, eierdief, eiervreter/ korrelvat, mik, korrel, aanlê, ym/ skerpjoen, skerpjoen, skerpjoen, skepperjoen/ bontkorhaan, -koeraan, bergkoeraan, -koeraan, tanteketrina/ befoeter(d), beneuk, beneuks, benuk, benik/ foeter(wv.), neuk, neek,opdons, opfoeter, opdonn..., do.../ dat, laat, lat, lit, let/ aspres, aspris, ekspres, opsetlik/ het gehad, had, het gehet/ present, pirsent, persint, pirsint/ besig, besag/ sagte, safte/ (die werkw.):grawe, graaf, grau, gra, grou/ tarrentaal, trantaal, trantraal, willehoener, wildehoender, trintaal, poelpetaan, ens./ ruspe, rusper, rispe, risper/ (die kind is): oulik, grysk, oud voor sy tyd, oukantag/ roer jou, roer jou litte, - - riete, - - lyf, maak gou, maak haastag/ ordentlik, oordentlik, oordintlik, ondentlik/ glas, glaas,/ gat, gaat/ plan, plaan/ daar gaan hy, gaat, gan, gat hy/ daar oorkant, doer -, dour -, douer -/ soontoe, sountoe, soheentoe, syntoe, sientoe/ sleutel, sluitel, sleetel, slytel/ baie, baije, bai, baja, baing/ huis, hys/ tuin, tyn/ muis, mys/ helder (water), heller, hilder, hiller/ hinder, hender, hinner, henner/

/....grapmaker

grapmaker, sportmaker, koetjemaker, kôtjemaker/ uitbetaal, iet-
betaal, ytbetaal/ manewales, maneewers, maneewels/ brouer, lapper,
lieplapper/ sooibrand, suurbrand, suur, opwerkens/ polisieman, po-
liesman, pölliesman, poelliesman, diener/ blikemmer, blikkan, blik-
katot, katot/ wrintig, wrintag, warempel, warrimpel.

Ek kan/ken dit nie doen/doet nie(ek kinnitie doenie/doetie); hy het
die hele pad/heelpad/al die pad/ alpad saamgegaan/; party/pitty/
bety/pety van daardie/darie/daai/dai honde/honne/hône is kwaai/;
my oorle/ole/oorlede/ooledede/olie pa/; steek die kers(vuur) aan/op/
brand/aan die brand/; kêrel, tjêrel/; hy hol weg/hardloop weg/lê
oop/nael/laat nael/laat lê/maak oop/wys hakskene/ens./ regtig,waar-
likwaar, sweerlik, regtag, rêrag, wrintiewaar/; ek ken/kin hom van
g'n kant (af) nie/; dit gaan maar broekskeur/ broeksk../kliphard/
kurkdruk/breek met my/; ek het my gedaan/klaar/breek/poegaai/mors
gedaan/klaarpraat gewerk/; ek gaan nou kos opsit/..innie pot sit/
..oppie vuur/(stoof) sit/..oorhang, ens./; ons almal, almal van ons,
ons ammal/; skoolhou/ onderwys gee/ skool gee.

Daar is te veel om te noem. Luister fyn (na uself en na andere)
en teken asseblief aan. U bydrae sal baie hoog op prys gestel
word. Onthou net deurgaans:ek soek na die SPREEKWYSE, die natuur-
like, ongedwonge taal wat ons onder mekaar praat. Ons taal het
juis die neiging om deesdae so boekerig, koeranterig en toespra-
kerig en daarmee ook so kleurloos te word. 'n Mens kan ook daar-
aan dink dat Oos-Kaapland se spraak die bron en voedingsbodem van
Transvaal en Natal se Afrikaans was - hiervandaan het die Voortrek-
kers immers land in verhuis.

Is ons ammal ani taal saamwerk kinnit nog straks oppie ou int imooi
ding afgee wadittie moeite wert sil maak ommit te lees.

MAG EK DIT ASSEBLIEF BINNE 4 - 6 WEKE TERUG ONTVANG ?

Baie dankie by voorbaat.

/....HOOFSTUK I.

HOOFSTUK I.

Beknopte historiese oorsig.

Arm aan geskiedenis is hierdie streek beslis nie, ook met betrekking tot die Afrikaanse taal. Hier het van die vroegste Afrikaanse geskrifte die lig gesien, hier het L.H.Meurant in die vroeë ses-tigerjare van die vorige eeu hom in sy bekende Zamenspraak....tot die lesers gerig in hul eie lossen, kragtiger spreektaal.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat Afrikaans sy wording te danke het aan die verloop van die geskiedenis, naamlik dat Europese, meer bepaald Hollandse, aankomelinge drie eeue gelede in 'n vreemde land min of meer hulle eie gang gegaan en op dié manier tot selfstandigheid ontwikkel het. Aanvanklik het die bestuurstaal van die amptenaarskring aan die Kaap so na moontlik gebly aan die ampstaal uit Amsterdam, Den Haag en Batavia. In die skryftaal is dit meer as twee eeue lank deur die gesag van die Here XVII en die goewerneurs sowel as deur die invloed van die Nederlandse Statebybel, preekbundels en die Psalm- en Gesangboek kunsmatig in stand gehou.

Maar sprekers van Nederlandse, Nederduitse en ander Europese en Oosterse en Suid-Afrikaanse inboorling^{de}ale en dialekte was aan die Kaap daaglik in noue aanraking met mekaar. Hulle moes 'n gemeenskaplike spreektaal as verkeersmiddel vir elke dag hê en so het die Kaapse gemeenskap die gelykmakingsproses in die spreektaal aan die gang gesit. Weens die groot afstand tussen die Kaap en Nederland en onder inwerking van omstandighede en allerlei politieke, kulturele en maatskaplike faktore het die kloof tussen die bestuurstaal en die omgangstaal geleidelik wyer geword.

Oor die werklike tydsduur alvorens Afrikaans sy beslag gekry het, bestaan daar onder taalkundiges heelwat meningsverskil. So beweer

/....H.J.J.M.

H.J.J.M.van der Merwe¹⁾: "Die eenvormigheid van Afrikaans bly vir my een van die beste bewyse dat hy so oud as die Blanke-beskawing in hierdie land is.....M.a.w.: die Afrikaans wat uiteindelik in Transvaal gekom het, was nog in wese dieselfde as die waarmee die Trekkers uit die Kaap is; daarom het Afrikaans beslis sy ontstaan in in die Kaap gehad." "Dit bring my tot die beskouing," sê Van der Merwe verder²⁾, "dat Afrikaans of Oer-Afrikaans dan sy beslag veel vroeër as Hesseling se 1687 gekry het, selfs vroeër as Kloeke se 1664." Hy stem nie saam met J.du P.Scholtz oor die té vroeë datum van G.G.Kloeke nie en volgens sy beskouing het Afrikaans in wese reeds teen 1658 bestaan. Hy kom dan ook tot die slotsom³⁾:

"Afrikaans het nie eensklaps aan die Kaap ontstaan nie, maar die ontstaan moet gesien word as 'n voortsetting van 'n taalneiging wat reeds in die vroegste Nederlands aanwesig was - die ontstaan is dus voorafgegaan deur 'n lang aanloop, maar sy eintlike beslag wat die huidige vorm betref, het tussen 1656 en 1658 plaasgevind, dus lank voordat vreemde nie-Nederlandse invloed daarop kon inwerk."

G.S.Nienaber⁴⁾ kom tot die gevolgtrekking dat "...die faktore wat die Nederlands van die blanke koloniste omgevorm het tot Afrikaans eers in hulle taal tussen 1750 en 1800 so 'n groot definitiewe neerslag gehad (het) dat ons van 'n Kaaps-Hollandse variant kan praat, en na 1800 moet praat...."

Ná 'n intensiewe studie van die beskikbare bronne, en veral van die Lied ter Ere van die Swellendamsche en Diverse andere Helden bij

/....de Bloedige

1) Van der Merwe, H.J.J.M.: Afrikaans sy aard en ontwikkeling, p.24.

2) Ibid, p.28.

3) Van der Merwe, H.J.J.M.: Herkoms en ontwikkeling van Afrikaans, p.33.

4) Nienaber, G.S.: Oor die Afrikaanse Taal, p.40.

de Bloedige Actie aan Muizenberg in dato 7 Aug.1795, wat opsetlik in Afrikaans opgestel is, kan E.H.Raidt met sekerheid konstateer 5) dat minstens 200 jaar nodig was om Afrikaans te laat ontwikkel, "...dat die Afrikaanse taal die produk is van baie eksterne en interne faktore" en dat "...die meeste "kenmerke" van Afrikaans voortsettings (is) van die een of ander dialekvorm of tendensie in 'n dialek wat in Nederland self deur beskawingsvorme teëgewerk is of verdwyn het", "...dat Nederlands aan die Kaap 'n geleidelike wysiging op elke gebied van die taalstruktuur ondergaan het en dat verreweg die meeste verskynsels al teen die einde van die 18de eeu hul beslag gekry het."6)

Aan die begin van die 18de eeu was feitlik die hele Boland beset en van toe af het die gevestigde gemeenskap in die bakermat van Afrikaans begin verbrokkel deur die trekboerbewegings wat as twee ooswaartse strominge, geskei deur die Swarte- en Langeberg, mekaar eers weer teen 1770 tussen die Sondags- en Boesmansrivier ontmoet het - dus binne die grense van die ondersoekgebied. In hierdie streek het goewerneur Van Plettenberg in 1778 die Visrivier as oostelike grens van die Kolonie vasgestel. Die daaropvolgende opdammingstydperk in hierdie grensgebied, met die Boesmangevaar in die noorde en die suid-weswaarts bewegende Bantoe in die ooste, was gevolglik vir die omgangstaal van die blanke grensbewoners 'n nuwe tydperk van "taalosmose", van uitwisseling, konsolidasie en, in 'n mate, lokaliteitsgebondenheid van taalvorme.

Raidt beweer dat, 7) ten spyte van die gebrekkige kommunikasie met die buitewêreld en die eenvoudige lewe in afsondering, "... 'n hoë mate van natuurlike innerlike beskawing" en "...die vereistes vir /.....lidmaatskap

5) Raidt, E.H.: Afrikaans en sy Europese verlede, p.197.

6) Ibid, p.198.

7) Ibid, p.90.

lidmaatskap van die Kerk" wat, om „aangeneem" te word, 'n "dwingende behoefte om die Bybel te kan lees" by elke volwasse burger laat ontstaan het, die Afrikaners van die grensstreke van volslae ongetletterdheid en verwilderings gered het.

Met die groot volksverskuiwing van die Emigrante van die Groot Trek tussen 1834 en 1837 is 'n nuwe taalstroming uit die oosgrensgebied in noord-oostelike rigting ingelui - die Trigardt-trek uit Somerset-Oos, die Van Rensburg- en Sarel Celliers-trek uit Colesberg, die Potgieter-trek uit Tarka, die Maritz- en Pretorius-trek uit Graaff-Reinet, die Retief-trek uit die Setlaarshartland, Albanie, die Uys-trek uit Uitenhage en later die Landman-trek uit Alexandria.

Saam met die Nederlands van die Statebybel as "veldskooltaal" was die spreektaal van die Oos-Kaap dus die grondtaal van die noordelike spraakgebied. Daarom kan S.A.Louw ook beweer¹⁾: "Die taalkaart toon duidelik aan dat die taal van die noorde in hoofsaak gebaseer moet wees op dié van die oostelike dele van die Kaapprovinsie."

Ongelukkig het die ontruiming van die oosgrensgebied deur so baie koloniste die spreektaal van die agterblywendes byna onbeskut gelaat teen verswelging deur Engels, veral nadat die Kaap in 1814 finaal 'n Britse besitting geword het, want die 19de eeu was juis dié tydperk van verbete pogings om Suid-Afrika eentalig Engels te maak. Hieroor sê Coetzee²⁾: "Dwarsdeur die negentiende eeu sien ons 'n vasberade poging om Engels te verhef tot algemeen beskaafde landstaal in Suid-Afrika. Deur wetgewing word Nederlands ver-

/....dring

1) Louw, S.A.: Dialekvermenging en Taalontwikkeling, p.72.

2) Coetzee, Abel J: Teenstellings in die Taal, p.19.

dring uit die geregshoue, die landsbestuur, die skole, en met 'n taamlik regstreekse „omweg" word dit gaandeweg ook die kerktal... Gerugsteun deur die staatsgesag, bygestaan deur sendinggenootskappe, handelsmaatskappye, banke, skeepvaartlyne word alle kanale waardeur die ekonomiese, staatkundige en geestelike lewe van 'n volk tot uiting kan kom, verengels."

Reeds sedert 1806 het die bedreiging van die beleid van verengelsing die koloniste bo die hoof gehang, 'n beleid "to promote and establish the cultivation of the English language to the greatest extent among young pupils of the highest rank, as the foundation upon which they will in their future life best make their way."¹⁾

Lord Charles Somerset het al in 1814 op voortvarende wyse 'n stelsel van vry Engelse skole in die lewe geroep waarin ingevoerde Engelse en Skotse onderwysers die eerste onderrig aan Afrikaanssprekende kinders moes gee. Daarom was dit te verwagte dat Engels tydens die 19de eeu Afrikaans sou binnedring.

Ten spyte van die behoefte aan beveiliging van die Oosgrens waar 'n reeks bloedige botsings met die Bantoe tot diep in die 19de eeu voorgekom het, was daar van owerheidsweë 'n volgehoue poging om "Nederlandsprekendes" van die Oosgrens af weg te hou. Daarom word in 1820 in die Suurveld, tussen die Sondags- en Visrivier in die distrik Albanie, 'n Engelssprekende anker van byna 5 000 setlaars uit Engeland en Ierland geplant. Dit sou mettertyd 'n versperring teen die ooswaartse verspreiding van Afrikaans word. Hierdie opsetlike diskriminasie, gepaard met die nasleep van die Swarte Omgang (1812) en die Slagtersnekepisode (1815), wat 'n bitter gevoel in hoofsaak onder koloniste in hierdie gebied nagelaat het, het intieme onderlinge verkeer tussen die twee taalgroepe tydelik gestrem.

/...."Deurdad

¹⁾Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, (aangehaal) p.7.

"Deurdat die Engelse die land besit en regeer het, het dit hul nasiegenote 'n sterk gevoel van eiewaarde of selfs meerderwaardigheid geskenk, wat weer 'n spoorslag was om hul eie geestesgoedere, soos hul taal, godsdiens, nasionale gewoontes en leefwyses hoog te hou en uit te leef," beweer Nienaber.¹⁾ Van owerheidsweë was daar planne vir verengelsing deur die onderwys en die godsdiens. Op 5 Julie 1822 vaardig lord Charles Somerset sy taalproklamasie uit, die sg. Ordonnansie nr.50. Vanaf 1 Januarie 1827 sal slegs Engels as amp telike taal van die regbank geld. Bowendien word met die Charter of Justice (1832) ook die Hof van Landdros en Heemrade op die platteland en die Burgersenaat in Kaapstad afgeskaf. In dieselfde jaar verdwyn ook die gevestigde en vertroude Weeskamer. Vir Hollandse gemeentes word Skotse leraars ingevoer - aan die einde van 1834 was 13 van die 23 diensdoende leraars van die Hollandse Kerk Skotte. Dit alles het meegewerk om verhoudinge te vertroebel. Die negrofilisme se gevolge het die geskokte koloniste hul eie magteloosheid laat besef en die wyse waarop die slawe vrygestel is, het sake op die spits gedryf en talle ontevredenes uit die Kolonie laat wegtrek.

Vir die voortbestaan van die omgangstaal was die belangrikste voortvloei sel uit die hele verengelsingsbeleid dat die agterblywende Boere hulle eenvoudig op hul plase teruggetrek het waar hulle byna geheel en al selfversorgend was en betreklik vry van Engelse invloed gebly het. Hiervan beweer H.J.J.M. van der Merwe²⁾: "Die waarde van die destydse boerebevolking vir die bewaring van ons taal en kultuur kan nie oorskat word nie." Hierdie houding van destyds verklaar moontlik ook die verskynsel wat vandag nog steeds in hierdie gebied aangetref word, naamlik dat 'n nuwe intrekker in die plaas-

/....-like

1) Nienaber, G.S. en P.J.: Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal, p.10.

2) op.cit., p.77.

like gemeenskap baie lank 'n "vreemdeling" bly, indien hy ooit werklik in die intiemer kring opgeneem word.

Daarby is die stryd aangeknoop teen Nederlands en is Afrikaans baie vroeg onskadelik gestel, wat vir die verengelsingsbeleid 'n taktiese fout was, want deur hom as patois en "kitchen Dutch" na die kombuis en die werf te verban, is sy behoud verseker. In hierdie verband wonder 'n mens welke belangrike ondersteunende rol die Afrikaanssprekende Hottentot- en Griekwagemeenskappe van Bethelsdorp, Alexandria, die Katriviernedersetting en elders vir die voortbestaan van Afrikaans vervul het. Selfs nou nog tref dit 'n mens in Grahamstad dat winkel- en ander klerke enige Kleurling in Afrikaans sal aanspreek en bedien, maar die blanke Afrikaanssprekende word in Engels aangespreek, selfs deur Afrikaanstaliges.

Scholtz¹⁾ wys ook daarop "dat die Hollandse koloniste van die begin af nie alleen bereid nie maar selfs gretig was om hul kinders die Engelse taal te laat leer waar die geleentheid daartoe bestaan het" en ²⁾ "dat De Zuid-Afrikaan vanaf sy verskyning op 9 April 1830 telkens nadruk lê op die noodsaaklikheid van goeie onderwys in Engels...."

De Zuid-Afrikaan het ook nooit uiting gegee aan enige klagtes oor die afskaffing van Nederlands as amptelike taal nie, selfs ook nie toe op 11 Maart 1853 die Kolonie 'n konstitusie kry wat bepaal (in artikel nr.89) "that all debates and discussions in the Legislative Council and House of Assembly respectively shall be conducted in the English language," ³⁾

Deur die stigting van privaat skooltjies het die ingesetenes daar-

/..... -mee

1) Scholtz, op.cit., p. 32.

2) Ibid., p. 34.

3) Ibid., p. 65.

mee voortgegaan om self so goed moontlik te voorsien in hul kinders se behoeftes aan onderwys in die Hollandse taal. Oor die algemeen was die koloniste, van altyd af daaraan gewoond om aan 'n ongeveer absolute gesag onderdanig te wees, aanvanklik tevrede met die Britse bestuur omdat hulle op stoflike gebied beter daaraan toe was en aangesien sake ook ordeliker verloop het. Op taktlose wyse het die Engelstalige koerante egter die Boere se omgangstaal later probeer doodsmoor, soos bv. The Cape Argus (1857): "As if the miserable, bastard jargon, which is the vernacular of this country, is worthy of the name of language at all...."1) en verder "....Let, then, your language and your nationality go, and believe us, you need not fear for your religion."2)

Geen volk of gemeenskap met selfrespek laat hom, sonder verset, so maklik deur 'n vreemde heerser van sy taal ontroof nie. Die koloniste, baie konserwatief met betrekking tot hul godsdienst, het taalwysiging op kerklike gebied beskou as uit die bose en heftig teenstand gebied. Tog was daar reeds 'n aansienlike getal invloedrykes wat bereid was om hul kulturele selfstandigheid op te offer ter wille van die verbroedering tussen die twee elemente, sodat 'n naamlose skrywer in De Kerkbode (1856)³⁾ pleit vir die toelating van Engels in Hollandse kerke aangesien "....Engels meer en meer veld wen en Hollands in Kaapstad, in die meer aansienlike dorpe en in die Oostelike provinsie in onbruik raak."

Vanaf 1865 is in die Groote Kerk in Kaapstad, in George, Vitenhage en ander Hollandse kerke in die Kaapkolonie dienste in Engels toegelaat en aan die begin van hierdie eeu het dit bittere onaangenaamheid gekos om dié dienste te beëindig. So het die Engelse taal hoe

/..... langer

1) Ibid, p.110.

2) Ibid, 111.

3) Ibid, 139.

langer hoe dieper ingedring in die Hollandse koloniste se huislike, maatskaplike en kerklike lewe.

Reeds op 1 Februarie 1832 is in The Cape of Good Hope Literary Gazette die meerderwaardigheid van Engels benadruk. "He whose good fortune it is to know English, possesses an air of gracefulness in his deportment which is not the case in one destitute of such acquirement. There is a sheepish, clownish, uncivilized look in the man un-English, whilst on the other hand, there is a polish of manners and a refinement of sentiment in the person whose privilege it has been to have been taught in an English school."¹⁾

Later (23-11-1838) het The Cape Argus dit selfs onomwonde gestel: "Our aim is to anglicise this colony, and that, we maintain, should be the Governor's also."²⁾

Onder sulke aanvalle is dit nie bevreemdend nie dat die Afrikaner sy taal begin aanvoel het as minderwaardig teenoor Engels, die simbool van kulturele superioriteit. Vir baie koloniste het dit teen 1850 al gelyk of die verdwyning van Hollands bloot 'n kwessie van tyd was en hulle spreektaal, Afrikaans, het hulle self nie erken nie en dit verag, omdat hulle in die waan verkeer het dat hulle nog Hollands praat. Scholtz meen dan ook³⁾: "Oorwegings van eie belang, materieel en maatskaplik, het ongetwyfeld baie Afrikaners daartoe gebring om hulle te skik in die wil van die magtigste party in die land en hul af te keer van en neer te sien op hul eie mense." Toestande het sodanig versleg dat Onderwyswet nr.13 van 1865 kon neerleë dat slegs Engels as voertaal in alle eerste- en tweedeklasskole gebruik mag word en na 'n jaar ook in die plattelandse skole.

/.... Solank

1) Ibid, p.112.

2) Ibid, p.199.

3) Ibid, p.137.

Solank die taal van die Kerk onaangetas gebly het en Nederlands ten minste 'n plek in die skool behou het, kon die Kapenaars Engels as voertaal van die openbare lewe aanvaar aangesien daar nog haas geen volksbewussyn bestaan het nie. Verengelsing is vergemaklik deur laksheid teenoor die eie taal en die samewerking van die koloniste wat die denasionaliserende uitwerking daarvan nog nie gesnap het nie, "want die Afrikaner was besig om sy taal te verloor en sake deur 'n Britse bril te sien, totdat die Engelse owerheid stom genoeg was om die Afrikaner se laaste bolwerk, sy kerk te probeer opslurp," skryf Van der Merwe.¹⁾

Voor 1865 het die gedagte aan Afrikaans as skryftaal blykbaar by niemand opgekom nie. Boniface, Meurant en Bain het dié taalvorm net vermaaklikheidshalwe gekies, nie ter wille van Afrikaans as volwaardige taal nie. Tog het Meurant die waarde van die volks-taal as kommunikasiemiddel ingesien toe hy dit later (1860 - 1861) vir 'n politieke doel gebruik het om sy Oos-Kaapse lesers van die wenslikheid van afskeiding te oortuig in die Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar....., eers in Het Cradocksche Nieuwsblad (1860) en later in pamfletvorm (1861). Hierdie eerste "boek" in die omgangstaal verskyn dus binne die grense van die ondersoekgebied. Dis ook interessant om daarop te let dat die meeste van die vroeë Afrikaanse stukke geskryf is deur Afrikaanskundige vreemdelinge. So was dit ook die optrede van die Hollanders Pannevis en Hoogenhout wat in die vroeë sewentigerjare tot die Eerste Afrikaanse Beweging aanleiding gegee het. In 1873 skryf C.P. Hoogenhout Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huis-souwens - die eerste Afrikaanse boek ná Meurant se pamflet.

/....Die Afrikaanssprekendes

1) op.cit., p.241.

Die Afrikaanssprekendes in die Kaapkolonie het hulle van hul Engelsprekende medeburgers onderskei deur 'n diepgaande belangstelling in die lotgevalle van hul volksgenote oorkant die Oranje en die Vaal. Dáár was Hollands, die moedertaal, nog die taal van die Kerk en die Staat. Weer eens het algemene landsgebeure soos die Britse inmenging teen die Vrystaat in die Basoetoe-oorlog (1868) die, vir die Vrystaat ongunstige, reëling in verband met die diamantveldkwessie (1872) die prikkel tot nasionale taalbewustheid verskaf. Die vertroue van die Kaapse Afrikaners in die billikheid en opregtheid van die Britse staatkunde het sy eerste ernstige skok gekry. Na die begin van 'n kragtige nasionale bewuswording in hierdie tyd het die taalstryd daar hoopvoller begin uitsien. Die klompie omwonendes van die Paarl wat teen die toenemende verengelsing in heftige verset gekom het, het 'n beweging aan die gang gesit wat van die allergrootste kulturele en politieke betekenis vir die Afrikanervolk sou word. Onder leiding van die ywerige en helder denkende S.J. du Toit is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op 14 Augustus 1875 gestig met die leuse: "Ons skryf so's ons praat" en met die doel om te staan "fer ons Taal, ons Nasie en ons Land." Nienaber beweer¹⁾: "Hul strewe was niks minder as opstand, kettery teen gevestigde houdings en oortuigings nie" en die betekenis van die GRA sien hy daarin dat dit 'n sametrekking van die kragte vir eendragtige optrede was en dat hierdie baanbrekers besiel was met 'n ware, dringende liefde vir die volkstaal en die nasionale saak. "Die GRA was 'n eksperiment wat van moed getuig en pragtige vrugte afgewerp het, ondanks sy foute en mislukkings.²⁾

Dit was egter nog geen volksbeweging nie en in hierdie streek het

/....dit seker

¹⁾ Opkoms van Afrikaans...., op.cit., p. 29.

²⁾ Ibid, p.44.

dit seker weinig invloed uitgeoefen. Sendeling William Shaw se woorde in 1860 was vir 1880 nog ewe waar: 1) "Thus the Eastern Province of the Cape of Good Hope is emphatically the British portion of the Colony...." en selfs van die oorwegend Hollandssprekende distrikte kon hy beweer: "English is, however, everywhere in the Eastern Province the prevailing language in the towns."

Daarby het hoe langer hoe meer Afrikaners in Kaapstad en op groter dorpe volledig tweetalig geword. Scholtz sê hieroor 2); "Eerbied vir die Britse ideale het by die Afrikaner hoe langer hoe meer gegeld bo trou aan die eie volksaard, en 'n geweldige skok was nodig om hierin verandering te bring."

Albanie het die kern geword van die uitstralingsgebied van die Engelse bevolking en van die Engelse taal en kultuur, maar Scholtz wys ook daarop dat daar van verengelsing op die platteland weinig sprake was 3): "Die boere op die plase het buite bereik van die verengelsende invloed gebly." Dit is 'n interessante verskynsel dat 'n mens vandag nog Afrikaanse boeregemeenskappe in hierdie omgewing as 't ware in "laers" of "taaleilandgroepe" aantref, bv. Riebeeck-Oos en die onmiddellike omgewing is oorwegend Afrikaans, maar oor 'n afstand van 35 kilometer tot by Grahamstad is al die boere Engels. Tot 30 kilometer wes van Riebeeck-Oos woon slegs Engelsprekendes voordat jy die Afrikaanse boere naby Kommadagga bereik. Dieselfde verskynsel word by Douglas Heights, Seven Fountains en elders in hierdie omgewing aangetref.

Die trekkery het die Afrikaners aan die Oosgrens gebring en daar is nog steeds op kleiner skaal 'n ooswaartse beweging aan die gang.

/.... Dit sal

1) Coetzee, Abel: Teenstellings.... (aangehaal), op.cit., p.36.

2) Scholtz, J. du P., op.cit., pp. 165 - 166.

3) Ibid, p. 100.

Dit sal interessant wees om oor ongeveer twintig jaar 'n moment-opname te maak om vas te stel wat in hierdie verband die gevolg van die onafhanklikwording van die Transkei- en Ciskeituisland sal wees.

Met die ontdekking van diamante, goud en ander delfstowwe soos steenkool, asbes, mangaan, ystererts, ens. het die belangstelling en die ekonomiese oorwig na die noorde verskuif. Die Eerste Vryheidsoorlog (1880 - 1881) het 'n hernieude nasionale oplewing tot gevolg gehad, maar geleidelik het S.J. du Toit en die GRA-weekblad, Di Patriot, al minder invloed uitgeoefen. Selfs die tydskrif Ons Klijntji kon nie voldoende belangstelling opwek om die Afrikaanse Beweging nuwe lewe in te blaas nie. Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitbreek, was die GRA op sterwens na dood. As gevolg van die traumatiese uitwerking van gebeure aan die einde van die vorige eeu in die twee Republieke kon verengelsing in Kaapland betreklik rustig sy gang gaan.

Ná 1900 was die toekoms van die Afrikaner en van sy spreektaal so donker soos nog nooit tevore nie. In die Kaapkolonie het Afrikaners dikwels met mekaar Engels gepraat anders is hulle as "torrerig" en beledigend teenoor die aangesprokene beskou. Van owerheidsweë is alles in die werk gestel om die gebruik van Hollands te ontmoedig en die Afrikaners van hul tradisies en instellings los te maak. In die besette republikeinse gebied is die burgers hul taalregte ontnem. Eers lord Milner se hernieude pogings ná 1900 om die "Afrikaners volgende jaar almal Engels te maak" het die nodige ontwaaking gebring. Maar nou moes 'n heftige stryd ook nog gevoer word teen die suster- en kerktaal, Nederlands, wat destyds 'n ewe vreemde taal in die omgang was.

Gelukkig was die Tweede Afrikaanse Beweging 'n volksbeweging waar-

/.... in dit

in dit aan leiers en ondersteuning uit alle oorde nie ontbreek het nie. "Die wese van 'n volk is innerlik, nie uiterlik nie; is sielkundig, nie fisies of maatskaplik nie! - 'n Menigte mense word alleen 'n nasie as hulle één van siel en één van sin word," sê prof. Boshoff.¹⁾ Die langsame ontkieming van 'n nasionaliteitsgevoel in die sewentigerjare van die vorige eeu kom nou tot volle wasdom. Op die pad na staatkundige eenwording op 31 Mei 1910 word ook die moontlikheid geskep om die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909 te stig. Naas Engels bly Hollands egter nog die amptelike taal.

As redakteur van die Oudtshoornse koerant Het Zuid-Westen maak C.J. Langenhoven reeds vanaf 1912 klinkende propaganda vir Afrikaans. Aan hom kom die eer toe om as kampvegter vir Afrikaans die Kaapse Provinsiale Raad daartoe oor te haal om in April 1914 Afrikaans in die plek van Hollands tot en met st.IV goed te keur en om die Akademie van die idee van Afrikaans as voertaal te oortuig.

Die uitbreek van die Wêreldoorlog en die Rebelle in Suid-Afrika (1914) laat 'n vloedgolf nasionalisme oor die land spoel, met 'n gevolglike verhewigde politieke lewe en kulturele handhawingsdrif. Nuwe verenigings skiet oral op, en met die verwydering van die ver naamste struikelblokke seëvier die beginsel van moedertaalmedium oor byna alle teenstand en hindernisse. In 1918 - 1919 word Afrikaans ook as studievak aan universiteite ingevoer. Deur die Hollandse kerke word Afrikaans as kanseltaal aanvaar en vanaf 1923 word daar gewerk aan die Afrikaanse Bybelvertaling uit die oorspronklike tale. Eers in 1925 word bepaal dat Afrikaans naas Engels die amptelike taal sal wees. Die hele Staatsdiens met al sy ver-

/.... takkinge

¹⁾ Boshoff, S.P.E., op.cit., p.65.

takkinge word daarmee vir Afrikaans oopgestel. Die hoogste triomf van Afrikaans volg in Mei 1933 met die verskyning van die volledige Afrikaanse Bybel.

Amptelike erkenning het nie beteken dat Afrikaans meteens 'n volmaakte instrument geword het nie. Die boeretaal moes "gebrei" word om by die behoeftes van 'n vinnig ontwikkelende kultuur, nywerheid en wetenskap aan te pas en die sterk oplewing van Afrikaans het eintlik maar eers vanaf 1920 gekom. Die snelle ontwikkeling van sy gebruiksfere het 'n oordrewe vertaalbedrywigheid tot gevolg gehad. Afrikaans het selfs gevaar geloop om 'n kunsmatige vertaaltaal te word. Geleidelik is die geweldige agterstand ingehaal deur ekwivalente vir Engelse vakterme of uit Nederlands oor te neem of self te maak. Vandag beskik hy op die meeste vakgebiede oor die nodige terminologie. 'n Suiweringsproses moes eers deurgemaak word en Afrikaans moes, en moet nog steeds, sy plooibaarheid en skeppingsdrang toon.

Die pionierstaal moes besonder skielik die oorgang deurmaak tot draer van staatsgesag, kuns, wetenskap, tegniek, handel, nywerheid en elke vertakking van die verhewigde moderne lewe. Hy is aan spanninge onderwerp, maar met sy mondigwording het Afrikaans en sy gebruikers begin loskom van die minderwaardigheidsgevoel wat hom en hulle soveel jare lank geknel het. Nou ontstaan die vraag: "Hoe handhaaf die omgangstaal hom in die huidige tyd en het die jarelange afsondering en beïnvloeding enige kenmerkende letsels op die spreektaal in hierdie ondersoekgebied gelaat?"

oooooooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK II.

Gegewens uit die Afrikaanse Taalatlas.

A. Inleiding:

Omdat professor S.A.Louw, samesteller van die Afrikaanse Taalatlas, met die verskyning van die eerste kaarte in 1959, aan medewerkers verduidelik het dat: "Wat die taalkaarte aandui....natuurlik lank nie volledig (kan) wees nie," het ek dit goedgevind om in die eerste plek ondersoek in te stel na die verspreiding van woorde wat in die Taalatlas opgeneem is. Aangesien gewestelike verskynsels in die Afrikaanse spreektaal juis op leksikale vlak die grootste verskeidenheid toon, sou so 'n opname meteens goed inpas by die doel van hierdie navorsing. Dit sluit toevallig ook aan by Louw se verduideliking dat die land "...ongelykmatig met waarnemingspunte gedek is," want vir sommige woorde is gegewens uit hierdie streek min en ek kon hopelik meehelp om die net effens digter te trek. Ek het my egter nie gewaag aan die trek van isoglosse nie. Dit sal veel intensiewer navorsing verg as wat hierdie studie maar enigsins kan hoop om te wees.

Vir hierdie opname is 22 van die woorde in die Taalatlas uitgesoek en die resultate word onder drie hoofde ingedeel:

- (a.) Woordvorme vir hierdie streek op Taalkaart nr. ...Aflewering aangedui en hier ook aangetref.
- (b.) Woordvorme vir ander streke aangedui, maar hier ook aangetref.
- (c.) Woordvorme hier aangetref, maar nêrens op die kaart aangedui nie.

Hier wil ek onmiddellik ook byvoeg dat daar etlike woordvorme op die Taalkaarte verskyn wat ek met my opname nie kon opspoor nie, soos bv. steekjacks (vir knapsekêrel), dibbeltjie, kafferdubbeltjie, pêreduwzeltjie, beeswagtersny, voortrekkersny en ander.

Om moontlike latere aanvulling van die Taalkaarte te vergemaklik,

/.... sal

sal dit nodig wees om deurgaans aan te dui presies in watter omgewings bykomende gegewens opgeteken is en daarom sal, om ruimte te bespaar, (ook in volgende hoofstukke) van die onderstaande afkortings van plekname gebruikgemaak word:

Gamt.(Gamtoosvallei); P.E.(Port Elizabeth); Desp.(Despatch);
Uit.h.(Uitenhage); J.ville(Jansenville); S.ville (Steytlerville);
Coe. (Coega); Kirkw. (Kirkwood); Sunl.(Sunland); Aberd.(Aberdeen);
Gr.Rt.(Graaff-Reinet); Colch.(Colchester); K.dagga (Kommadagga);
Som.O.(Somerset-Oos); Crad.(Cradock); Pat.(Paterson); Alex.(Alexandria); Bok.(Boknes); Boesm.(Boesmansriviermond); P.Alf.(Port Alfred);
A.dale (Alicedale); Gr.st.(Grahamstad); Sal.(Salem); Rieb.O.(Riebeeck-Oos); F.Brown (Fort Brown); Kom.t.(Komiteesdrif); Doug.H.(Douglas Heights); Carl.b.(Carlislebrug); Bedf.(Bedford); Adel.(Adelaide);
F.Beau.(Fort Beaufort); Seym.(seymour); Balf.(Balfour); Ped.(Peddie);
King.(Kingwilliamstown); Berl.(Berlin); K.Beach (Kidd's Beach);
O.L.(Oos-Londen); Stutt.(Stutterheim); Cath.(Cathcart); Queens.
(Queenstown); Sterkst.(Sterkstroom); S.burg (Steynsburg); Hofm.
(Hofmeyr) ; Noup.(Noupoort); De A.(De Aar); Ind.(Indwe); Ell.
(Elliot).

Waar geen nadere besonderhede gegee word nie, beteken dit eenvoudig dat dié bepaalde woordvorm in die spreektaal oor die hele gebied redelik algemeen voorkom. Die oorwegende gebruiksvorm(e) word by benadering met 'n persentasie aangedui; ander, met 'n lae frekwensie, word met 'n getal aangedui. Daar moet egter onthou word dat dieselfde informant dikwels twee of meer spreektaalvorme verstrek, bv. bobbejaán x bòbbejaan; motreën x misreën x kwietsja x stuif.

Elke gegewe word as afsonderlike feit beskou en opgeneem.

/.... B. Die groep

B. Die Groep Taalatlaswoorde:

1. bobbejaan: (Taalkaart nr.1 Aflewering 1.)

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

bobbejaan (80%); bòbbejaan (19%); bojaan (8)= Gr.st., O.L., Rieb.O., Som.O., Ind.; bobjaan (4)= Gr.st., Alex., Balf.; bobiaan (1)= Gr.st.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

bobbejan (2) = Sunl., Stutt.; bobjan (1) = De A.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

bajaan (1)= King.; umfêna (2)= Balf., Alex.; kranswagter(1)=Gr.st.

2. hoephoep: (Taalkaart nr.2 Aflewering 1):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

hoephoep (82%); boboi (24,3%); hoepoe (18); hoephoepie (14); hoepie (3)= Gr.st., P.Alf., Uit.h.; hoepie-hoepie (1)= Gr.st.; woepwoep (3)= Kirkw., Rieb.O., O.L.; houtkappertjie (8)=Alex., Pat., Boesm., Carl.b., Sunl., Gr.st., Sterkst., Cath; koekoek (1)= King.; hoepoep (1)= Rieb.O.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

pietjie-hamerkop (1)= P.E.; kamvoëltjie (1)= Gr.st.; doringkuif (1)= Gr.st.; nagmerrie (1) = Hofm.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

koekammetjie (1) = Crad.; hoephoe (1)= Doug.H.

3. knapsekêrel: (Taalkaart nr.3 Aflewering 1):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

wewenaar (50%); wedevrou/-vrouens (38%); wedewee (9); klitse(6)= Boesm., Gr.st., Ped., Stutt., Cath., Sterkst.; boesmanpyle(3) = Sunl., Bedf., Kom.t.; steekgoed (1)= S.burg.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

kakieklits (16)= J.ville, P.E. tot King.; klitsgras (7)=Kirkw.,

/.... Gr.st.,

Gr.st., Ped.; kakiebos (9)= Alex., Gr.st., Kom.t., K.Beach ;
swartklits (1)= King.; wewenaarsbos(sie)(6)= Pat., Gr.st., O.L.,
Queens.; ouwywe (2)= Gr.st., De A.; knapsekerwel (1)= Gr.st.;
knapsekêrel (7)= Gr.st., Rieb.O., Kom.t., O.L.; knapsakkêrel(3)=
Sunl., F.Beau., Ped.; knapkêrel (1)= Gr.st.; predikant (1)=Gr.st.;
predikantsluis (2) Gr.st., A.dale.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

luisgras (2)= Gr.st.; klitsbossies (1)= Gr.st.; sweethearts(3) =
Gr.st.; steekgras (1)= Alex.; blackjack (1)= Gr.st.; maerjan (1)=
Pat.; knapsekelder (1)= Gr.st.

4. hanekam: (Taalkaart nr.4 Aflewering 1):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

hanekam/hannekam (80%); varkkos (19); varkbos (5); tjoet (14)=
Ell., Ind., Queens., Stutt. tot in Gr.st./Rieb.O.; misbredie(13).

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

tongblaar (14); rooistingel (2)= Gr.st., Seym.; rooibossies (1)=
Sterkst.; kalkoenbelle (1) = Gr.st.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

olifantkos (1)= P.E.; kabossie/mtkabos (8)= King., Balf., Gr.st.,
Alex., Pat., Sunl.; ostong (1)= Alex.

5. duwweltjie: (Taalkaart nr.5 Aflewering 1):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

duwweltjie (54%); diwweltjie (29%); dubbelkie (30); dubbeltjie(18);
duiweltjie (5) = Aberl., K.dagga., Gr.st.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

pêredoring (1)= Pat.; beesduwweltjie (1)=Bedf.; beesdoring (1)=O.L.
volstruisdoring (1)= Gr.st.; dorings (1)= Gr.st.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

duwwelkie (2)= Kom.t., Alex.; dobbeltjie (1)= O.L.; kakiebos (1)=

/.... Doug.H.

Doug.H.; wewenaar (1)= Doug.H.; diwwelkie (1)= Gr.st.; bokdiwwelkie (1)= Gr.st.; koensana/nkunzana (2)= King., Ped.

6. koffiemeul: (Taalkaart nr.7 Aflewering 2):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

koffiemeul (56%); koffiemeel (3); koffiemeultjie (1)= Gr.st.;
meultjie (4) = Som.O., Gr.st., Stutt., Ind.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

koffiemeule (31%); koffiemele (28); meule (3)= O.L., Ped.;
mele (1)= Rieb.O.; koffiemeulens (1)=Gr.st.; meuletjie (1)=Gr.st.;

c. Geen voorbeelde hier.

7. tolletjie: (Taalkaart nr.11 Aflewering 3):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

tolletjie (87,2%); tol (10%)(na gelang van grootte); houtjie (5)=
Sunl., Gr.st., Stutt., Doug.H.; rolletjie (11)= Sunl., A.dale,
Gr.st., Doug.H., K.Beach., O.L., Stutt., Ind., De A.

b. Geen voorbeelde hier.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

rol (1)= Gr.st.; tollek (1)= Stutt.; garetolletjie (1)=Alex.;
garetol (2)= Gamt., Gr.st.

8. wenakker: (Taalkaart nr.13 Aflewering 3): Hier kon in 'n mate misverstand ontstaan het, aangesien geen aanduiding gegee is of daarmee bewerkte of onbewerkte wenakker bedoel word nie.

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

wenakker (75%); winakker (20%).

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref.

dwarsakker (17); kopakker (3)= Balf., Ped., O.L.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

draaiakker (1)=K.Beach.; randakker (1) = Rieb.O.

9. motreën: (Taalkaart nr.16 Aflewering 4):

/.....a. Woordvorme

- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
motreën (66%); misreën (48%); stuif/stuifreën(36%); kwietsja/koetsja/kwieksja (27%); jakkalstrou (18); misweer (7);
misdou (2)= Gr.st., Rieb.O.; jakkalispis (1)= Ind.
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
dit sous (15), maar met graadverskil waar sous harder reën beteken; kabie/kebie (3)= Rieb.O., Gr.st., O.L.; bokverdriet(1)=Aberd.;
skotse dou (1)= Doug.H.; doureëntjie (1)= Balf.; sebie(1)=S.ville,
kiesa (1)= Gr.st; tjiesa (1)= Alex.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
dit dou (3)= Carl.b., F.Beau., K.Beach.; oumeid-se-reën(1)=Alex.;
lek-my-gat-reën (1)=Noup.; hoenderpis(in droogtetyd)(1)=Sterkst.
drizzle (1)=O.L.; hotnotsplesier (1)= Langk.; hotnotsblymaak(1)=
Oudtshoorn; flaaipie (1)= Pat.; perreffien (algemeen aangetref
in die streek vanaf Elliot tot by Sunl.= motreën in droogtetyd.)
10. varkblom (Taalkaart nr.19 Aflewering 4):
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
varkoor (50%); varklelie (35%); varkblom (26%); aronskelk (17%);
varkoorlelie (1)= Queens.
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
lelie (3)= Gr.st.; varkiesblom (2)= Kirkw., Kom.t.; arumlelie(1)=
Kom.t.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
kebieblom (1); kabie (1)= Langk. (vir blom en ook vir plant, bv.
"Ek gaan gou vir die varke kabie sny." ; varkkos (1)= Adel.;
aronskelk (1)= Gr.st.
11. maswerk (Taalkaart nr.22 Aflewering 5):
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
kniehalterknoop (49%); kniehalterslag (32,5%); knelterslag (16);
slag (11); maswerk (10).

- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
vastrekknoop (9); kniehalter (3)= Gr.st., Doug.H., Ind.;
hingselknoop (1)= O.L.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
pêreknoop (1)= Gr.st.; kniejaltersslag (1)= Bedf.; hoerknoop (1)=
Balf.; kneltersknoop (1)=Kirkw.
12. dik sny brood (Taalkaart nr.28 Aflewering 6):
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
skaapwagtersny (72%); homp (36%).
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
veewagtersny (8)= Gr.Rt., P.E., Adel., Gr.st., Rieb.O.; diksny(5)=
Grad., Gr.st., P.Alf.; wagtersny (1)= Ped.; sooi (1)= Gr.st.;
bekrekker (1)= O.L.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
herdersny (1)= Gr.st.; zooi (1)= Gr.st., wig (1)= Gr.st.;
katkop (1)= Gr.st. (Hier algemeen vir brood); dagwood (2)=Ped.,
Gr.st.; bekbreker (2)= King., Queens.; hamme (1)= Gr.st.;
weeskindsny (1)= Gr.st.; sny vir die vrate (1)= J.ville; omsny(1)=
J.ville; volksresoen (1)= Alex.; kaffersny (1)= P.E.;
outasny (1)= J.ville.
13. lewerik:(Taalkaart nr. 29 Aflewering 6.):
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
vlakkoester/-koestertjie (22%); vlakkoetsie (9%); koester(4)=
Pat., Gr.st., Ind.; vlakvoëltjie (2)= Bok., Cath.
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
toktokkie (36%); lewerk (15%); lewertjie (1)= Stutt.;
koes-koester (13); donderweervoël (2)= Pat., Ped.; kalkoentjie(1)=
Boesm.; reënvoëltjie (2)= Adel., Seym.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
/....koestertjie

koestertjie (5)=De A., Queens., O.L., Gr.st.; vlakkoetser(2)=
Gr.st., Queens.; lewerikkie (4)= Boesm., Gr.st., O.L.;
leeurykie (1)= O.L.; koetserkie (1)= A.dale; koetsertjie (2)=
Boesm., Sterkst.; ghwanqwe (1)= K.Beach.

14. hoi-hoi (By aankeer van osse.)(Taalkaart nr.31 Aflewering 7.):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

hoi-hoi (36,7%); hokaai (8); hoi (3)= Gr.st., F.Brown., Pat.;
hook (1)= Kirkw.; hook-hook (1)= Bedf.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar hier ook aangetref:

hook-hanou (25,5%); hooi-hooi (14); hoei (1)= Gr.st.; hoo-nou(1)=
Gr.st.; hoop-hoop (Carl.b.)

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

hok-haai (8); hok-hoi (7)= Gr.st., Ped., F.Brown., Bok., O.L.;
hop-hop (2)= K.dagga; Gr.st.; hok-hanou (1)= De A.; hok-nou(1)=
Cath.; kom-kom-kom (1)= Bedf.; 2 kort fluite (1)= Ind.,
manga (1)= O.L.; hiesa (1)= Gr.st., hoei-hoei (1)= Stutt.;
hoi-ja (1)=Adel.; wai-wai (1)= Ped.; wy-wy (1)= King.; hoop (1)=
Boesm.; woi-woi (1)= K.Beach.

15. koeksisters:(Taalkaart nr.32 Aflewering 7.):

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

koeksisters (75%); koesisters (27); koeksusters (24); boer-
kaiings (12); koeksiesters (5)= Aberd., Gr.st., O.L., Doug.H;
krulopsolders (2)= Alex., Gr.st.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

wildebeeskaiings (1)= Alex.; stroppies (1)= Gr.st.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

vlegsels (1)= O.L.; koeksesters (1)= Rieb.O.

16. elmboogbeentjie:(Taalkaart nr.35 Aflewering 7.)

/....a. Woordvorme..

- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
elmboogbeentjie (22,7%); einabeentjie (22,6%); gottabeentjie(17%);
virneukbeentjie (14,4%); moerskontbeentjie (9)= Gr.Rt., Crad.,
K.dagga, P.E., Sunl., Bedf., Doug.H., Gr.st., O.L.; funnybone(8)=
Gr.st., Sal., Carl.b., Bedf., Cath.; ogottabeentjie (1)=F.Brown;
magottabeentjie (1)= Gr.st.; bliksembeentjie (1)= Seym.
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
gonnabeentjie (19); skokbeentjie (13); sjokbeentjie (8);
dêmitbeentjie (2)= Gr.st., King.; seerbeentjie (1)= King.;
engelsmannetjie (1)= Gr.st.; snaaksebeentjie (2)= Gr.st., King.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
gonjabeentjie (1)= Gr.st.; lekkerkrybeentjie (1)= F.Beau.;
drilbeentjie (1)= Stutt.; gotsobeentjie (1)= Balf.; einatoggie(1)=
O.L.; o-my-gottabeentjie (1)= O.L.; vrou-dood-beentjie (1)=Gr.st.;
lagbeentjie (2)= Gr.st., O.L.; o-gonnabeentjie (1)= Gr.st.
17. opdraand:(Taalkaart nr.41 Aflewering 9.)
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
opdraand (85%); opdraan (5)= Alex., Gr.st., Ped.
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
uitdraand (8)= De A., K.dagga, Sunl., Gr.st., King., O.L.;
opdraans (7)= Gr.Rt., Gr.st., O.L., Stutt., Sterkst.; opdraande(5)=
F.Brown, Cath., Berl., Balf.; bult (1)= P.E.; bult uit(1)=Alex.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
opdrant (2)= Aberd., Stutt.; steil hoogte (1)= Gr.st.; stootjie (2)=
Pat., Willowmore; gamps (1)= Som.O.; tkiena (1)= Som.O.;
hoogte op (1)= Gr.st.
18. eintlik:(Taalkaart nr.43 Aflewering 9.):
- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
eintlik/eientlik (92%); eigenlik (5); eigentlik (1)= Gr.st.;
- /.... eindelik...

eindelik (1)= O.L.; eentlik (1)= Rieb.O.; inklik (1) = Gr.st.;
intlik (5)= A.dale, K.dagga, Gr.st., Rieb.O., Balf.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

einlik (2)= Gr.st., De A.; einklik (2)= Gr.st., Stutt.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

eintlíks (1)= Queens.; entlik (1)= O.L.; uintlik (1)= Gr.st.

19. soontoe:(Taalkaart nr.44 Aflewering 9.)

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

soentoe (34,3%); sountoe/souentoe (28,5%); soontoe (25%);

soëntoe (1)= Gr.st.

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

soointoe (14,5%); scheentoe (14).

c. Geen voorbeelde hier.

20. karmenaadjie:(Taalkaart nr.47 Aflewering 10.)

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

kernaadjie (30%); karmenaadjie (15,6%); karmonaadjie (14,7%).

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

karnaadjie (33%); kremenaadjie (18); kamenaadjie (3)= Gr.st.,
Balf.; kramanaadjie (1)= Gr.st.

c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:

kernaaitjie (4)= K.dagga., Bedf., Gr.st., Cath.; karnaaitjie(1)=
F.Beau.; kornaadjie (2)= A.dale, Doug.H.; ribbetjie (1)= King.;
tjop (1)= Gr.st.

21. verkleurmanneltjie:(Taalkaart nr.48 Aflewering 10.)

a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:

verkleurmanneltjie (57,6%); verkleermanneltjie (14); trapsoetjies
(37%); trapsuutjies (19); trapsietjies (3)= Aberd., Som.O., Gr.st.;

b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:

veldversleg (1)= Alex.

/....c. Woordvorme...

- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
velverneuk (1)= Alex.; soetjiesrapper (1)= Rieb.O.;
soettrappie (1)= King.

22. kiepiemielies: (Taalkaart nr.50 Aflewering 10.)

- a. Woordvorme vir hierdie streek aangedui en hier aangetref:
springmielies (86%).
- b. Woordvorme vir ander streke aangedui, maar ook hier aangetref:
kuikenmielies (16); kiepiemielies (30); kiepmielies (1)=Gr.st.;
kiepkiepmielies (1)= Gr.st.; skietmielies (5) = Gr.Rt., Rieb.O.,
Queens., O.L.
- c. Woordvorme wat nêrens op die Taalkaart aangedui word nie:
popmielies (2)= Gr.st., O.L.; (ook popkoring); rysmielies(1)=
Rieb.O.; kiebiemielies (1)= Balf.; popcorn (3)= Gamt., J.ville,
Cath.; ghatsjoe (1)= Boesm.

C. Gevolgtrekkings en Kommentaar:

Bevindings hier onderskryf baie beslis Louw se woorde: "Verskillende taalkaarte toon duidelik dat daar in ons taalgebied 'n lewendige proses van taalvermenging aan die gang moet wees." Hierdie momentopname dui daarop dat die onderhawige streek eintlik beskou moet word as 'n menggebied en nie as 'n uitstralingskern van woorde en uitdrukkings in die spreektaal nie. Vanuit die weste en noorde dring Afrikaanse vorme en segswyses die gebied binne, vanuit die ooste vind 'n snelle verspreiding van Xhosa-woorde plaas en binne die grense van die gebied tier anglisistiese invloede welig, soos gesien kan word aan die volgende:

Xhosa-invloed:

umfêna (bobbejaan), boboi (hoephoep), tjoet x
mtkabos x kabossie (hanekam), koensana x nkunzana (duwweltjie),
/.... kwietsja..

kwietsja x koetsja x kwieksja x kiesa x tjiesa (motreën), manga (osse aankeer), ghatsjoe (springmielies), ghanqwe (lewerik).

Engelse invloed:

hoepoe (hoephoep), sweethearts x blackjack (wewenaar), drizzle (motreën), flaai pie x perreffien (motreën in droog-tetyd), arumlelie (varkoor), dagwood (dik sny brood), funnybone x sjokbeentjie (elmoogbeentjie), popmielies x popkoring x popcorn (springmielies), en selfs varkkos x varkbos (hanekam: Eng.= pigweed).

Weliswaar is die frekwensie van sommige leenwoorde en verafrikaans-te leenvorme nog baie laag, sommige word slegs sporadies deur enkelinge gebruik, en dit kan dui op uitskakeling en inperking, maar woorde soos boboi, kwietsja, hoepoe en sjokbeentjie het byna al oor die hele gebied versprei. Ek het Afrikaanssprekendes teëgekom wat nie weet wat 'n hoephoep is nie, maar die boboi goed ken, terwyl kwietsja die algemeen-gebruiklike benaming is van Maclear af suid-weswaarts tot by Kingwilliamstown en in die res van die gebied ook taamlik dikwels gehoor word. Aan die ander kant is benaminge soos kabie/kebie, varkiesblom, hanou, soointoe, ens. weer die gebied aan die binnedring uit die weste en noord-weste.

Gegewens uit die lyste staaf ook opnuut Louw se mening dat dit 'n gewone verskynsel is "dat o.a. by plante en diere dieselfde woord in verskillende streke die naam is van glad verskillende dinge," bv. houtkappertjie (vir hoephoep) wat in die Karoo en by ander sprekers hier 'n ander voëlsoort is. Dieselfde geld vir kakiebos x klitsgras x luisgras x predikantsluis (vir wewenaar); tongblaar x ostong (vir hanekam); wewenaar x kakiebos (vir duwweltjie), e.a.

"Op sommige gebiede heers daar 'n opvallende gebrek aan kennis by die spraakmakende gemeente," meen Louw tereg. Dat hanekam en wen-akker en kniehalterslag by talle sprekers byna of totaal onbekend /.... is..

is, is te begrype. Selfs die lewerik (koestertjie) is in sommige streke blykbaar haas onbekend, terwyl elmboogbeentjie 'n baie lae frekwensie toon.

Tipiese streektaalverskynsels word in 'n latere hoofstuk bespreek, maar dit is tog verbasend dat Louw geen voorbeelde van dit sous(15), toktokkie (vir lewerik)(36%), hook-hanou (25,5%), karnaadjie(33%), koffiemeule (31%), koffiemele (28), gonnabeentjie (19), soointoe, ens., vir hierdie streek opgeteken het nie. By 'n beskouing van die name van Louw se segsmanne soos aangedui onder die hoof:

"Sistematiese lys van plekke volgens die nommers op die grondkaart met die name van medewerkers," blyk dit dat die inligting vir die KU- en KV-streek veral deur onderwysers(-esse) verstrekkend is. My ondervinding is dat onderwysers, tensy hulle in daardie streek opgegroeï het, beslis nie altyd bewus is van wat alles in die spreektaal lewe nie, nie uit onoplettendheid nie, maar omdat omstandighede hulle nie altyd of dikwels met die "tipiese" streektaalgebruikers in aanraking bring nie. Ek het self talle woorde en uitdrukkings in hierdie streek se omgangstaal vir myself "ontdek" terwyl ek met hierdie ondersoek besig was, soos die Aanvullende Lys dan ook toon, en ek het darem baie jare lank in hierdie streek beweeg, vakansies deurgebring en onderwys gegee.

Dieselfde verskynsel vind 'n mens ook in die gegewens van G.R. von Wielligh in Ons Geselstaal (1925) vir hierdie streek, pp.200-207. Hy het sy woordelyste hoofsaaklik aan predikante gestuur en dis bekend dat met "Dominee op Huisbesoek" anders gepraat word as in die gemoedeliker atmosfeer van die huislike kring.

74% van die ingevulde lys vir hierdie verwerking kom van boorlinge van hierdie streek. Die orige intrekkers kon as waarnemers tog ook interessante inligting m.b.t. die spreektaal verstrekkend.

HOOFSTUK III.

Voordat grammatikale, fonetiese en ander verskynsels in besonderhede bespreek word, gee ek in hierdie hoofstuk eers 'n uiteensetting van alles wat die tweede afdeling in Vraelys A (vanaf aandete tot by skoolhou, pp. 12 - 14) opgelewer het. Soos in Hoofstuk II word die hoogste frekwensies met 'n persentasie aangedui. Lae frekwensies word slegs met 'n getal aangedui. Elke gegewe word as afsonderlike feit beskou, al gee die medewerker ook twee of meer vorme. Omdat sommige woorde so 'n algemene spreiding toon en daar buitendien geen of weinige afwykings/wisselvorme daarvan voorkom, word hulle heel aan die begin net genoem en daar gelaat.

Die volgende afkortings word gebruik waar daar na die betrokke werke verwys word:

- AWS = Die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.
B & N = Afrikaanse Etimologieë. (Boshoff en Nienaber.)
HAT = Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.
WAT = Woordeboek van die Afrikaanse Taal. (Dele I - V.)

A. Woorde wat nie verderaan behandel word nie:

renoster (93,3%), annoster (6,1%), arnoster (7). Omdat die vraelys dit nie duidelik stel of die diersoort of die bossie bedoel word nie, kon twyfel ontstaan het en gevolglik word dit in verdere besprekings veronagsaam.

skoelapper (75,7%) x skoelapper (29%). AWS erken albei, p.266.

Slegs 1 medewerker het skoelapper x skoelapper x vlindertjie genoem; 1 geval van skoelapper is opgeteken (P.E.)

distrik (algemeen, met slegs 3 wat distrek en 1 wat streek noem).

appelkoos (algemeen, met slegs 3 wat apperkoos aandui).

skielik (71,4%) x skierlik (36%) AWS noem albei, p.266, en die spreiding is na verhouding eweredig oor die hele gebied.

/.... bosduif

bosduif: WAT I p.500; HAT p.82. (87,7%); kransduif (nie genoem in HAT) (36,5%); opmerkings en volledige verduideliking deur medewerkers dat dit twee verskillende soorte duiwe is. kringduif (9). soontoe x soheentoe is reeds in die eerste deel van die vraelys gestel en die spelling is net soontoe x soheentoe (AWS p.271), maar sprekers in hierdie streek sê: soentoe (34,3%), sountoe(28,5%), soontoe (25%), soointoe (14,5%), soheentoe (14%).

sooibrand (algemeen, behalwe suur (5), suurbrand (1), swybrand (1), sybrand (1)=(J.ville, deur Kleurlinge).

B. Die orige woorde en uitdrukkings:

aandete (52%) x sopper (70,8%); net aandete alleen (25,7%), net sopper alleen (43%); sapper (9)= Gr.st., Kom.t., P.E., Gr.Rt., Crad., O.L., Queens.; dienar, maar hier kon twyfel bestaan het of aand- of middagete bedoel word, aangesien vir lg. dikwels dinner x dienar gehoor word.

heuning (72,2%), hunning (26%), heening (19,5%), henning (10)= De A., J.ville, Som.O., Bedf., Adel., F.Beau., Gr.st., Rieb.O. Professor Louw se mening dat "hierdie vorme wat in die oostelike gebiede die gewone is"¹⁾ onverpoos aan 'n uitskakelingsproses blootgestel is, blyk dus baie waar te wees. Binne 'n geslag of twee sal henning waarskynlik verdwyn, en hunning is geensins die algemene vorm hier nie. Skoolinvloed en skryfwyse buig die spreektaal om in die rigting van die Algemeen-beskaaf (hierna genoem die AB).

appelliefie (76%). AWS erken slegs hierdie vorm, p.69.

appelliepie (23,3%)(hier algemeen versprei); appelliefje(1)= Gr.st.; appel-der-liefde (1)= Ind.; gooseberry(3)= Adel., Doug.H., K.Beach.

¹⁾Louw, S.A.: op. cit. p.91.

'n bril (50%); brille (56,4%); glase (14)= Gr.st.(8), A.dale, Balf., Alex., O.L., J.ville; speks (1)= Sal., kykers (1)= P.E. dominee (slegs 2); dominie (79,1%); dominies (2)= Alex., De A.; doeminie (3) = Gr.st., Rieb O., O.L.; doom (2)= Gr.st.; predikant (48,8%); leraar (8,5%); meneer (5)= Gr.st., Seven Ft., Boesm., Sunl., J.ville.(lg. onder Kleurlinge); prekant (2); pirkant (1). tent (74%); tint (9%)= De A., Gr.Rt., J.ville, Som.O., S.ville, Bedf., Rieb.O., Kirkw., Pat., Doug.H., Gr.st., Sal., Alex., Bok. omtrent (80%); omtrint (24,1%)(algemeen, maar die digste in die suidweste van die streek); ontrint (7)= net in en om Grahamstad en 1 in P.E.; petrent (1)= Ind.; ongeveer (1)= O.L.(lg. waarskynlik algemeen, maar die woord is nie in die vraelys opgeneem nie.) akkedis (enigste erkende vorm:AWS p.64) (78,5%); akkeldis (20%)= algemeen; akedis (6,4%)= sporadies in hele streek; akkerdis (3)= P.E., Gr.st., O.L.; akedes (2)= O.L., Stutt.; skrikkedis x klipkrapper (slegs 1= Gr.st.:blykbaar in kindertaal); geitjie(2)=Ind., Gr.st.; tiekeliessj x tkiegheliessj (taamlik algemeen bekend in Gr.st., F.Brown, Alex.) Hierdie gegewens weerlê dus Von Wielligh se bewering dat hier veral akkeldis en akedis gehoor word.¹⁾ okkerneut (enigste vorm in AWS p.217)(21,5%); okkerneet (45,8%); onkerneut (28,5%)= algemeen; onkerneet (6)= J.ville, P.E., Gr.st., Sterkst., Queens. nuuskierig (59%); nuuskierag (16%); nieskierig (17,4%), maar hiervan geen gevalle noord en oos van Peddie nie; nieskierag (10), ook slegs in suide en weste; noeskierag (1)= Gr.st.; niskierig(3)=Gr.st., Adel., Cath., niskierag (6); nuskierig (4); nuskierag (1); muskie-rig (5); miskierag (11); nuusgierig (1)= Stutt.; maskierag(1)=J.ville.

/....Vorme met

¹⁾ Von Wielligh, G.R.: Ons Geselstaal, pp.203, 205.

Vorme met -rag in die auslaut (27,8%); met nies- x nis- x mis- in die anlaut (29,7%).

turksvy of turksvyg (AWS p.295): turksvy (73,1%), maar geen voorbeelde van turksvyg; turksevy (8), strukvye (13%); struksvye (13%); struksevy (5); truksvye (8%); sturksvye (9); stukvye (2); turkvye (2); strikvye (2); pere (1); steekpere (in Aanvullende Lys); strokvye (3) x strokies (1); tollofiea x tollefi x torrefiea (deur die hele streek bekend en word algemeen gebruik).

gesig (80,7 %); geseg (13,7%)= sporadies deur die hele streek; gaseg (8)= Rieb.O., Pat.(3), Sunl., Ped., Stutt., Ind.; gevreet(10%) kom sporadies voor as plat skeltaal; bakkies (31%): dikwels spottend gebruik; gevreetjie (liefkosend).

sê (deurgaans); seg (slegs 6 x sê); net seg slegs by een opgeteken; dieselfde informant sê ook distrek.

perske(-s) (AWS p.233)=(87,6%); sperskes(9,1%); sperskies (11,4%); (lg. slegs sporadies deur hele streek); perskies (10, waarvan 5 in Gr.st.opgeteken is); informante sê lg. vorm is betreklik alg. in Aberd., Rieb.O. en Ind., terwyl persies in Willowmore gebruik word deur sommige sprekers. Van lg. vorm is 3 opgeteken, nl. in Gr.st.(2), Rieb.O.(1); perskets (1)= O.L.

waatlemoen (58,4%) x wartlemoen (24,9%) x waterlemoen (8,1%)(al drie vorme word erken:AWS p. 320); watlemoen (17,6%); waartlemoen(1)= Queens.; wartlemoen (1)= P.E.; waatlamoen (1)=Berlin; watlamoen (1)=K.Beach; watlemoen (1)= F.Beau.

spanspek (deurgaans, met slegs 'n paar uitsonderinge: spaspek(1)= Bedf., spaanspek (1)= De A.; sponspek (2)= Sal., Gr.st.; panspek (5) = Gr.st, Pat.

kiepersolboom (enigste vorm in AWS p.169 (25,5%); kiepersol (45%);

/...nooiensboom..

nooiensboom(26,6%); sambreelboom (8,3%); waaierboom (8,4%) (lg. vorm word nie deur WAT of B&N genoem nie; kom sporadies oral voor). waaiboom (11%)= veral in Gr.st., Rieb.O., Pat., Alex., Bedf., maar waarom WAT V p.654 sê: "op oostergrense Kaapprov. heet dit ook onder Eng. invloed die waaiboom," is vir my onbegryplik; na my mening is dit bloot 'n geval van sinkopee van -er uit waaierboom. Ook waiboom (1)= Ped.; msênghe x oemsêngha (7)= Adel., Rieb.O., Carl.b., Ped., Seym., Berl., O.L.; blinkblaar x watale (1)= Pat. vanmôre of vanmore: AWS p. 302. vanmôre (38%); vanmore (geen); vamôre (5%); vamore (22,2%); vimôre (26,2%); vimore (16,5%); vanoggend (4). Dus met vi- of va- (sonder -n-) in die anlaut = 70%. virmore (1)= P.E.

geld x gelt, d.w.s. [$\times \varepsilon / t$] byna deurgaans, behalwe tjelt (10), veral in die suidweste van die streek; sjelt (13)= sporadies deur die hele streek; gjeld (1); tjellas (1); tjieng x tjienk (3)= Pat.; P.E.; pay (1); malie x monja x moela (1).

tabak (letterlik = 33,4%); tebak (6,8%); twak (80,8%); twak as enigste vorm: (60,6%).

koedoe, bottel, geneesmiddel: Die oorgrote meerderheid gebruik die AB-vorme. koeroe (slegs 10 en ook net in Gr.st., Doug.H., Bedf., P.E.); geneesmirrel(15)= almal in suide en weste, behalwe 1 in noordooste (Ind.); borrel(13)= sporadies deur hele gebied; boddel (3); medisyne (6) x middesyne (1) x mirresyne (1)=genoem i.p.v. geneesmiddel).

betaal (80,3%); petaal (23,4%); bataal (8)= Gr.st., Gr.Rt., P.Alf., A.dale., Pat., O.L., maar nie verder noord nie. betal (5)=Gamt., Gr.st., Bedf., Ped., Stutt.

/....vanmiddag..

vanmiddag: (AWS p.302)(38,5%); vamiddag (34,3%); vimiddag (26,8%);
vimiddig (2)= Gr.st.; vamirrig (5)= Gr.Rt., Noup., Molt., De A.,
Cath.; vamirrag (10)= Langkl., Gamt., Gr.st., Pat., Rieb.O., Bedf.,
O.L., Ind.; vemirrag (3)= Adel, Carl.b., Berl., vimarrag (1)=Pat.
Dus sonder -n- in die anlaut = (70,9%).

duisendpoot [*clœysantpoot*]deurgaans, maar in Albanie is talle aandui-
dings gegee en het ek self dikwels gehoor dat hier duisenpoot
gesê word, vir sover daar nie net songhololo x sjonghololo x son-
gholol x sonkalolo x sonkololo gesê word nie (alg. deur die hele
streek); by een spreker in Gr.st. ook zienghezol gehoor en 'n ander
dui aan dat sjonghololo 'n soort spinnekop is. Die uitspraak
songhalolo (soos in B & N p.605) het ek nêrens gehoor nie. Een
intrekker uit die Vrystaat praat van reënworm.

ghorghorro (vir duisendpoot): Soos WAT III p.248 ook aandui, is
is dit nie alg. nie; ek kon dit ook net in Alex. en Pat. vind x
korghorro x ghorghorra, en 1 geval van ghosghorro (Gr.st.).

gramadoelas: (AWS p.136)(44,9%); gamadoelas (28,5%)= alg. uitspraak
deur die hele streek x gamedoelas(1); gannadoelas (1)= Balf.;
gopse: (AWS p.135)(46,8%); gate (1)=Alex., magaaitjieland (1)=
F.Beau.; boenda (B & N p.172)(geen voorbeelde), maar boendoe(28%)
x boendoes (4) x poendoes (1)= Adel.

platanna: (AWS p.236)(89,3%); platana (11,6%); plattie (1)= P.E.;
platploet (1)= Pat.; parras (1). Geen voorbeelde van platkloet.

lugspieëling: (AWS p.192)(58%) x lugspiegeling (geen voorbeelde);
lugspieling (6,2%); lugverspieëling (1)=Sal.; miraasj (31,2%);
x miraats (1)= Sterkst. x miraaz (1)= Carl.b. x mirage (3)=
Gr.st., K.dagga.; opgeefsel: (HAT p.613.)(8,5%)= sporadies deur
hele streek; skim (1)=Alex.; weerkaatsing (1)= Gr.st.

/....skeerbekmuis....

skeerbekmuis: (HAT p.761 en B & N p.583)(59,2%); skeermuis (19,1%);
= hoofsaaklik in die suidweste van die streek; skerpbekmuis(15,9%);
skêrbekmuis(6,3%); skoorbekmuis (1)= Bedf.; veldmuis (1)= P.E.;
tkwête(uitgespreek met suigklank in anlaut =1 (Berl.).

interessanter: AB. (66%); meer interessant (33,5%); meer interes-
santer (11)= Alex., Gr.st.(7), Rieb.O., A.dale, Sterkst.(2);
mees interessantste(1)= Rieb.O.; intersanter (1)=F.Beau.

muskejaatkat(slegs 5) of muskeljaatkat (38,3%)(Albei in AWS p.207.)
Vir hierdie diernaam bestaan daar 'n groot verskeidenheid uit-
spraakvorme: middeljaatkat (2); middeljatkat (14); middeljarkat(1);
muskeljatkat (1); misseljagkat (1); misseljaatkat (21,6%);(lg. is
baie alg. in hierdie streek; misseljatk (12); miskeljaatkat(2);
miskerjaatkat (7); musseljatk (8%); misseljaarkat (2); mussel-
jaarskat (1); musseljaartkat(1); misseljaartkat (1); masseljetkat(1);
masjaatkat(1); massajakat(1); streepkat (7); kuikenvreter (1);
kommetjiegatkat (1); njakie x nojaghie (2)= Katb., Rieb.O.;
nomaatse x njoehakie (1)= Som.O.

rinkhals:(AWS p.250...slegs 4 noem rinkhalsslang); rinkalsslang
(81,9%); rinkals (5,8%); ringhalsslang:(B & N p.543)(2,9%);
bakkopslang:(HAT p.813)(14,6%), maar dié naam is van toepassing
op verskeie slangsoorte; oogpiester (1)= Gr.st.; oogspoegter(2)=
Gr.st.

baber: (AWS p.73)(66,1%); barber (28,2%); baardman (9,2%); babel(1);
kalwerkop (1)= Stutt.; Van der Merwé (1)= Gr.st., met die opmerking
dat die naam waarskynlik ontstaan het omdat hulle so volop is.

rooimeerkat (66,6%) x rooimierkat (24,7%):(HAT p.710); waaierstert
(15%); witkwas (5)= Gr.st., Doug.H., Ind.; meerkat (7); rooiwit-
puntmeerkat (1)=F.Beau. Die benaming ghartjie word later onder die

Aanvullende Lys bespreek.

vaalmuishond (51,6%). HAT p.478 noem ook vaalghartjie; vaalmys-
hont (24,4%); grysmuishond (8%); eiervreter (18%); eierdief(5,8%);
net muishond (7); myshond (2); stinkmuishond (3); stinkmyshond(1);
gryskatjie (1).

korrelvat:(WAT I p.20, HAT p.474.)(35%); korrel (48,3%);
mik:(HAT p.543)(24,6%); aanle:(HAT p.5)(21,3%); ym (2)= Som.O.,
O.L.

skerpioen:(AWS p.266)(51,6%); skerpjoen (46,5%); skerpjoen (3)=
Gr.st., K.Beach; skepperjoen (3)= Gr.st., Som.O., J.ville.

bontkorhaan: (B & N p.366 noem net korhaan)(25,8%); bontkoeraan
(9,4%); bergkoraan (31,5%); bergkoeraan (5),=net in die suide van
die streek; korhaan (8); koraan (4); koeraan (21%); bergknorhaan
(1)= O.L.; vlakkoeraan (1); kokketrina (2)=S.ville; tanteketrina
(6)= Rieb.O., Adel., Doug.H.(2), A.dale, Som.O.; dikkopkoeraan(1)=
Sterkst.; sopgatkorhaan (1)= F.Beau. Vorme met -koeraan = 33%.

befoeter of befoeterd:(AWS p.77)(61%); beneuk:(AWS p.79)(61%);
beneek (slegs 3); beneuks (6)= Gr.st., Sunl., Gr.Rt., Bedf., Ind.;
beduiwelt (2); betjoints (2)= Alex., P.E.; bedonnert (1)= Adel.

neuk:(HAT p. 567)(50%); neek (22%); opfoeter:(HAT p.615)(25%);
opdons:(HAT p.614)(22%); foeter (10%); opneuk (5)= net in suide;
opdonner (10%); donner (7); moer (1)=A.dale; pot x konnek (1)=
P.E.

dat (33,7%); laat (37%); lat (40%); lit (1)= Gr.st.; let (3)=
Gr.st., Ped., Queens.

ekspres x aspres x aspris: (al drie in AWS p.110).

aspris (67,7%); aspres (17,3%); ekspres (8)= Gr.st.(4), Bedf.,

/....Kirkw. ...

Kirkw., K.Beach., O.L.; alspris (1)=Alex.; alspres (1)= Bedf.;
opsetlik x met opset (25,7%).

present; (AWS p.240)(54%); persent (40%); persint (9,8%)=Albanie
en onmiddellike omgewing; presint (1)=Gr.st.; geskenk (1)= O.L.
besig (77,4%); besag (22,6%); sagte (78%); safte (28,3%).

grawe (43,6%) of graaf (11,2%):(albei in AWS p.136); grau(36,1%);
grou (31%); gra (6)= Gr.st.(2), Adel., Rieb.O., Kom.t., Stutt.

tarentaal: (AWS p.283)(88%); trantaal (7)= Boesm.(2), Gr.st(2),
Kom.t., A.dale, Ind.; trintaal (2)= Kom.t., Pat.; wildehoender
(22,5%); willehoender (5); wildehoener (1); willehoener (37,6%);
bonthoender (1)=O.L.; poelpetater (3)= Alex., Bedf., Gr.st.;
poelpetaan (1)= Gr.st.; poelmetaan (1)= Gr.st.;
panghêna x panghahen (1)= Som.O.

ruspe (54%) of rusper (28,4%): (albei in AWS p.253).
rispe (17,5%); risper (9,4%); wurm (2).

die kind is oulik:(AWS p.225)(77,3%); --- grys:(WAT III p.476)
(31,5%); --- oud voor sy tyd (13%); oukantig (2)=Gr.st., Ped.;
oukantag (2)= Langkl., A.dale; --- hou hom groot (1)=P.E.; ougat(6)=
Adel., Gr.st., K.dagga, Som.O., J.ville (by Kleurlinge); ouder-
wets(2)= Bedf., Gr.st.; wysneus (1)= Bedf.; voor op die wa (2)=
Gr.st., O.L.; hans (1)= Stutt. WAT IV p.87 noem hans net in die
betekenis "lastig"; oudertouts (1)= P.E.; voor oppie prêm (1)=
Gr.st.; die kind scheme great (1)= P.E.

roer jou litte (61,7%); roer jou (30%); roer jou riete (13,5%);
maak gou (45%); roer jou lyf (6); maak haastag (6)= De A., Gr.Rt.,
Gr.st.(3), Ped.; laat waai (2)= P.E., Gr.st.; maak vuur (1)=Gr.st.;
blits dit (1)= P.E.; wikkel (1)= Gr.st.; haas jou langsaam(1)=Bedf.

/.... moev (1)

moev (1) = Gr.st.; tjop-tjop (algemeen:Aanvullende Lys).

ordentlik: (AWS p.224)(65,5%); oordentlik (32,5%); oordintlik(11)= Gr.st.(4), Rieb.O., A.dale, De A., Pat., Sunl., Stutt., K.Beach.; ordintlik (3)= Rieb.O., Pat., J.ville; ondentlik (3)= Gr.st.

glas (72,2%); gat (65,9%); plan (93%);
glaas(30,7%); gaat (36,8%); plaan (9,5%).

met al drie lang -aa- : glaas/ gaat/ plaan (10)= S.ville, Som.O., Gr.st.(3), Doug.H., Adel.

daar gaan hy (58,7%); daar gaat hy (30%); daar gat hy (16,5%);
daar gan hy (9,8%); daa' gat hy(1)= Gr.st.

daar oorkant (68%); doer oorkant (42,8%):(albei AWS p.102);
dour (4)= Langkl., P.E., Som.O., Gr.st.; daar doer:(WAT II p.224)
(1)= Aberd.; da' oorkant (1)= Adel.

sleutel: (AWS p.268)(77%); sluitel (12)= verspreid; sleetel(23,4%);
slytel (16)= Gr.st., Sal., P.Alf., J.ville, Som.O., Boesm.,Pat.,
Carl.b., Balf., P.E., Langkl.

baie:(WAT I p.317)(66,8%); baije (14,4%); baja (23%); baia (3);
baaie (1)= Gr.st.; baaija (1)= Adel.; bai (1)= Gr.st.; baing(2)=
K.Beach, Stutt., maar albei informante is intrekkers uit die Bo-
land, ouderdomsgroep 55+ en reeds jare lank hier woonagtig.

huis (71%); tuin (73,3%); muis (75%);
hys (31,9%); tyn (29%); mys (25,9%).

helder (89,2%); heller (18%); hilder (4)= Kirkw., Addo, Gr.st.;
hiller (10)= Gr.Rt., J.ville, P.E., Langkl., Alex., A.dale,
Rieb.O., Gr.st.(3).

hinder (46,3%); hinner (48,6%); henner (16%); hender (5,1%);



(lg.kom sporadies deur hele streek voor, veral by ouer geslag.)

grapmaker (89,2%):(WAT III p. 393 noem ook grapjas x grapsak, maar niemand het dit genoem nie); sportsmaker x sportmaker (13,1%); poetsbakker (1); sport(1); nar (1); clown (1); koetjekomaker (3)= Bedf., Gr.st., O.L.

uitbetaal (74,1%); ytbetaal (29,1%): veral volop in Adel.; ietbetaal (5)= Alex.(2), Gr.st.(2), Bedf.; gebetaal (1)= Gr.st.

manewale (geen) of manewales (87,5%) of maneuvers (8,6%): (al drie in AWS p.196); mannewales (2); manewels (4)= Gr.st., Sunl., P.E.; manewals x manawels (1)= A.dale; manewalse (1)= Gamt.; streke(1)= Adel.; trieks (1) = J.ville (by Kleurlinge).

lieplapper:(AWS p.189)(50,2%); liplapper: (B & N p. 390 ="Ndl.liplap (+ suff.-er by persoonsn.)")(5)= Gr.st.(3), Seym., Stutt.; lapper (2)= Gr.st., Ped.; brouer (40,7%) x knoeier (1): (albei in WAT I p. 539).

polisieman (61%) x polisie (1) x polisieagent (geen !): (al drie in AWS p.238); polliesman (13,3%); poelliesman (12,4%); poelisieman (1); polisies (2); konstabel (2); diener (5)= Gr.Rt., Pat., Gr.st., Ell.; dienaar (1)= Alex.; gereg (1)= Gr.st.
Ander name ook genoem: kolkop, beterweet, koltjeps, platpoot, plies, fisant.

blikemmer: deurgaans, behalwe katot (8); blikkatot (2); blikkan(3)= Gr.st., Alex.; emmertjie (1); gheghok x konka.(lg. twee algemeen).

wrintig waar: (AWS p.327)(48%); wrintie: (AWS - 327)(2)= Gr.st.; K.Beach.; wrintie waar (1)= Gr.st.; wragtig:(AWS p.327)(2)=Sal., Carl.b.; wraggies:(AWS p.327)(6)= Gr.st.(4), O.L., Seym; wragtie: (4)= Gr.st.(2), P.E., Stutt.; warempel:(AWS p.321)(4)= Gr.st.,

Boesm., Alex., O.L.; warimpel (9); gedorielaar: (AWS p.125)(1)= Alex.; sowaar:(AWS p.272)(1)= Gr.st.; waaragtig:(AWS p.320)(1)= Gr.st.; wrintlik:(AWS p.327)(Geen, maar wel wrintig x wrintag waar (32,2%); wrastag (1); wragtag (11,5%); wrintjieswaar (1)= Sterkst.

Ek kan dit nie doen nie. (WAT V p.222)(76,4%).

Ek ken dit nie doen nie. (15,2% - deur die hele streek versprei).

Ek kin dit nie doen nie. (Slegs 2); ek kannitie doenie (7,4%);

ek kinnitie doenie (7,4%); ek kannie dit doen nie (4); ek kan dit nie doenie (5); ek kan dit nie doet nie (2)= Alex., A.dale;

ek kannit nie doen nie (3)= Adel., Stutt., Sterkst.

die hele pad (45,5%); heelpad (46,4%); al die pad x allie pad(14%).

party (71,5%); pirty (15%); bety (4)= Gamt., A.dale, Gr.st.;

pety (12% - deur die hele streek versprei.)

daardie (34%); darie (39%); daai (25,4%); dai (4).

honde (59,6%); honne(38%); hõne (2%).

oorlede (58%); oorle (40%); ooledede (5,1%); ole (7)=Grad., Adel.,

Kom.t., King., Cath., Stutt.; olie (7% - verspreid); oelie (1)=

J.ville.

steek die kers/vuur op ofaan ofaan die brand: Die vrae-

lys was hier te vaag, maar talle opmerkings dui daarop dat die

meerderheid sê: steek die kers op x steek die vuur aan/aan die

brand; steek brand die kers/vuur (5); lig die kers (1)= Gr.st.

kêrel (90%); kjêrel (11,6%); tjêrel (slegs 6)= Langkl., K.Beach.,

Alex., Ind., Sterkst.

hy hardloop weg (57,5%); harloop weg (4)=Alex., Gr.st.(3);

harkloop weg (6)= Gr.st., Bedf.(2), Carl.b., Stutt., Queens.;

/....hy hol weg ...

hy hol weg (60%); laat nael (16,5%); x nael (8,5%); hy lê oop (12,7%); hy maak oop (11); wys hakskene (12): net O.L. en wes, nie noord nie; laat waai (4); laat spat (1); laat vat (1); laat lê (1); lê rieme neer (1); hy vat die gaat (taamlik alg.:vgl. Aanvullende Lys).

regtig (6%); regtag (7,4%); waarlikwaar(12,4%); sweerlik (17,9%); rêrig (4,3%); rêrag (30%); dis die ware waarheid (1)= Gr.st. Die ander is reeds onder wrintig e.a. genoem.

Ek ken hom nie (95,9%); ek kin hom nie (11,8%); ek kan hom nie (slegs 2 opgeteken); ek kon hom nie = vir het hom nie geken nie (1)= Seym.; ek koos dit nie doen nie (vir kon)(1)= Som.0.

Dit gaan broekskeur (92,7%); --- kliphard (24,8%); --- breek(4); --- broekskeer (4)=Bedf., Ped., Stutt., Queens.; dit gaan druk(1); --- hard(1); --- swaar(1); --- treurig (1); kurkdruk (2); taai(1); --- noustop (1); uitnaels (1); --- bars(1); --- beroerd (1); --- sukkel-sukkel (1); --- broekskyt (8)= J.ville, Gr.st., Ped., K.dagga, King., Sterkst.; ---balladruk (3)= De A., Sterkst., Carl.b. --- skuit-skuit die opdraand uit (1)= Alex.

Ek het my gedaan gewerk (75%); poegaai (27%); klaar (10,3%); klaarpraat (5,2%); oor 'n mik gewerk (2); morsdood (4); moeg (2); dood gewerk (2); breek gewerk (7)= Gr.st.(2), Som.0., Uit.h., Desp., Ped., Ind.; mors gedaan gewerk (3)= Gr.Rt., Ped., Stutt.

kos opsit (92,6%); innie pot sit (14,1%); oppie vuur/stoof sit((%); op die stoof sit (4,6%); kos oorhang (6,6%): lg. kom sporadies deur die hele streek voor, maar slegs by ouer geslag.

ons almal (51%); ons ammal (29,7%); almal van ons (28,2%).

skoolhou en onderwys gee word alg. gebruik, maar 25,4% dui aan dat skool gee in die spreektaal gebruik word.

/...Gevolgtrekking...

C. Gevolgtrekking m.b.t. Xhosa-invloed:

Dr. E.H. Raidt beweer: 1) "Verskeie woorde is as gevolg van dié kontak uit inboorlingtale in Afrikaans oorgeneem, maar afgesien van 'n paar, het hulle tot bepaalde streke beperk gebly. Alleen in dié gebiede waar grootskaalse en langdurige kontak met Bantoes bestaan het en nog steeds bestaan, het 'n groter aantal Bantoe-woorde in Afrikaans gekom."

Op p.207 in Ons Geselstaal sê Von Wielligh: "Tollie (vir 'n jong ossie) is 'n benaming wat aan hierdie streek sy ontstaan in die laaste tyd te danke het" en sedert 1953 staan tollie in AWS as erkende AB-vorm. Net so is Afrikaans ook verry met donga, indaba, indoena, impie, kaia, dagha, aikôna x haikôna, pasella en talle ander. Hierdie ondersoek het my ook daarvan oortuig dat een van die kenmerkendste streekspraakverskynsels in hierdie ondersoekgebied die geredelike en spontane gebruik van Xhosawoorde as kulturele ontleninge in die geselstaal is. Weliswaar sê baie Afrikaners, veral op die boereplase: "Die Bantoes sê so," maar die woorde word tog ewe gemaklik deur blankes gebruik en korrek uitgespreek. Ek wil my selfs verstout om te sê dat die invloed hoofsaaklik van die plase af deursypel want, het etlike boere aan my verduidelik, "...ons móét die Xhosataal kan praat, anders het die werksmense die verskoning 'ek het nie verstaan nie' wanneer hulle by die werk verbrou het."

Die plaaskinders kan ook deurgaans vlot Xhosa praat en so was dit reeds geslagte lank. Hieroor beweer H.J.J.M. van der Merwe ook: "...maar die grootste stroom vind plaas deur middel van die dubbel-talige, dus deur hom wat daagliks die sekondêre en moedertaal afwisselend gebruik." 2)

/.... Ek het ...

1) op.cit., pp. 170 - 171.

2) op.cit., p. 258

Ek het onweerlegbare bewyse gevind dat woorde soos tjaboontjie x kaboontjie (kafferwaatlemoen), tiekeliessj x tkiekeliessj (akkedis), tollofiea x tollefiea x torrefiea (turksvy), kwietsja (motreën), ghoghok x gheghok (paraffienblik, konka), toengha (dopemmertjie), boboi(hoephoep), songololo x sjonghololo (duisendpoot), nqoesj (Eng. samp and beans) en 'n menigte ander reeds deel uitmaak van die omgangstaal in hierdie streek en dat andere soos msenghe (kiepersol), panghena (tarentaal), sakaboela (flap), njakie x nomaatse (muskeljaatkat) reeds aan die deur begin klop.

Aan die ander kant het Afrikaans hom nie onbetuig gelaat nie. Tal- le Afrikaanse woorde maak deel uit van die woordeskat van die Xho- sasprekendes in hierdie gebied: ikomitji, itafile, ikombuisi, ens. Wedersydse ontlening tussen Afrikaans en die nie-Germaanse Xhosa- taal van hierdie streek vind voortdurend plaas. Dit is egter jam- mer dat ons sulke swak ambassadeurs vir ons taal is. Deur die hele gebied het ek dikwels Bantoes teëgekom wat goeie, korrekte Afri- kaans praat, en nogtans hou ons daarmee vol om met hulle in 'n soort gebroke mengelmoes van Engels-Afrikaans te praat:

"Die miesies, hy's by die dorp."

"Jy moet spit darie grond en dan jy moet trek uit die weeds hier."

D. Die Aanvullende Vraelys:

Omdat 'n groot deel van die streek reeds besoek en die lys te uit- gedeel was toe hierdie lys opgestel en bygevoeg is, is die gege- wens wat daaruit verkry is nie volledig verteenwoordigend vir die hele gebied verstrek nie. Maar uit wat wel verkry is, kan redelik geldige gevolgtrekkings gemaak word. By elke woord of uitdrukking wat in die lys opgeneem is, dui ek dus slegs met 'n getal (nie met 'n persentasie nie) die frekwensie daarvan aan.

/.... Vraelys.

Vraelys.

Is die volgende uitdrukings en woorde in hierdie streek bekend?

(Merk slegs met ✓ as u dit ken, of met X indien nie.)

Gegewens word in die regterkantse kolom aangedui:

ghorghorro (vir duisendpoot)	= (14)
ghorghorra	= (1)
ghosghorro	= (1)
dis sommer perreffien (motreën in droogtetyd).	= (49)
windhok/platjie (opwashokkie: Eng. "Scullery").	= (19)
windboks	= (1)
steekpere (turksvye).	= (13)
gharretjie/ghartjie (stokstertmeerkat)	= (76)
ghanneghoedjie (toktokkie)	= (29)
tjaboontjie x kaboontjie (kafferwaatlemoen).	= (89)
kwepere (kwepers).	= (32)
anthou (onthou)	= (81)
badskamer (badkamer)(albei in AWS p.73).	= (96)
badkamer	= (94)
sakaboela (kaffervink/flap).	= (15)
ons het gaan waak (gaan wandel).	= (93)
romer (roomafskeier).	= (55)
bakkopslang (rinkhalsslang).	= (101)
hy boer wydsbeen (d.w.s. op twee plase).	= (21)
jy kan maar jou takkie breek (praat nou maar).	= (5)
stokvêr (veeveiling).	= (97)
kabossie (hanekam).	= (10)
papier x pampier (koerant).	= (114)
leivoor	= (97)
leisloot	= (14)
watersloot	= (53)
klawer (lusern)	= (65)

/.... my kop het ...

my kop het uitgehaak (ek het vergeet).	= (4)
konsent(e) (toestemming om te gaan trou).	= (91)
tjoggom (melk steel deur in die mond te melk).	= (60)
ghorra (terg).	= (19)
dit regeer daar (dit spook daar).	= (32)
karsies (kruisbessies).	= (54)
ghiek (eenperdkar).	= (76)
hy vat die gaat (hardloop weg / gaan huis toe).	= (45)
skwosj-boks (konsertina).	= (43)
skwasj-boks.	= (1)
ons wil net gou kwaai wees (net gou eet).	= (16)
tjop-tjop (maak gou).	= (103)
tjip-tjip.	= (1)
die ding is <u>aan</u> stukkend.	= (55)
tjêns / kêns (kinds).	= (88)
sy's getof (spoggerig uitgevat/geklee).	= (143)
dis 'n kou spul/speul (dis 'n mislukking).	= (31)
moenie my so tamteer/temteer nie (pla,terg)	= (131)
moenie my so vreet nie (pla)	= (18)
siewie (vir 'n hond).	= (68)
siebie (het medewerkers bygevoeg)	= (33)
siepie	= (1)
tegedoek (teegoeddoek).	= (46)
dis haarne (hare= dit behoort aan haar).	= (39)
dis homme s'n / hom s'n (dis syne).	= (33)
slorsag (slordig).	= (95)
slorsig.	= (6)
pinanie x kinanie (kafferwaatlemoen).	= (12)
ek gaan nou inkyk (gaan slaap).	= (35)
'n snaps maak ('h drankie maak/ drink).	= (127)
smoors vroeg (soggens vroeg).	= (118)

stimbok (vlakbok / steenbok).	= (25)
moenie my blok nie (nie aanjaag nie).	= (7)
hulle was met hulle vier (daar was vier).	= (38)
my beurt vat vanaant sewe-uur (begin om sewe-uur).=	(44)
ons het oralste/orilster gesoek (oral/orals gesoek)=	(85)

Watter name het brood?

Interessantheidshalwe noem ek hier net al die name wat verstrekkend is: katkop, sonka x songha x zonk, rog, samies, dou (Eng. dough?), ghai, ghwai, ghat, spookasem, tsjou, tjoppie, tiemietoi, 'n louf brood, godsgawe, askoek, koringjellie, gesaaide, ghobbies, dōi x dooi, ghobba, doodgooier, sjaainie top, (Eng. shiny top), ghaai, koringkrummels, vloerbrood, potbrood, roosterkoek, vetkoek, oondbrood, hawerkoek, koringkoek, hawerballe, growwenjor, broderyk, skiewies, skoewie, skoem, en ek vermoed dat daar nog heel party meer van dié soort name in die omgang gebruik word. In Grahamstad en omstreke is katkop en dooi, veral onder skoolkinders, baie bekend.

In Hoofstuk VII word sommige minder bekende en (in Taal- en Woordboeke) ongenoemde woorde en uitdrukkinge verduidelik.

E. Oorblyfsels van Hottentot- en enkele ander taalinvloede:

Op besoek aan die onderhawige gebied tref 'n mens die benaming ghannaghoedjie tot by Oos-Londen aan. Verder noord heet hy weer net toktokkie. Dié naam het dus verder ooswaarts versprei as wat WAT IV p.239 aandui. Maar ghorghorro (WAT III p.248)= duisendpoot, het bly vassteek in Alexandria, Paterson, Boknes en Boesmansrivier, behalwe 1 in Balfour en 1 ghosghorro in Gr.st. genoem.

/....Die graatjiemeerkat...

Die graatjiemeerkat word by die Gamtoos, S.ville, Som.O., Gr.Rt. tot so ver oos as F.Beau en sporadies verder tot by O.L. ghartjie x gharretjie genoem, maar in noordelike rigting heet hy weer stokstertmeerkat. In hierdie gebied kan jy saam met die kinders tjoggom x tjoggem (B & N p. 646) (= uit die koei/bokooi se speen in die mond melk), en soms geghorra (geterg) word as jy nie 'n ghantang (nooi of kêrel) het nie. Jy kan in Alex. gepier (gekul) word. As jy by Boesmansrivier, waar jy op die smoel (= die kalm water nadat 'n groot brander gebreek het) sit en wag, die tkebebesiebye (met aanvangsuigklank uitgespreek = Eng.drone) hoor raas, kan jy miskien gaan hunning uithaal en 'n bietjie tkirrie (=heuningbier) maak om jou lyf warm te hou wanneer dit in Grahamstad tkabê (kebié, sebié, motreën) of as dit sommer net perreffien. Maar pasop! die koltjepse sal jou voorlê en die juts sal ook nie genade hê nie. Hier tref 'n mens ook ghallamentjies (klein riviervissies) aan en in die Gamtoosgebied heet die paddavissie ghallaghiellie.

Jy kan ook van J.ville af tot so ver noord as Cath. gaan karsies (kruisbessies) of droog-my-keel x drog-my-keel (WAT II p.333 : drogies) pluk om jou honger te stil. In Albanie, Alex., Pat. sal jy ook hoor van tkoeboebessies en njoem-njoem. As jy in Aberdeen nie 'n makataan (kafferwaatlemoen) kan kry nie, kan jy in J.ville, en ook net dáár, na 'n kinanie x pinanie verneem, maar soek verder oos liever 'n tjaboontjie/ kaboontjie / jaboontjie, en as jy so ver as Maclear gaan soek, gee hulle jou 'n xhoxhôsie as jy om 'n kafferwaatlemoen vra. In hierdie gebied begin die mense ook al so hier en daar, net soos in die Karoo, maar nog nie orilster nie, wydsbeen boer -- hier waar hulle nog anthou hoe hulle vroeër smoors vroeg netjies uitgetof/ opgetof/ getof

/.... met die ghiek...

met die ghiek of treppie na die stokvêr toe gery het. Jy het distyds mos nog die konsente gevra om te trou, en as jy begin vooruitboer en die tjeners jou ook al begin tanteer het, kon jy 'n windhok en 'n badkamer aanbou, maar as prof. S.P.E. Boshoff se Transvalers kom kuier het, moes jy hulle die badkamer wys, want hy "moet nog die Transvaler ontmoet wat van 'n badkamer sal praat." 1)

So lê die taalvorme in hierdie streek deurmekaar, met orals nog oorblyfsels van Hottentotwoorde, sommige verafrikaans, maar nog steeds in gebruik in beperkte of wyer kringe. Die voorgaande toon ook hoe sekere Afrikaanse woorde en uitdrukkinge die gebied vanuit die weste binnedring, en Xhosawoorde kom, soos die sakaboela of kaffervink (ook genoem slapdaail/slapwille), ewe ongemerk vanuit die ooste, terwyl Engelse invloed meehelp om 'n interessante taalbredie te maak.

Steeds bly S.A. Louw se woorde waar: "Ons weet immers dat die grenslyne van die afwykende taalverskynsels nie vas is nie." 2) Tog hoor 'n mens in hierdie streek ook baie duidelik dat daar tussen die Afrikaanse omgangstaal en die lokaliteit 'n sterk band bestaan. Selfs in 'n enkele woord skemer dit deur. In die weste en suide, en veral hier in Albanie en omstreke waar 'n groot Kleurlinggemeenskap woon, hoor jy baie dikwels, onder invloed van die Kleurling-Afrikaans, hoe die een Afrikaanssprekende vir die ander vra: (veral ook kinders): "Hoentoe gaan jy nou?" en dan volg die antwoord: "Ek gaan net gou die goete by die stasie oplaai." In Adelaide spreek die petroljoggie jou nog aan as "Seur", wat weer na die verre verlede heenwys en by die volgende afdeling tuishoort.

/....Ewe duidelik...

1) op. cit. p. 59.

2) Dialekvermenging... op. cit. p. 49.

Ewe duidelik is dit ook dat Afrikaanssprekendes in hierdie streek in staat is om, soos prof. Kempen dit in 'n radiopraatjie op 19 Februarie 1958 gestel het, "hulle taal te draai en te kantel agter die eise van hulle ervaring en hulle denke aan," want Afrikaans staan oop vir alles wat was en wat is en wat nog kom.

F. Ou Taalvorme wat nog voortlewe:

"Naas een of meer nuwe vorme kan die oue ook nog in bepaalde gebiede bly voortbestaan," beweer S.A.Louw.¹⁾ Ook H.van der Merwe Scholtz beweer: "Dialekte bewaar dikwels ou woorde en uitdrukkinge wat reeds uit die algemene taal verdwyn het."²⁾ Vir gewestelike verskynsels in die spreektaal kan dit ewe waar wees.

Hier aan die Oosgrens het sedert 1770 'n opdamming en, gepaard daarmee, 'n stabilisering van die taaltoestand plaasgevind alvorens trekgroepe vanaf 1834 die binneland inbeweeg het. Weens hul taaiheid het sommige ouer woorde hier bly kleef in die omgangstaal van bepaalde gebiede en op dié wyse die geskiedenis as 't ware in woordkapsules bewaar.

kwepere (as meervoudsvorm van kweper) is so 'n woord wat deur 32 van die ouer medewerkers sporadies opgegee is in Pat., Alex., Albanie, Adel., Balf., Ped., K.Beach, Stutt., Cath., Queens. en Sterkst. B & N p.377 noem "Ndl. kwepeer/kweeappel (mnl. que(de), by v.Rieb. quee (mv. queen)." Ook F.Valentyn maak melding van die queepeeren in die Kompanjiestuin.³⁾

Dit is waarskynlik aan dié ouer mv. dat die Xhosanaam kwepile ontleen is.

/....Ek ken dit nie...

1) Ibid. p.9.

2) Taal en Taalverskynsels, pp.31,32.

3) Beschrywing van de Kaap de Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende, p. 110.

Ek ken dit nie doen nie./Ek ken nie sê nie kom ongeveer 15,2% verspreid deur die hele ondersoekgebied voor. Daaroor skryf Von Wielligh¹⁾ reeds in 1925: "Hierdie spreekwyse bestaan vandag nog in dele van Holland," en in die Middelnederlandse dialekte was dit ook bekend. Die vorm: Ek kan die man nie het ek egter by slegs twee sprekers aangetref.

tanteer/temteer/tempteer het hier nog 'n digte spreiding en is op die Aanvullende Lys deur 131 mense aangedui. B & N p.639 sê: "Ndl. tempte(e)ren (ouer ook temteren), uit Ofr. tempter(Fr. ten-ter), Lat. tentare," ens. Dit word in hierdie streek nog dikwels gebruik naas nuwe uitdrukings soos: "Moenie my so vreet nie", "Moenie my so kasty nie", "Moenie my so wydsbeen ry nie", "Moenie my so pes nie", "Moenie my so sjant nie", ens.

kooi x kooi toe gaan x kooigoed wat hier dikwels gehoor word, kom waarskynlik uit die 17de-eeuse seemanstaal en verder terug uit Hoogduits koje, terwyl 'n snaps/snapsie maak (vir 'n drankie drink) uit die "Ndl. snaps (snapsje) ontl. aan Hd. Schnaps" (B & N p.600) hier dikwels gehoor word. (127 het dit genoem.)

In Alex. sê sommige mense nog vir die gemakhuisie of latrine die sekreet of priewie. B & N p.568: "Ndl. sekreet/sekreet (Mnl. secretet) via Fr. secret (wu. Eng. secret) uit Lat. secretum," ens. en op bl. 520 staan priewie: "Ndl. privè (uit Ofr. privé)...reeds in Mnl. privaet/priveye... tot in die 19de eeu op skepe gebruik..."

So kom lieplapper, hier wyd verspreid, nl.50,2%, uit die Ndl. liplap, en pier (Alex.) uit Ndl. pieren (Mnl. pieren) "in 'n strik vang..." (B & N p.498.)

/.... wysbrame...

1) op.cit. p.32.

wysbrame (Sterkst.) is, volgens B & N p.717, dialekties en kom uit Ndl. wenkbrau.

ekspres (deur 8 aangedui) x aspres (17,3%) x aspris (67,7%) kom uit "Ndl. expres (sedert 17de eeu, so o.a. by vRieb.) ...Fr. expres.... Lat. expressus" B & N p.216.

Uit die gegewens, nl. deur 88 aangedui, blyk ook dat tjêns/kêns nog glad nie in hierdie taalgebied vergete is nie.

Net so 'n interessante, "argaïstiese" laag in die spreektaal van die ouer geslag, wie se taal die tekens van verminking uit die kontak met Engels sedert die vorige eeu vertoon, is besig om stadig aan te wyk voor Afrikaanse vorme in die jonger geslag se gesels- taal: stokvêr (vandisie)(deur 97 genoem en hier alg.), ons het gaan waak (gaan wandel)=(93), papier/pampier (koerant)=(114), die konsente vra (toestemming om te trou)=(91), ghiek (eenperdkar)=(76), skwosj-boks (konsertina)=(43), sy's getof/opgetof/uitgetof (spoggerig geklee)=(143), steekpere (Eng. prickly pears), juts(regter), koort (hof), jokkie (Eng. jug), gheltjie (bediende: Eng. girl), en talle meer.

Uit dit alles blyk welke konserwatiewe karakter die omgangstaal van hierdie omgewing ook kan openbaar, naas die nuwe geslag se katkop/spookasem/dooi/ghobbies, ens. (vir brood) en die tjop-tjop x tjip-tjip vir "maak gou."

HOOFSTUK IV.

Uitspraak.

Oor die algemeen word daar in hierdie streek redelik goeie Afrikaans gepraat en in hoofsaak kom die meeste sprekers se uitspraak met AB ooreen. Hier moet die feit in aanmerking geneem word dat voortdurende bevolkingsverskuiwings, diepgaande agtergrondsverskille en die kontak met andertaliges bepaald 'n invloed sal uitoefen. Daarby kom nog die invloed van Kleurling-Afrikaans, veral in die suide en weste van die streek.

Stedelinge en dorpenaars wat daagliks met Engelssprekendes in aanraking is, is geneig om vreemde woorde makliker te verwelkom en om gouer onder die invloed van andersoortige uitsprake te kom. In hulle omgangstaal moet dus veral ontsporings verwag word, maar sekere gewestelike afwykings word so verbreid oor die hele Afrikaanse spraakgebied aangetref dat ek hier slegs enkele van die opvallendste fonetiese verskynsels vir hierdie gebied bespreek.

Wat 'n mens onmiddellik hier opval, is dat Engelse eiename nie in die omgang verafrikaans word soos in baie ander streke van ons land die geval is nie, afgesien van enkeles soos Grahamstown wat [xramstat], Cradock wat [kradok] en Somerset wat [somərset] geword het. Wat wel dikwels gehoor word, is dat, in navolging van Engelssprekendes, Afrikaanse name op Engelse wyse uitgespreek word, maar dan ook slegs wanneer Engels gepraat word, bv. [dʒɔrdɑ:n], [vɛndəmɑvi] [grɑ:frənɛt]. By die ouer taallaag hoor 'n mens wat vir my klink na 'n kompromie tussen Afrikaans [somərset] en Engels [sʌmərset], nl. [sɔmərset]. By die jonger geslag word weer dikwels gehoor: [ɛləks] vir Alexandria. Boorlinge van Alexandria en omgewing spreek die naam [aləksandriɑ] uit, met die stemlose alveolêre frikatief [s] in plaas van met die stemhebbende alveolêre frikatief [z]. "Alek-
/.... sandryne...

sandryne" he' daarby so 'n kenmerkende spreekwyse dat iemand opgemerk het: "Ek sal 'n Aleksandryn op enige plek in die land uitken aan sy stemklank." Daar praat die mense met 'n nasale intonasie en 'n effens verhoogde, half-opgewekte sonoriteit in die stembuiging. In Albanie klink die uitspraak, volgens 'n segsman, "asof die mense te moeg is om die woorde voluit te sê," m.a.w. met oorverslapping van die spierspanning, bv. [nã:s] vir naderhand, [altais] vir altyd, [kš:s|o:p] vir kom ons loop, [dæysənpot] vir duisendpoot. Dikwels verdwyn die auslaut van 'n woord in die spraakstroom.

Waarskynlik onder invloed van Engels is daar in die suide en suid-ooste van die streek 'n opvallende neiging om die /r/-foneem by sommige woorde weg te laat, veral dié met die voorvoegsel ver-, bv. vergeet [fæxe:t], vertel [fətɛl], verkoop [fəko:p], en woorde met -r aan die einde van 'n lettergreep: hierso [hiso], daarso [daso], gister [xastə], agtermiddag [axtəmədax], deurmekaar [demakə:r], oorlede [oledə], oorle [olə].

Ewe merkbaar is die vervanging van die /œ/-foneem in [hœlə] deur [ɛ] wat uitgespreek word as lae voorvokaal soos in Eng. bad, nl. [hœlə]. Ek meen dat die Xhosataal waarin hierdie klank dikwels en luid gehoor word, hier 'n versterkende invloed gehad het. Dit kom ook hoofsaaklik in die spraak van die ouer geslag voor. Skoolinvloed laat hom hier by die jongeres in die rigting van die AB-uitspraak geld.

Woorde soos ek, plek, ver, sê, melk word ook met 'n oper mondstand as die normale uitgespreek en selfs woorde met in-anlout kry [ɛ] genasaleerd in die uitspraak: ingaan [ɛ̃:xasŋ], ingroei [ɛ̃:xvui], inkom [ɛ̃:kɔm], ens.

/.... By die ...

By die ouer garde in die Albanie-Alex.-Kirkw.-gebied hoor 'n mens veral ook die oorgang van [ə] tot [e], bv. [kənərs] word [tʃenərs] en [xəstər] word [ɛstər] uitgespreek.

Die foneemalternasie [ɔ] x [a] en [ɛ] x [a] kom veral by baie sprekers voor wanneer die woorde onthou en en uitgespreek word:

"Toe ek daar kom, onthou ek wat ek soek," word dan: "Toe ek daar kom, anthou/antou ek wat ek soek."

"An toe anthou ek wat Pa altyd gesê het."

By alle ouderdomsgroepe is die wisseling [a:] x [a] in gaan [xɑ:n] x gan [xan] x gat [xat] en laat [la:t] x lat [lat] aanwesig. Daarby gaan dat in die spraakstroom baie dikwels oor tot lat (40%), veral in Albanie. Een moeder het selfs vertel dat haar kind (op universiteit) in haar briewe altyd lat skryf, "omdat Ma-hulle dan beter sal verstaan."

"Eigenaardig is die oorgang van [xat] tot [xɑ:t] in die spreektaal van die binneland. Dit kan gebeur het as 'n gevolg van betekenis-assosiasie met die liggaamsdeel en 'n daaropvolgende klankdifferensiering, wat versterk geword is deur die meervoudsvorm [xɑ:ta]gate.." meen Le Roux en Pienaar.¹⁾ Hiermee stem ek saam en ek meen dis om 'n soortgelyke rede dat so baie Afrikaanssprekendes praat van kartonbokse en vuurhoutjiebokse in plaas van kartondose en vuurhoutjiedose, ens. By glas x glaas is dit waarskynlik ook die meervoudsinvloed (glase) sowel as die versterkende invloed van die Eng. [gla:s] wat die rekking tot [xla:s] veroorsaak. In dié verband is die resultate nogal insiggewend:

[xɑ:t] (36,8%), [xla:s] (30,7%), [pla:n] (9,5%).

daar gaat hy (37%), daar gat hy (16,5%).

laat (37%) , lat (40%).

/.....Selfs in...

1) Afrikaanse Fonetiek, p.50.

Selfs in die uitdrukking: "Hy vat die gaat" skemer dié houding deur.

In die noordooste van die streek (Sterkst.-Hofmeyr en omstreke) hoor 'n mens weer die wisseling [e:] x [ø:], bv. sewe, teen, speel word in die spraak [sø:və], [tø:n], [spø:l], maar dis 'n verskynsel wat ook wyd verspreid in ander streke voorkom.

Die uitspraak [hø:nəŋ] (26%) vir [hø:nəŋ] (72%) word nog dikwels gehoor, maar henning het saam met 'n ouer geslag bykans verdwyn.

In Die Korrekte Woord p.210 verwys Van der Merwe na die uitspraak oor-losie en oor-dentlik wat nog ondersoek moet word. Die gegewens wat ek verkry het i.v.m. ordentlik in hierdie streek, nl.65,5% x oordentlik (32,5%) bewys dat 'n redelik hoë persentasie sprekers dit met [o:] uitspreek.

Wyd verspreid in hierdie streek is die sametrekking en oorgang van /ɔ/ tot /o:/ in smōrens x smorens [smo:rəns] x [smo:rəns] tot smoors [smo:rs] maar dis veral in die Karoo 'n algemene verskynsel.

ONTRONDING is hier nie so algemeen as wat 'n mens sal wil vermoed nie. Inteendeel. Daar bestaan by baie sprekers, veral in die oostelike streke, die neiging tot oorronding. In die weste en suidweste, dus die Karoo- en half-Karoostreke en in afgesonderde "taaleilande", kom ontronding meer dikwels voor. Baie hang ook weer af van die woorde se frekwensie en die invloed van Kleurlinguitspraak.

<u>muishond</u> [mæyʃhɔnt] (70,2%)	x	<u>myshond</u> [maishɔnt] (29,8%)
<u>beneuk</u> [bənø:k] (64%)	x	<u>beneek</u> [bæne:k] (slegs 3)
<u>neuk</u> [nø:k] (52,1%)	x	<u>neek</u> [ne:k] (22%)
<u>sleutel</u> [slø:təl] (77%)	x	<u>sleetel</u> [sle:təl] (23,4%)
<u>huis</u> [hœys] (71%)	x	<u>hys</u> [hais] (31,9%)
<u>tuin</u> [tœyn] (73,3%)	x	<u>tyn</u> [təin] (29%)
<u>muis</u> [mœys] (75%)	x	<u>mys</u> [mais] (25,9%)

/....uitbetaal ...

uitbetaal [œyʔbata:l] (74,1%) x ytbetaal [aitbata:l] (29,1%)
nuus-, nus-, muskierig (77,3%) x nies-, nis-, miskierig (29,7%)

Ontronding kom ook meer dikwels voor in die geselstaal van die jonger geslag. Moontlik hou dit weer verband met die onderwys wat die ouer geslag in Nederlands ontvang het.

Die oorgang van /o/ tot /ou/ word dikwels gehoor by die uitspreek van woorde soos motor, hotel, protes, folio, piano wat, onder die invloed van Engels, as mouter, houtel, proutes, fouliou, pianou uitgespreek word.

'n Mens hoor sporadies hier ook nog (soos in die res van die Afrikaanse spraakgebied): oener [unər] (vir onder [ɔnər]), roesie [rusi] vir rusie [rysi], maar feitlik deurgaans Joelie [juli], Joenie [juni] en Loekas [lukas]

Die wisseling /ɔ/ x /u/ het 'n veel uitgebreider verspreiding, bv. korhaan [kɔr ha:n] x koeraan [kura:n]; lg.= (33%).

In Albanie word die lae agtervokaal [a:] dikwels halfronnd, byna soos [ɔ:] uitgespreek. "Op my pa en ma se plaas is daar baie bome," klink dan byna soos [ɔp mai pɔ: en ma: sə plɔ:s əs dɔ:r baia bo:ma].

'n Baie interessante ontrondingsverskynsel tref 'n mens aan by: okkerneut [ɔkər nø:t] (21,5%) x okkerneet [ɔkər ne:t] (45,8%) en onkerneut [ɔŋkər nø:t] (28,5%) x onkerneet [ɔŋkər ne:t] (slegs 6 genoem).

Die wisseling van [ə] x [a] voor [x] in die auslout kom baie voor, bv. wrintig (47,5%) x wrintag (32,8%)

regtig (6%) x regtag (7,4%), maar rêrig (4,3%) x rêrag (30%), nogtans het die plat uitspraak besag (22,6%) teenoor AB besig (77,4%) nie veld gewen nie.

Die oorgang van [ɛ] tot [ə] soos in tent [tɛnt], omtrent [ɔmtrent], present x persent [prəsɛnt] x [pərsɛnt], ordentlik [ɔrdɛntlik], helder x

/.... helder ...

heller[hɛldər] x [hɛlər] en ken[kɛn] wat tot tint[tɪnt] ,omtrint [ɔmtrɪnt], persint[pərsənt], oordintlik x ordintlik [ɔrdəntlik] x [ɔrdəntlik], hiller[hələr] en kin[kən] verander, vertoon 'n ewe interessante spreiding in die Oos-Kaapse streek. Behalwe omtrint (24,1%) wat in die hele gebied voorkom, maar ook net sporadies oos van Albanie, en oordintlik (11 gevalle) x ordintlik (3 gevalle) is al die ander [ə]-vorme beperk tot Gr.st., Alex., Bedf., en die streke ten weste en noordweste daarvan. Dit is ook dié gebied waar die Kleurlingbevolking in groot getalle woon en werk, en sterk invloed deur hulle spreekwyse is baie waarskynlik. In S.ville, J.ville, W.more, Aberd., Gr.Rt. en De A. kom die [ə]-uitspraak baie algemeen voor. Die oorgang van [ə] tot [ɛ] kom slegs by enkeles van die ouer garde voor in distrik [dastrik] wat oorgaan in distrek [dastrek] (5 opgeteken), akkedis [akədəs] in akedēs [akədəs] (3 gevalle), terwyl gesig [xəsəx] wat oorgaan in geseg [xəsɛx] (13,7%) x gaseg [xəsɛx] (net 8) sporadies deur die hele streek gehoor word.

Die oorgang van [a] tot [ə] toon 'n ewe lae frekwensie en beperkte spreiding, behalwe in die geval van party [partəi] (71,5%) x pirty [partəi] (15%) wat eweredig oor die hele gebied voorkom. kin [kən] en die assimilasievorm kinnitie [kənəti] (7,6%) kom ook net in en om Albanie en verder suid en suidwes voor.

Die verdowwing van [a] in vanmōre x vanmore en vanmiddag tot [ə] saam met sinkopee van [n] deur regressiewe assimilasie: vimōre [fəməərə] (26,2%) x vimore [fəməərə] (16,5%) en vimiddag [fəmədəx] (26,8%) met eweredige spreiding oor die hele streek, toon duidelik dat die spraakmakendes dit nie volgens die spelvorm uitspreek nie.

Die oorgang van [a:] tot [aou] x [ou] soos in grawe [xra:və] (43,6%) x graaf [xra:f] (11,2%) tot grau [xraou] (36%) x grou [xrou] (31%) sluit aan by die uitspraak in die gebiede verder noord.

DIE KONSONANTE:

Om al die verskynsels met betrekking tot konsonant-wisseling, metatesis, ens. wat die medeklinkers in die spreektaal van hierdie streek vertoon, te bespreek sal bloot van akademiese belang wees, aangesien die meeste daarvan oor die hele Afrikaanse spraakgebied voorkom. Dit was ook nie die doel van hierdie ondersoek nie, maar slegs om vas te stel watter kenmerkende verskynsels hier aangetref word.

Sommige van die interessantste vorme is nie deur die vraelys gedek nie, maar in kort gesprekke en deur daaglikse omgang met Afrikaanssprekendes, gepaard met aanvullende aantekeninge by talle lysste, kon ek vasstel dat dié spreektaalvorme 'n redelik algemene spreiding in bepaalde streke het.

(i) Eerstens geld dit die intervokaliëse, stemhebbende voor-velêre eksplosief [g] wat dikwels gehoor word by die uitspraak van woorde soos oë [ogə], hoë [hoga], eie [aigə], eienaar [aigana:r], dae [daga], wie [vəga].

Hierdie verskynsel is nie net tot Albanie beperk nie, maar die hoë frekwensie daarvan in hierdie streek is baie opvallend.

(ii) 'n Tweede uitspraakvorm wat veral in die Albanie-omgewing, maar ook sporadies oor die hele streek voorkom, is die geprepalatiseerde k veral by die uitspraak van kinders/kinners wat dan oorgaan tot tjeners x kjeners. In veel beperkter mate hoor 'n mens dit ook by die uitspraak van ander woorde, nl. vóór voorvokale, bv. kjêrel (11,6%) x tjêrel (waarvan slegs 6 opgeteken is. Ook kerk > kjerk x tjerk word nie so dikwels gehoor nie; by kuiken en kuile het ek dit nie gehoor nie, maar wel soms by keller x kelder > kjeller/tjeller.

/..(iii) Dis natuurlik ...

(iii) Dis natuurlik bekend dat die [nd]-foneemopvolging in Afrikaans die gunstigste is vir perseveratiewe assimilasië. So het ek dit ook hier gevind:

hinder [həndər] > hinner (48,6%) en henner [hɛnər] (16%)
honde [hɔndə] > honne (38%) en hōne [hə:nə] (2%)

Dit is veral ook die geval by in die, onder, kinders, aan die, van die, skande, tande, hoender, ens., maar dis 'n algemeen-Afrikaanse verskynsel, terwyl die assimilasiëwerking by die [ld]-foneemopvolging aanmerklik minder optree: helder [heldər] > heller [hɛlər] (18%), en hiller [hələr] (10%). Dis jammer dat ek nie kelder in die vraelys ingesluit het nie, want ek vermoed dat die assimilasië by dié woord sterker werksaam is, soos ook by wildehoender (27,5%) > willehoener [vələhunər] (37,6%).

By 'n bestudering van die ingevulde lysie blyk dit dat die assimilasië in baie groter mate voorkom in die spraak van die jonger geslag. Die ouer garde hou hulle nog in 'n hoë mate aan letteruitspraak.

Net so hoog is die frekwensie van perseveratiewe assimilasië by die [rd]-foneemopvolging in: hierdie [hi:rdi] > hierie [hi:ri]
en daardie [da:rdi] > darie [da:ri] (39%).

Laasgenoemde gaan weer, met sinkopee van [r] oor tot daai (25,4%) en dai (4).

(iv) Sinkopering van [h] kom net so dikwels voor: het hulle toe [hətəlatu], geloop het [xəlɔpət], ek het [ɛkət], ens., soos ook by korhaan (31%) [kɔra:n] x koeraan (69,6%) [kura:n].

(v) By almal > ammal [aməl] (29,7%) word sinkopering van [l] veroorsaak deur antisipatoriese assimilasië. Dieselfde gebeur met die /n/-foneem in vanmōre (38%) > [fə] of [fa] sonder [n] in die anlaut:

/... vimōre ...

vimõre[fãmo:rã] x vemore [fãmo:rã] x vamõre[famã:rã] x vamore[famõ:rã] (70%)
vanmiddag (met /n/=34,3% > vamiddag[famãdax] x vimiddag[famãdax] (70,9%).

Dit is interessant dat die vervanging van [d] deur [r] in va(n)mid-
dag wat oorgaan tot vamirrag x vimirrig[famãrãx] (19 gevalle) slegs
beperk is tot die gebied in die suide en suidweste en in die heel
noordelike streke rondom Gr.Rt., Noup., Molt., Cath., Sterkst. Die-
selfde verskynsel kom voor by koedoe wat oorgaan tot koeroe. Die
10 gevalle met [r] is almal in die omgewing van Gr.st., Doug.H.,
P.E., Bedf. opgeteken.

geneesmiddel: Die 15 lyste wat geneesmirrel aandui, kom ook almal
uit dieselfde omgewings, maar borrel (vir bottel), met hoër fre-
kwensie in die daaglikse omgang, toon 'n baie algemener spreiding.

(vi) 'n Ander interessante verskynsel is die assimilasie van die
stemlose middel-velêre eksplosief [k] met die stemlose alveolêre
frikatief [s], bv. in muskeljaatkat wat oorgaan tot musseljaat-
kat x misseljaatkat.

METATESIS:

Hiervan is die enigste belangrike voorbeelde:

Afrikaans x Afferkaans wat algemeen gehoor word, en present (54%)
x persent/persint (49,8%).

Die enigste ander noemenswaardige verskynsels is die protetiese [s]
by sperskes x sperskies (20,5%) en die epentetiese [ŋ] by onker-
neut[ɔŋkãrno:t] x onkerneet[ɔŋkãrne:t] (30,7%).

HOOFSTUK V.

Die Invloed van Engels.

INLEIDING:

Aangesien Afrikaans eers in 1925 as amptelike taal erken is, is dit begryplik dat hy meer aan beïnvloeding deur Engels blootgestel was as wat anders die geval sou gewees het. Maar daarby het die Engelse invloed aanvanklik beperk gebly tot die groter sentra en was die afgesonderde Afrikaanse gemeenskappe en gesinne, ook in hierdie streek, betreklik vry van dié vreemdetaalinvloed. Die kinderryk gesin van destyds het ook in mekaar en in bure se geselskap voldoende sosiale kontak behou.

Die Britse bewindhebbers het egter reeds sedert 1795, maar veral ná 1814, nuwe begrippe en name gebring, en in die spreektaal is baie daarvan oorgeneem en "verafrikaans". Die juts, die koort, die pampier, die stokvêr, die sipperyter, die ienkiebyter, die ferenner (Eng. verandah) en later die mouterkar en 'n menigte ander was nuwighede wat in die omgangstaal "genoem" moes word. Mettertyd het die boeregemeenskap ook begin brekfis/brikfis en dinner/dienar en sopper. Hierdie kulturele ontleninge was aanvaarbaar, want volgens die begrippe van daardie tyd was dit te verwagte dat Engels uiteindelik die enigste landstaal sou word - hoe gouer dus die aanpassing hoe beter.

Versnelde ontwikkeling op ekonomiese en nywerheidsgebied, en vinniger verkeersmiddele, gepaard met 'n ontwakende taalbewustheid en verpligte skoolbywoning, het ander toestande geskep. Die wedersydse aanraking het wyer uitgekring en intieme ontleninge het langs die weg van die individu en die Afrikaanse gemeenskap deurgedring sodat baie Afrikaanssprekendes in hierdie streek 'n toestand van dubbeltaligheid met ontsporinge in albei landstale

/.... bereik het...

bereik het. Uit die gedwonge naasbestaan met Engels het Afrikaans eintlik baie voordeel getrek, aangesien die strewe na gelykberegting 'n buitengewoon snelle vooruitgang daarvan bevorder het.

Die twee taalpatrone loop hier so deurmekaar en kruis mekaar in so 'n mate dat taalvermenging in die spreektaal duidelik merkbaar is. As 'n mens egter noukeurig luister, dan kom jy agter dat iemand in 'n onbewaakte oomblik sal sê: "In die smêsj het die bamper gebreek, die reddieyter is beskadig, maar ek het nie 'n spenner gehad om te tjek wat alles fout was nie," maar in 'n ander gesprek sal dieselfde spreker later vertel dat in die botsing die buffer gebreek en die verkoeler beskadig is, maar dat hy nie 'n moersleutel gehad het om vas te stel wat alles verkeerd was nie.

Die wese van Afrikaans is, volgens prof. J. Smuts, slegs in 'n geringe mate aangetas en daarom beweer hy: ¹⁾ "Afrikaans has suffered remarkably little interference as a result of close contact with English" en "...the degree of interference suffered by both languages as a result of contact over a long period differs very little, at least as regards educated speech and the written language." In die gewone spreektaal is die invloed egter baie groter.

Dit is duidelik dat tegniese terme en die name van handelsartikels nog die meeste probleme oplewer. Ek wonder of die reekse tegniese woordelyste nie meer pertinent onder die aandag van die algemene publiek gebring moet word nie. Talle medewerkers uit verskillende omgewings in die ondersoekgebied het opmerkings soos die volgende geskryf:

"Ek praat met die Baai oor die telfoon."

"Ek laat my baaisiekkel spin."

"Hier is meer houtelle as gheraadjes."

"As ek my rakbietoks aan het en my soetkys is gepak, gat'k eers

/.... gou die ...

¹⁾ Smuts, J.: A *Friendship of Forces*, pp. 26-27

gou die saailinser welt. Ná die ghym kan ons hulle gaan optel, want ek't siets geboek vir vinaant se sjou."

"Ons praat van brieke, plaks, kaberyter, gheers 'change', keraats."

"Hier praat ons gemaklik van balpie, strêppie, djersie, brekfis, sopper en optjek."

Een medewerker het mooi aan my verduidelik: "Meneer moet maar agteryt riwêrs tot by die koeraats want die wên staan nou innie pat."

Met verwysing na Engels het een medewerker die volgende telefoongesprek, wat 'n Engelssprekende boer met sy Afrikaanssprekende buurman gevoer het, woordeliks weergegee:

"Man, jong, Albie, this bleddie droogte is getting me down. And the jakkalse! Moenie praat nie. This morning I rode along one of my boundary fences and I found no less than four deerkrypplekke. My sheep are darem still nog mooi." En so begin ons mekaar al beter verstaan.

In dié proses speel die radio ook 'n aansienlike rol. Ná die oorstromings in die Visriviergebied vroeg in 1974 het die vlieënier van 'n helikopter in 'n onderhoud vertel: "Daar was rye en rye van mense. Ek't ses mense opgetel. Later het'k die dokter soointoe gevat. Toe moes'k weer 'n anner een invlieg... Hulle was baie blyer meddie sigarette as meddie kos."

Gegewens in die vraelyste bewys dat Engelse invloed, veral op leksikale vlak, oral merkbaar is: hoepoe, sweethearts, funnybone, popkoring, ens. (onder die eerste 22 woorde), en sopper (70,8%) x sapper (9), dinner x dienar, gooseberry (3), brille (56%) x glase (14) x speks (1), steekpere (13), pay (1), mirage (3), meer interessant (33,5%) x meer interessanter (12), ym (aanlê)(2), konnek (foeter) (1), moef (maak gou) (1), sport (grapmaker) (1), clown (1), trieks (manewales) (1), al die pad x allie pad(14%),

/.... almal van ons ..

almal van ons (28,2%), ons het gaan waak (wandel)(93), stokvêr (97), papier/pampier (koerant)(114), konsent(e)(91), ghiek (76), skwosj-boks (43) - maar, soos baie medewerkers ook beweer het, die meeste hiervan is as argaïstiese spreektaalvorme aan die verdwyn, soos stokvêr en papier/pampier. Selfs sipperyter word al meer vervang deur romer of skeier.

Die orige woorde in die lysie, afgesien van sopper, brille x glase, meer interessant(-er), al die pad, almal van ons, kom slegs sporadies voor.

In die uitspraak is daar aanduidings van beïnvloeding, bv. die weglating van die alveolêre riller [r] by vetel, vekoop, deeme-kaar, olede, ronding van die [a:] by plaas [p|ɔ:s], pa [pɔ:], ma [mɔ:], ens., maar origins word die Engelse klanke gewoonlik getransfone-miseer en verafrikaans uitgespreek: opstêrs, tjek, traai, ghêrboks, ens., en by een spreker het ek selfs gehoor permiete (Eng. permits) en by 'n ander kriets (Eng. crèche); skape word gedous en beeste word gediep; ons gaan met die mouterkar beeskoop toe en ons kook op die lektriese stouf/stoof.

In hierdie streek word alles "geroep"; "Ons roep hom sommer ghar-tjie." So het 'n jong polisieagent onder kruisverhoor gesê: "Ja, U Edele, ons moes hom van die stoel af lostrek, as 'n mens dit geweld kan roep." Hierdie spreekwyse word sporadies dwars-oor die land aangetref, maar in Albanie hoor 'n mens dit by oud en jonk, en daaraan sal ek 'n boorling van die streek uitken. Die frekwensie daarvan by boorlinge van Albanie kan op ten minste 80%+ gestel word.

anders word hier foutief gebruik: "Ek was daar, maar die anders (the others) het nie gekom nie."

Wat in ander gebiede interessanter is, is in hierdie streek (met

/.... eweredige ...

eweredige spreiding na verhouding)(33,5%) meer interessant of meer interessanter (lg. veral in Albanie deur 11 aangedui). Die neiging tot die gebruik van die dubbele komparatief kan al hoe meer hier in Albanie waargeneem word: meer eerlik(-er), meer belangrik(-er). Talle mense in die hele streek dra brille (56%), maar dié wat glase aandui, is tot die Albanie-omgewing beperk, en een in Salem praat van speks.

Almal van ons (28,2%) gaan al die pad (14%) met jou saam as jy gaan waak (93)=Aanvullende Lys.

Bale mense gaan hier mal oor iets (Eng. go mad) en alles gaan so: "Hy gaan so met sy hande", i.p.v. hy maak so met sy hande.

Alles gaan op: pryse gaan op, nuwe huise gaan op, die kos in die huis gaan op, ens. Dikwels word daar gevra: "Wat is op met jou?"

Hier hoor 'n mens dikwels aan die einde van die sin wat ek wil bestempel as 'n beamingsvraagstelling: "Sien?"

"Ek sal dit môre terugbring, sien?" (Eng. see?)

"Ek kon nie in tyd (betyds) daar kom nie, sien?"

Ook nè word in die omgang so oorwerk: "Jy verstaan mos, nè?"

"Daar was die drie van ons, nè? En toe gebeur wat ek altyd verwag het, nè?"

In Oos-Londen en omstreke is dit weer die gewoonte om in dieselfde verband "Weet?" te gebruik. (Eng. you know?)

"Ek was ook maar haastig om weg te kom, weet?"

"Dit gaan môre 'n mooi dag wees, weet?"

Dit is ook opvallend dat die neiging tot pleonastiese verkleining wat in ander dele van die Afrikaanse spraaklandskap veelvuldig voorkom, bv. koppietjie, boompietjie, bossietjie, stroOMPIETJIE, ens. hier byna geheel en al afwesig is. By voorkeur word gepraat

/.... van 'n

van 'n klein koppie, 'n klein mandjie, 'n klein bossie, e.s.m. Ek meen dat dit aan die invloed van Engels toegeskryf moet word. Selfs by gewone verkleining hoor 'n mens dikwels: "Bring vir my daardie klein stoel/ mes." "Hy het ook nou 'n klein motor gekoop."

Net so opvallend is die weglating van die tweede nie by die dubbele ontkenning: "Ek kan nie nou kom."

"Nêrens was iets te sien."

"Niemand het gewerk toe ek daar kom."

"Ek het geen geld om boeke te koop."

Kenmerkend van die Afrikaanssprekende wat in die Albanie-streek grootgeword het, is die invloed van Engels op die refleksiewe self:

"Ek het dit myself gesien."

"Ek myself het dit aan jou gepos."

"Hy homself was daar om te sien wat gebeur het."

"Geniet jouself op die party."

"Sy haarself het so gesê."

"Julle kan dit julleself doen."

Hierdie verskynsel word ook, maar met 'n baie laer frekwensie, in ander gebiede aangetref. In die omgangstaal van die Afrikaanssprekende word die betreklike voornaamwoord wat dikwels uitgestoot deur wie (Eng. who) maar nêrens met so 'n hoë frekwensie as in die Albanie-gebied nie:

"Die man wie met my gepraat het, is die bestuurder."

"Hier woon die mense wie so praat."

"Ek het nog net een persoon ontmoet wie vir my gevra het of ek nog skool gee."

In die streek vanaf King William's Town, Berlin tot in Oos-Londen is die gebruik van doen, onder invloed van Eng. I do, so algemeen dat sommige onderwysers(-esse) dit ook gebruik, bv.:

/.... "Jannie, gaan ...

"Jannie, gaan voort met jou werk!" "Ja, ek doen, Juffrou."

"Jy slaan darem elke keer die bal raak." "Ja, ek doen."

"Jy werk al weer verkeerd." "Nee, Juffrou, ek doen nie."

Buite die grense van genoemde gebied het ek dit egter nog nie gehoor nie.

Die volgende gebruikswyses van optel word dwarsdeur die land gehoor, maar hier het dit 'n baie digte spreiding:

"Ek het al weer gewig opgetel." (swaarder geword).

"Sal jy my vanaand voor die Stadsaal kan optel?" (oplaai).

"Ek sal die pakkie by die stasie gaan optel." (afhaal, oplaai).

"Waar het jy daardie woord opgetel?" (gehoor, aangeleer).

"Jy sal moet optel in jou werk anders druip jy." (verbeter).

"Die rumatiek tel my so op dat ek nie kan slaap nie." (pla my so).

"Ek het dit op die typ opgetel" (op band opgeneem).

Hier word die anglisistiese agter ook dikwels gehoor:

"Sy moes agter die kind kyk." (die kind oppas).

"Hy kyk snags agter die gebou." (bewaak dit).

"Hy vat agter sy pa aan." (aard na sy pa).

"Dit sal agter alles tog weer eendag regkom." (na alles).

In die omgewing van Alexandria en Albanie word dikwels gehoor:

"Ons groei sigorei/mielies/pynappels". (i.p.v. kweek/plant).

Hier hoor 'n mens ook baie keer, soos elders in die land:

"Daar gaan die klok." (lui die klok), maar H.J. Terblanche meen tog dis "goeie en aanvaarbare Afrikaans."¹⁾

Die volgende uitdrukkings word min of meer dwarsdeur die land gehoor, maar in die ondersoekgebied het dit na my mening 'n baie hoër frekwensie as elders:

/...."Toe ek eers ...

¹⁾ Regte Afrikaans, p.24.

- "Toe ek eers hier gekom het." (Eng. When I first came here.)
"In my opinie." (na my mening, myns insiens.)
"Die wedstryd kom môre af." (word môre gespeel.)
"Dit is meer of min korrek." (AB: min of meer.)
"Ek het maar 'n kans gevat." (dit gewaag)
"Gaan kyk dit op in die woordeboek." (slaan dit na.)
"My het laat opgedraai by die werk." (laat opgedaag.)
"Moenie dit oordón nie." (moenie oordryf nie.)
"Ek sien jou punt." (Eng. to see your point.) (begryp.)
"Hy het darem sy goeie punte ook." (goeie eienskappe, verdienstes.)
"Wat is die tyd?" (Hoe laat is dit?)

Baie dinge word hier gesit: Ligte, radio's en stowe word aangesit en afgesit, water en olie word ingesit, boeke word weggesit, blomme word ingesit; as mense lastig is, word jy maklik afgesit, ens. Von Wielligh het reeds daarop gewys: "Die neiging om letterlik uit een taal in die eie taal, of omgekeer oor te sit is nie 'n plaaslike verskynsel nie, maar wel 'n algemene een...."1). Daarom sal dit oorbodig wees om al die honderde anglisismes wat wel hier, maar ook elders in die spreektaal voorkom, neer te skryf.

Die gevolge van meertaligheid in hierdie streek word mooi weergegee in die aanhaling uit Jespersen: "Schuchardt rightly remarks that if a bilingual man has two strings to his bow, both are rather slack, and that the three souls which the ancient Roman said he possessed, owing to his being able to talk three different languages, were probably very indifferent souls after all."2)

Tweetaligheid, en in die meeste gevalle drietaligheid, sowel as
/.... ekonomiese ...

1) op.cit. p. 201.

2) Boshoff, S.P.E.: Ons en ons Taal: Radiopraatjies, p.9.

ekonomiese, staatkundige, politieke, letterkundige en sosio-kulturele faktore het tot gevolg dat woorde soos bobôi, songhololo, tjaboontjie, tollofieas, dinner, sopper, stokvêr en talle ander in so 'n mate gemeengoed word dat ons nie meer daarvan bewus is dat ons so 'n mengeltaal praat nie. Maar daarby moet onthou word dat ontlening die natuurlikste ding ter wêreld is en dat dit ook bevrugterend op die ontlenende taal kan inwerk. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat sprekers in hierdie geweste so meertalig kan word dat hulle eintlik eentalig is met 'n meerledige uitdrukkingsmiddel, maar so 'n waarskynlikheid, te oordeel na die huidige stand van sake, lyk na 'n hersenskim. Gesien ook in die lig van die lang tydperk waartydens Afrikaans hom gehandhaaf het, dikwels in ongunstige omstandighede, sal die bestaande toestand nog lank voortduur met wedersydse beïnvloeding in meerdere of mindere mate deur al drie die belangrikste tale wat hier gebesig word: Afrikaans, Engels en Xhosa.

HOOFSTUK VI.

Tendensies in die omgangstaal.

Inleiding:

Soos uit die voorgaande blyk, bestaan daar in die Afrikaanse omgangstaal van hierdie streek 'n ryke verskeidenheid. Afrikaanssprekendes maak hulle dikwels skuldig aan swak taalgebruik.

Bloomfield (soos aangehaal deur Posthumus¹) beweer: "...the individuals who make up the community do not succeed in following the system with perfect uniformity..... different speakers at times will violate almost any feature of the system."

Algemeen-beskaafde Afrikaans staan ook hier oop vir alles wat daar buite Afrikaans is, sodat dié oopheid 'n randgebied om die kern laat ontstaan, 'n randgebied waarin daar steeds spanning heers tussen die vaste en die vervlietende en die vreemde. Hierdie gistingsproses veroorsaak tentatiewe taalstrominge.

Sapir²) beweer in dié verband: "Language moves down time in a current of its own making. It has a drift." Die veranderinge wat wel hier en elders in die spreektaal aan die gang is, dui egter nog nie op 'n vaste koersgerigtheid nie; daarom moet dit voorlopig slegs as tendensies beskou word.

Nuwe woorde en taalgebruiksvorme, wat altyd by die individu begin, kan as eendagsverskynsels daar doodloop, of dit kan die taalsistiem van ander sprekers binnedring, kumulatief word en 'n bepaalde rigting in die taalgebruik van 'n gemeenskap kies. Hierdie lineêre voortstuwing van stadige, haas onopgemerkte, nietemin voortdurende taalverandering langs die tydsas was seker die primêre krag in die 17de-eeuse Hollandse dialekte wat hier in Suid-

/.... Afrika ...

1) Taalfasette Deel I, p.76.

2) op.cit., p.150.

Afrika voortgewerk het sodat die sogenaamde "grammatika van foute" wat hier in hoofsaak 'n vereenvoudigingsproses was, 'n nuwe taal laat ontstaan het.

Nuwe analogiese skeppinge kan meermale 'n neiging laat ontstaan nadat die analogie vroeër reeds taalwysigend opgetree het. Landwyd is so 'n fonologiese tendensie reeds waarneembaar in die neiging tot ontronding, veral by die jonger geslag. By die ontronding van -uu-, -eu-, -ui- en -u- (soos in bv. muur, deur, huis, put), is daar egter nog 'n effens geslote lipstand waar te neem.

In Hoofstuk IV, p.66 is daar reeds gewys op die verskynsel wat in hierdie geweste waargeneem word, nl. die uitspraak van [ɛ] wat opvallend laer gevorm word by woorde soos helle(hulle), ek, plek, gek, ens.

Daar is ook gewys op die geslotener lipstand by die uitspraak van die [a:] in plaas, pa, ma, d.w.s. in die rigting van [ɔ:] (p.69).

Morfologiese afwyking van die AB-patroon van Afrikaans is waarneembaar in die toenemende perifrastiese of suppletiewe komparasie met meer en mees teenoor die ouer afleidende komparasie met -er en -ste, veral by meerlettergrepige adjektiewe. In hierdie gebied, blykbaar onder invloed van Engels, is dié tendensie duidelik waarneembaar, hoewel ek dit enkele kere ook al in ander sentra gehoor het: meer leergierig, meer selfstandig, meer ontwikkel, 'n meer geskikte tyd, die mees geskikte tyd, die mees betroubare werker, die mees aangename vakansie wat ek nog gehad het.

Die vorme met -te of -de by die adjektiewiese verlede deelwoord loop deurmekaar en dit dui op wat Posthumus noem "kritiek op die sisteem" en dis 'n aanvreting en versteuring van die patroon:

bebosde < beboste, aangehegde < aangehegte, gewensde < gewenste,
/.... begrenste

begrenste > begrensde, ens. Onsekerheid oor wanneer -de of -te bygevoeg word, het tot gevolg dat hierdie verskynsel landwyd voorkom en nie slegs tot die ondersoekgebied beperk is nie.

In die omgang is daar ook gisting ten opsigte van die gebruik van die verlede deelwoorde van sommige "sterk" werkwoorde wat adjektiewies in oordragtlike betekenis gebruik word, bv. "Die saak is agter geslote deure verhoor." Dit word 'n gewone spreekwyse om te praat van: agter gesluite deure, die bederfde moderne jeug, dit is mos 'n beklinkte saak, hy het nie die aanbeveelde weg gevolg nie. Die sogenaamde sterk verlede deelwoord word nou deur nuwe analogiewerking in die spreektaal opgeruim en swak gemaak. In hierdie streek het ek dié spreektaalneiging meer dikwels gehoor as in enige ander streek wat aan my bekend is.

Die volgende twee veranderinge kom deur die hele land voor, maar hier is die neiging om dit foutief te gebruik so algemeen dat etlike intrekkers uit ander streke my aandag daarop gevestig het, nl. (a) die deurmekaarloop van die ausloutvorme -e en -te by meervoudsvorming: jaste (i.p.v. jasse), buste (busse), tandkaste (tandkasse), troste bessies (trosse), boste (bosse), selfs ook klaste (klasse), matraste (matrasse), plaste water (plasse), kloste (klosse).

(b) Hierteenoor word -t- weer uitgestoot in woorde waar hy histories behoort te staan. So hoor 'n mens dikwels dat markte oorgaan tot marke, resepte word reseppe, tekste word tekse, borste word borse, ens. In die skryftaal word die korrekte vorme nog gehandhaaf, maar in die geselstaal van baie mense is die foutiewe vorme algemeen.

Op die uitbreiding van die refleksiewe -self wat hier onder die

/.... invloed van ...

invloed van Engels hand oor hand toeneem, is ook in die vorige hoofstuk gewys (p.79): "Ek het dit myself gesien," ens. Hoewel dit oor die hele land by Afrikaanssprekendes gehoor word, is die hoë frekwensie daarvan in die Albanie-gebied 'n aanduiding van 'n baie sterk neiging in dié rigting.

Deur 'n kunsmatigheid in die taalreëls in die 17de eeu is gedeutere dat werkwoorde met die voorvoegsels be-, ge-, er-, her-, ont- en ver- nie 'n ge- in die verlede deelwoord darf kry nie; dus: "Ek het besluit, ... het herken, ...het ontvang," ens. Die taalwysigende mag van die analogie is blykbaar sterk besig met 'n nivelleringsproses en sisteemdwang is besig om in die spreektaal van al die streke, hier en elders, dié werkwoordelike kategorie op te ruim. Ek noem dit interessantheidshalwe, want 'n mens hoor hier ook dikwels: "Ons het gebesluit...; ek het hom onmiddellik geherken; ek het dit nog nie geontvang nie; ons het al die werk gehersien; ek het alles geverkoop; hy het die hele storie gevertel." Gesels word nog nie in dié stroming betrek nie, waarskynlik vanweë die klankkombinasie gege-. Eweneens hoor 'n mens geprobeer, gebaklei, ens.

Hier is ook, soos in ander streke, 'n toenemende gebruik van heel- na analogie van heeldag, heeltyd, heelnag en nou ook heelweek, heeljaar in plaas van die ouer vorm "die hele week", "die hele jaar." Gegewens uit die vraelyste dui aan dat 46,4% van die sprekers sê heelpad teenoor 45,5% wat sê "die hele pad" en in hierdie streek sê reeds 14% op anglisistiese wyse "al die pad."

'n Interessante kontaminasievorm, wat in 'n beperkte mate landwyd voorkom, is besig om hier veral vinnig veld te wen, nl. uit skoolhou en onderwys gee het skool gee ontstaan. Gegewens en aanvullen-

/.... de aantekeninge ...

de aantekeninge vir hierdie streek (25,4%) bewys dat dit veral in sekere gebiede soos Bedf., Adel., Katb., Albanie en Peddie baie algemeen is, maar dat dit reeds deur die res van die gebied sporadies voorkom en dat ouers 'n vergeefse stryd voer om hulle kinders "reg te leer praat". Tuis word die nuus vertel: "Juffrou Swart het vandag vir ons skool gegee."

"Mr. Buys gee nie meer vir ons skool nie."

Uit noordwestelike rigting begin 'n ander spreekwyse die gebied binnedring: "Hy loop nog skool." (Hy gaan nog skool.)

"Waar het jy skool geloop?"

"Verlede jaar het hy ook daar skool geloop."

Die Kleurlinge sê hier deurgaans: "Ek het dit nie gehet nie," en selfs in die spreektaal van sommige blankes begin dit voorkom. So word dit deur 10 informante aangedui, maar ook net in die suidweste van die streek, nl. J.ville, P.E., Alex., Boesm., Albanie en tot by Ped.

Nog 'n streektaaltendensie in Kleurlingafrikaans is hier waarneembaar: "Ek sal môre vroeg daar is," in plaas van sal daar wees. Hierdie tendensie tot vereenvoudiging het ek egter nog nie in die omgangstaal van blankes gehoor nie, maar by Kleurlinge kom dit deur die hele land voor, ook by vooraanstaandes en geleerdes.

Sterk aanduidings van 'n stroming by die besittlike voornaamwoorde hare en syne is in die Aanvullende Vraelys vir die hele streek gevind, nl. 39 gevalle. Hier in Grahamstad is dit by 'n sekere laag van die Afrikaanse gemeenskap (en veral by kinders) vaste gewoonte om te sê: "Dis haarne in plaas van dis hare (dit behoort aan haar.) Daar word selfs gesê: "Dis haarne boek, Juffrou." Die vorm het waar-

/.... skynlik ...

skynlik ontstaan na analogie van dis myne, joune, syne. In welke mate dit buite die grense van die ondersoekgebied voorkom, kon ek nie vasstel nie, maar dit is die enigste streek waar ek dit al gehoor het.

Byna net so sporadies (32 gevalle) kom die spreekwyse "dis hom s'n" of "dis homme s'n" ook voor, waarskynlik na aanleiding van: "Dis Jan s'n/ Ma s'n," ens. Selfs: "Dis hom se boek" word soms gehoor. Dit sal interessant wees om vas te stel of en in hoe 'n mate hierdie verskynsel ook in ander streke voorkom, want buite die grense van hierdie streek het ek dit net een keer jare gelede in Willowmore gehoor.

Soos by liewer, wat in die omgangstaal oorgaan tot liewerster, word hier taamlik algemeen gepraat van oralster/orilster x oral of orals. In die Karoostreke word dit in die omgangstaal van die ouer geslag dikwels gehoor.

'n Sintaktiese stroming is veral op te merk in die toenemende gebruik van die voorsetsel vir voor die direkte voorwerp, of anglicisties om tyd aan te dui of ander voorsetsels te vervang: "Ek soek vir hom," "Ek slaan vir jou," "Ek gaan vir hom kuier," "Ek sien vir jou," "Ons boor vir water," "Gaan jy aansoek doen vir die betrekking?" "Ek sal vir 'n week weg wees," "Jy kan dit vir R3 koop," "Vir watter rede doen jy dit?", "Hy bedel vir brood." Die invloed van Engels speel hier natuurlik 'n versterkende rol, maar dié tendensie kom landwyd voor en is geensins tot hierdie streek beperk nie.

Ewe groot gesting bestaan met betrekking tot die voorsetsel van. "Met ingang 1 Mei," (in plaas van: met ingang van 1 Mei); of van word gebruik in die plek van deur: "omring van, vergesel van,"

/.... i.p.v. omring deur..

i.p.v. omring deur, ens. Ook hierdie verskynsel is, sover ek kon vasstel, taamlik algemeen.

Dikwels word die posisies van voorsetsel en bywoord omgeruil:

"In veral twee gevalle is dit duidelik dat....", (i.p.v. veral in twee gevalle....); "In byvoorbeeld" (i.p.v. Byvoorbeeld in); "Hy het in nogal heelparty vakke goed geprester" (i.p.v. Hy het nogal in heel.....); "Dit bestaan uit meestal...." (i.p.v. meestal uit...); "Daar is 'n tekort aan veral suiker" (i.p.v. veral aan ...); "Oor selfs 'n potlood verskil hulle " (i.p.v. selfs oor). Hierdie onnodige omskakeling het ek ook by sprekers uit baie ander streke gehoor en ek wil aanneem dat dit landwyd voorkom. Oor die rede vir dié neiging kan ek nie 'n mening uitspreek nie - miskien klink dit vir die spreker geleerd.

Die toenemende gebruik van 'n sekondêre 'n in bepaalde konstruksies is hier en elders ewe opvallend: in 'n toenemende mate; hy het 'n deeglike kennis daarvan; hy het 'n soldaat/ 'n tandarts geword; in 'n groot mate is hy verantwoordelik..; in 'n sekere mate is hy te blameer; in 'n vertaalde vorm; in 'n afgerolde vorm; as 'n tydelike maatreël; as 'n vaste maatreël; as 'n vaste reël; beskou Afrikaans as 'n lewende taal; as 'n gevolg van; op 'n aanklag van moord; as 'n middel tot genesing.

Weglating van die lidwoord die kom dikwels voor: in Winter / in Somer (in plaas van in die Winter/Somer); "Ons het vandag in skool niks geleer nie" (in die skool). Die hoë frekwensie van dié konstruksie in hierdie gebied dui daarop dat Engelse invloed dit hier bevorder. Dit het waarskynlik sy oorsprong by Engelssprekendes wat Afrikaans praat.

Die onderskeiding by voornaamwoorde van die enkelvoud (pers.vnwe.)

/.... word opgeruim ...

word opgeruim in opkomende konstruksies soos die volgende:

"Hy moet hulp verleen word." (i.p.v. Aan hom moet hulp verleen word.) "Sy kan maar haar sin gegee word." (i.p.v. Aan haar kan maar haar sin gegee word ; Gee maar haar sin.)

Hiermee val ook saam die toenemende gebruik van passiewe konstruksies: "Ek is meegedeel; my is vertel....; ek is te verstane gegee; met my is afgespreek; ens." Ek wonder of dit nie dié soort berig-en kennisgewing is wat hierdie verskynsel verder laat versprei nie. Die "dader" (hy, hulle) vervaag en daarby is die direkte objek by aktiewe transformasie afwesig. Dié verskynsel is geensins tot die Albanie-omgewing beperk nie, maar word landwyd aangetref.

Die volgende konstruksie, met oorbodige daar/hier, word hier opvallend algemeen gehoor, meer as in ander dele van die land:

"Daar was nie baie mense daar nie."

"Hier was niemand hier toe ek gekom het nie."

Die veelvoorkomende gebruik van een staan onder regstreekse invloed van Engels: "Dis 'n mooi een daardie." (in plaas van 'n mooie.)

"Gee vir my die blou een." (die bloue.)

"Daardie is 'n ou een." ('n oue.)

Hierdie tendensie is ook in ander streke waar te neem, maar met 'n baie laer frekwensie as in hierdie hele ondersoekgebied.

Hier in Albanie word ook algemeen gehoor:

"Ek kan jou nie met dit help nie." (in plaas van daarmee)

"Moenie op dit sit nie." (daarop)

"Moenie van dit praat nie." (daarvan)

"Skryf die naam by dit neer." (daarby)

"Ek hou niks van dit nie." (daarvan)

Al die bogenoemde tendensies in die spreektaal dui daarop dat ook in hierdie streek se geselstaal gedurige gisting aan die gang is.

HOOFSTUK VII.

Alfabetiese lyste woorde, uitdrukkings en segswyses hier opgeteken.

Aangesien 'n hele aantal hiervan ook landwyd gebruik word en bekend is, het ek 'n tweedeling probeer maak, nl. (A) woorde en uitdrukkings wat taamlik algemeen bekend is en (B) woorde en uitdrukkings wat, sover ek kon vasstel, slegs in die aangeduide gebied/omgewing bekend is.

(A) Woorde en uitdrukkings wat algemeen bekend is:

aftjop: "Hy het in die eksamen afgetjop." (gedruip; blykbaar kinderen studentetaal.) Opgawe uit Uit.h., maar kom alg. in die spreektaal van jongmense voor.

almanak: "Die almanak sê dis die neëntiende." (= volgens die kalender is dit die 19de van die maand." Opgawe uit Pat., maar word landwyd gehoor.

Baai: Van Oudtshoorn tot Grahamstad en tot diep in die binneland is Port Elizabeth bekend as "die Baai".

befonkfaai: "Hy het my al weer befonkfaai." (= gekul, mislei.) Opgawe uit O.L. en Gr.st., maar het wyer spreiding.

balke toe: Tans met die beeldradio-program algemeen bekend.

(= uitroep as daar lekker gedans word.) Opgawe uit K.dagga.

boetebos: Ook genoem spinjoolbos, oumeidebos, mavoemba. In die Karoostreke alg. bekend. Opgawe uit King. WAT I p.470 noem net boeteklits, pinotiebossie.

broek-en-baadjie-aartappels: (= met skil en al gekook.) Opgawe uit Cath., maar meer alg. bekende benaming. Ook in HAT p.86 en WAT I p. 532, maar sonder aanduiding van verspreiding.

dak: "Wag, laat ek my dak opsit." (= hoed opsit.) Opgawe uit Ell., maar taamlik alg. bekend.

/.... deurmekrys ...

deurmekrys: "Hy is nou heeltemal deurmekrys." (= deurmekaar.)

Opgawe uit Ind., maar wyer verspreid ; het dit selfs al oor die radio gehoor van speler wat effens bedwelm is.

dop-en-dam: (= enige brandewyn met water daarin.) Taamlik alg. hier en ook elders, maar WAT II p. 260 sê net dis "skertsend vir minderwaardige brandewyn."

draadsitter: (= benaming vir Afrikaanssprekende wat Engelsgesind is.) Opgawe uit Gr.st., maar baie alg.

dradeloos: Algemeen vir die radio, veral by ouer geslag.

drievoet: Ook genoem delvoet, witvoet. (≠die staander met 3 bene om padketeltjie oor die vuur te hang; ook in betekenis van staander met 3 pote om pot of kastrol op vuur te laat staan. Alg. bekende benaming.

dorp toe: "Ek gaan dorp toe." (= ek gaan inkopies doen.) Algemene segswyse; selfs by stedelinge gehoor as hul middestad toe wil gaan.

fris: "Sy was siek, maar nou is sy weer fris." (= sinoniem vir gesond.) Opgawe uit Kirkw., maar baie alg.
'n fris kêrel (= sterk, gespierde man) sou egter vroeër in die geweste onsinnig geklink het.

ghantang: (= nooi of kêrel). In sommige kringe alg. in omgangstaal. Opgawe uit P.E.. Kom voor in I.D. du Plessis se ge- dig Karnaval; ook in WAT III p. 14 en HAT p.219.

ghoena: Taamlik alg. bekende naam vir suurvy/ hotnotsvy/ ghòkum (WAT III p. 245), maar een informant (King.) noem dit as benaming vir kafferwaatlemoen.

'n gly hê/kry/vang: "Ek vang 'n gly in hom." (= ek hou nie van hom nie) Opgawe uit Gr.st., maar alg. by studente.

/.... hordes ...

hordes: WAT IV p.403 gee slegs die betekenis van toepassing op mense. Alg. bekend met betekenisuitbreiding, nl. baie van enigiets: "Daar groei hordes van die goed in die tuin." "Hier is hordes van die vorms om in te vul."

jol: "Ons het lekker daar gejol." (= gekuier.) B & N p.312
noem: pret maak, korswel; WAT V p. 60: "opsit met 'n meisie" en "speel in skoolseunstaal". Algemeen gebruik.
Opgawe uit Uit.h.: "Teen watter span jol julle môre?"

klawer: As benaming vir lusern in hierdie streek en in res van die land goed bekend.

kol: "Op 'n kol was ek baie vies vir hom." (= in 'n stadium).
Opgawe uit Gr.st., maar dié uitdrukking is landwyd, veral by studente, bekend.

konsertinahek: (= dræad-en-pale-hek). HAT p.466. Algemeen bekend.
In Ped.-omgewing bekend as kopneukerhek; in Cath.-omgewing heet dit bekslaner x smoelneukerhek.

kopseer: (= hoofpyn.) Vry algemeen, maar opgawe uit Gr.st. :
"My dop pyn."

krismiskat: "Sy lyk vimôre weer nes 'n krismiskat". (= vol juwele en blink goed.) Opgawe uit Oos-Londen, maar ook alg. gebruik.

kry my (= ontmoet my), bv. "Kry my by die winkel." "Ek kry jou later voor die poskantoor." Vry algemeen.

leeg: "Die rok se hals is leeg." (= laag oop.) Opgawe uit Ind. maar taamlik alg.

moewiese: "Dit was 'n moewiese vis wat hy gevang het." (= tamaai, baie groot.) Opgawe uit O.L., maar landwyd bekend, veral ook in studentetaal.

ooghare: "Ek het nie ooghare vir hom nie." (= ek kan hom nie verdra nie; ek het 'n gly in hom.) Algemeen bekend.

/.... pieringoë ...

pieringoë: (= groot, ronde oë) Opgawe uit Alex., maar ook vry alg. bekend.

plank: "Slaan daardie plank in die gat." "Gooi daardie plank in die gat." (= maak die deur toe.) Opgawe uit O.L., maar veral in studentetaal vry alg. gebruik.

romer: (= roomafskeier.) Benaming by boere vanaf Oudtshoorn, Langk. en deur die hele ondersoekgebied en verder noord. Andere sê nog sipperwyter/sepperyter; opgawe uit Seven Fountains: skeier.

sloot: (= leivoor) x grootsloot (kanaal); dus ook slootwater. Opgawe uit Kirk. , maar ook alg. bekend, veral in Oudtshoorn waarvandaan dié gebruik na Kirkw. oorgebring is.

smoel: "Hou jou smoel" is 'n alg. bekende uitdrukking vir "bly stil"; maar by Boesmansrivier word gesê: "Ons wag vir die smoel om met die skuite uit te gaan", d.w.s. ons wag vir die betreklike stil water wat volg op die groot branders. In die lg. betekenis het ek dit net daar aangetref.

spif: "Jy lyk mos spif vanmôre." (= mooi, spoggerig, netjies.) Opgawe uit O.L., maar baie alg. bekend. Ook: spiek-en-spên.

tjek: "Ek tjek jou." (= ek sien jou weer, tot siens.) Opgawe uit O.L., maar oor die hele land bekend. Daar word ook in ander verband op alle terreine en in verskillende betekenis landwyd "getjek".

voersies: (= patroonagtige hittederke aan die bene van te lank en te naby voor die vuur sit.) Alg. bekend. B & N noem slegs voersis/voersies vir geweefde katoenstof met patrone.

waai: (= loop weg, gee pad.) "Kom ons waai." Algemeen bekend. Ook: skededdel (Pat.); koefêts (Ind.); laat waai (= begin werk) (Gr.st.)

(B) Woorde en uitdrukkings met 'n beperkte, gewestelike voorkoms:

aan die tou: "Dit reën aan die tou." (= aaneen.) (Willowmore.)

aangaan: "Ek moet nou weer aangaan." (= vertrek, verder gaan.)

Boer aan ontslane arbeider: "Jy kan nou maar aangaan."

(= loop.) Taamlik alg. in Gr.st. en omstreke.

aangeklam: "Sy boonste kassie is aangeklam." (= hy het 'n streep;

hy is nie regwys nie.) Ook: "Sy boonste verdieping is 'n

bietjie baie klam." x "Sy topstôry is bietjie skeef."

aankrap: "Ek wil 'n bietjie aankrap vir 'n nuwe radio." (= geld

bymekaarmaak/wegsit om dit te kan koop.) Gr.st. Hier-

die segswyse kon ek nêrens elders opspoor nie.

aar: "Die ding het gear." (= hy is stukkend, gedaan; word selfs

gebruik vir 'n dier wat gevrek het.) Bedf.-omgewing.

afval krap: (= dit skoonmaak, skoonskraap.) WAT I p.25. noem

net skraap; in W.more word gesê: "Ek moet nog die afval

krap." "Het jy al die afval gekrap?"

ark: "Die ark het gister by my oopgelê." (= baie mense het kom

kuier.) WAT I p.259. Opgawe uit Pat. by slegs een intrek-

ker uit Graaff-Reinet; andersins hierlangs haas onbekend.

bedrag: "Jy is vanmôre weer uit bedrag." (= jy is nie netjies ge-

klee nie.) Cath.-omgewing.

bedot: WAT I p.346 net in die betekenis: "fop, kul."

By K.dagga en omstreke: "Jy is skoon bedot." (= van jou wy-

sie af, deurmekaar.) Ook: bejoeks wees.

beurt: "My beurt vat vanaand sewe-uur." (= my leibeurt/ water-

beurt begin om sewe-uur.) Hierdie uitdrukking is, volgens

my informant, in die vroeë twintigerjare deur 'n aantal in-

trekkers uit Oudtshoorn, waar dit nog alg. gebruik word, na

Kirkw. oorgebring. Tans word dit verspreid oor die hele

/.... gebied....

gebied gebruik, ook vir werkbeurt/ werkskof, ens.)

Blokekamp: "Hy is Blokekamp se berg oor." (= dood, oorlede.)

Opgawe uit King. WAT I p. 443 noem slegs "Bloksberg" in die verwensings, bv. iemand na/oor Bloksberg/Blokseberg, ens. wens.

boek: "Ons moet nou boeke regmaak." (= sake afhandel, ek moet jou betaal, ens.) Alg. in Som.0.

Boekmonument: Dit is in Gr.st die benaming vir die Bybelmonument net buite die dorp.

breek: "Ek het my gebreek toe hy in die water val." (= lekker gelag daaroor.) Opgawe uit Uit.h.

breker: "Hy is sommer 'n breker." (= 'n skoorsoekerige, bakleierige vent.) Opgawe uit Uit.h. WAT I p.526 noem dit net in die betekenis "sterk perd".

breekwal: word gebruik in plaas van die leenvertaling breekwater, B & N p.185. By O.L. se hengelaars gehoor: "Ek het gister van die breekwal af gevis."

brom: "Haar sykouse brom vanmôre." (= hulle sak af en hang onnet, sakkerig. Opgawe slegs vir Gr.st. Moontlik met die gedagte aan 'n volstruis wat "diknek" maak as hy brom; het dit egter nie in 'n tipiese "volstruisdistrik" soos Oudtshoorn gehoor nie.

buitewater: (= reënwater, tenkwater) teenoor têpwater (= kraanwater). Opgawe slegs vir K.dagga en omgewing.

deurmekaareiers: (= benaming in Gr.st. vir roereiers.)

doekpoeding: word in Barkly-Oos donkie genoem; in Berl. en Alex. word dit kafferkop genoem.

donkie: heet in Gr.st. ook laatturksvy; in King. is hy o.a. ook 'n josefsperd.

/.... djiegher ...

djiegher: Die bokkiekar het verdwyn; in sy plek het die bakkie (= ligte afleweringswa) gekom, maar in Stutt. (en blykbaar net in daardie omgewing) heet laasgenoemde nou by almal djiegher.

dops: "Hy't visse dops gevang." (= visse twee-twee gevang, met twee hoeke aan een lyn het hy twee visse gelyk gevang.) Uitdr. bekend in Boesm. en Alex. Word ook genoem in WAT II p.262, met aanduiding van "gewestelik", sonder om te noem waar.

drog-my-keel: In Gr.st. en omgewing word 'n ronde, blou bessie ook droog-my-keel of drogies genoem (soos WAT II p.333 en HAT p.134 aandui), maar een informant verseker my dat hulle drog-my-keel sê.

duiwel: "Ek is die diewejoe in." (= die duiwel in, kwaad wees.) P.E.. WAT en B & N sê net: "onseker, in die war wees."

"Sit die duiwel in die hel." (Eng.: "Call a spade a spade.") (= ook: doen dit reg.) Opgawe uit Ind.

dwaai: "Kyk hoe dwaai die vlieë." (=vlieg in die rondte.) Gr.st.

Engelse tou: (= benaming vir draad.) = Gr.st.

fieker: "Ek gaan my gou raakvat en fieker." (= was en netjies aantrek.) Uit P.E. (Waarskynlik uit Eng. figure.)

gaat vat: "Kom ons vat die gaat/gat." (= kom ons gaan huis toe, hardloop weg, ens.) Verspreid deur hele gebied aangetref.

ghannaghoedjie: "Moenie my ghannaghoedjie maak nie." (= moenie my jaloers maak nie.) Uitdr. bekend Uniondale -Humansdorp: WAT III pp.239, 240; maar in P.E. word ook gesê: "Hy of sy is kanneghoelie." (= jaloers); dit kan ook beteken: "het 'n streep, is nie regwys nie."

/.... ghartjie sit:...

ghartjie sit: (= regop sit soos 'n ghartjie (graatjiemeerkat)).

WAT III pp.240, 478; bekend in Montagu en van Humansdorp tot Cradock. By Boesmansriviermond en in Alex. bekend by hengelaars vir: "Hy sit stil en regop en vang geen vis nie."

ghoemeling: (= 'n hele aantal mense bymekaar.) Opgawe uit P.E.

ghoeng-ghaai: (= drank): so genoem in sekere kringe in O.L.

WAT III p.248 noem dit, maar slegs in die betekenis:

"steel, vat, kinderspeelgoed, 'n soort klapper."

ghwai: "Dis sommer ghwai." (= 'n minderwaardige ding/artikel.)

In Alex. en omgewing. WAT III p.250 noem net ghwaai

(= onsin, twak praat); B & N p.258 noem ghwai as dialekties vir tabak.

ghwalla: (= tjankbalie.) Opgawe uit Stutt. WAT p.250: "lafaard, nikswerd."

gramadoelas: In hierdie hele streek word deur die meeste gesê:

gamadoelas (met slegs 'n g- in die anlaut, en nie gr- nie. Volgens Von Wielligh is die woord hier byna onbekend. (p.207). Dit is moontlik 'n verbinding van g- uit gopse met Xhosa amaduli (amadoelas). (B & N pp. 266,267).

haaksel: (= benaming vir 'n mengsel van niertjies, longe, ens.)

Opgawe uit K.dagga; in Aberd. heet dit jongoskos.

hale: (= haelpatrone.) Grad.

hō: (Van Eng. handelsnaam HAW vir 'n tipe van trekketting).

"Skei uit met hō!" (= laat vaar jou plan, moenie daarop staat maak nie.) Uitdrukking bekend in Boknes en omgewing. Die trekketting wat deur een boer daar gebruik is, het op elke skakel die naam HAW gehad. Op 'n bepaalde dag het die HAW-ketting gebreek, en almal het spottend uitgeroep: "Skei uit met HAW!"

hoek: "Trap in die hoek!" (= ry vinniger.) Opgawe uit Addo.

huistoetyd: (veral by skoolkinders = uitvaltyd, sluitingstyd.)

WAT IV p.446 noem net huistoegaantyd. As gevolg van sin-
kopee van -gaan- ontstaan die sametrekking: huistoetyd
algemeen in Albanie: "Toemaar, ek kry jou huistoetyd,"
dreig Jannie.

huwelikswense uit die ossewatyd: "Soveel splinters in die juk
soveel jare van geluk." (Gr.st.)

jonniebooi: "Hy is 'n regte jonniebooi." (= rondlopervryer). P.E.

kara x ghara: "Hulle het heeltemal 'n kara in sy hare gesny."

(= 'n kaal kol.) "In watter kara/ghara het jy die bees gekry?"

(= in watter kaal kol in die bos.) Slegs in Alex. en omgewing
bekend.

karsies: (= benaming vir kruisbessies.) Alg. in dié streek, veral
in suide en weste.

kataza: (= terg). Opgawe uit O.L.

katte: (= benaming vir gesplitste sigoreiwortels.) Bekend in Alex.
en onmiddellike omgewing.

keel: "Jy hang nou by my keel uit." (= ek het nou genoeg van jou.)

Gr.st. WAT V p.445.

kieslek: (= pruimtabak/pruimtwak.) Benaming daarvoor in Addo.

kierkop: "Jou kierkop sal jy nog lekker stamp." (= jou harde kop.)

"Moenie jou so kierkop hou nie." (= hardnekkig.) Uit P.E.

klein wees: "Die baba was om elfuur klein." (= die baba is om elf-
uur gebore." Segswyse in Ind.-omgewing.

klip: "Ek gaan môre oor die klip." (= oor die berg êrens heen, te
voet of met die pad langs.) Moontlik te verklaar uit Eng.

cliff. Opgawe uit Kouga-streek.

klipdris/klipchris: "Jy is sommer 'n klipdris." (= 'n kring, 'n
sleg, nikswerd.) Opgawe uit King.

/.... knoeps ...

knoeps: (= 'n platriem aan 'n stok; kort sweep, sambok.) King.

In W.more en omgewing heet dit nops. "Ek slaan jou nou met die nops."

koek: "Die koek is in die was." (= daar is geen koek om voor te sit nie.) Opgawe uit P.E.

kop-en-pote: (= afval, bv. skaapafval.) Opgawe uit K.dagga, maar baie alg. bekend. Kop-en-pootjiesdraai egter net in Alex. bekend vir agteraf, treurige buurt.

kop: "Jy moet op jou kop wees." (= wakker wees). O.L.

"My kop het uitgehaak." (= ek het vergeet.) Taamlik verspreid deur hele streek.

kou-my-vrek: (= benaming vir 'n bepaalde soort harde, taai lekkergoed.) Alex.

langbome: "Ek moet my dinge regmaak want netnou dra hulle my na die langbome toe." (= begraaftplaas toe.) Uit King. Ook opgawe deur een intrekker uit die Boland.

lasie: (= muisvoël.) Alex. Waarskynlik van Xhosa: ndlasie.

leefsdag: "Ek het in my leefsdag nog nie daarvan gehoor nie."

(= nog nooit daarvan gehoor nie.) Word gebruik in Ind.

WAT II p.11 noem net "dag des lewens" in dié betekenis;

HAT p.507 noem net lewensdae.

lekkers: "Hy rus op sy lekkers." (= hy is selfsugtig.) Uit.h.

loodlim (-lem): "Hy is 'n ware loodlim." (= baie stadig en lui.)

Opgawe uit King.

lug: "Die lug maak gryns." (= word bewolk en dit gaan reën.)

Ind.-omgewing. WAT III p.476 noem net "gryns lug."

lyf: "Hy's styf met die lyf." (= dronk). O.L.

"Hy's gegat." Uit.h. WAT III p.43 noem net "hoog met die gat." Ook: getrek, geskonke, getoor, gepiekel, getorra.

/.... maer: ...

maer: "So maer soos 'n trensriem/jukriem." (= baie maer.) King.

mal: "So mal soos 'n vlakhaas/'n haas." (= baie mal.) Baie alg. bekend. "Hy het 'n duif in sy kop." (= hy is effens mal-lerig.) Opgawe uit O.L.

moer afgaan: (= gal afgaan, jou misnoeë uitspreek.) Alg. bekend en word selfs in beskaafde kringe deur dames gebruik in hierdie streek.

moesj. (= kaboemielies). Opgawe uit King., maar alg. hier.

hoesj is hier alg. die benaming vir stampielies en bone.

naweekboere: (= mense wat weksdae op die dorp werk en naweke plaas toe gaan.) Uit. Doug.H.

nugget: "Ek is min genugget." (= ek gee niks om nie.) O.L.

nul: "Hy kom sommer hier nul uit noorde iets sê." (= sommer uit die bloute, onverwags, ongenooi.) Doug.H.

oereloog: (= skeeloog). P.E.

olieboom (= stinkblaar) heet ook in hierdie omgewing malpitte omdat die saad, as dit ingesluk word, 'n bedwelmende uitwerking het. Alg. bekend in Rieb.O. en Gr.st.

Oom Jiem sê so: (= uitdrukking as jy nie weet wie so gesê het nie.) Opgawe uit P.E.

olifant: "Hy het 'n olifant geskiet." (= spottend gesê van iemand wat 'n wa laat omval het.) Uit Alex.

opdraand: "Die oorlosie loop nog opdraand." (= dis nog nie twaalfuur nie.) Uit Pat.

opstêrs en opstêrshuis word nog dikwels hier gehoor vir verdiepinghuis, maar beslis nie "upstairshuis" soos in Ons Gesels- taal p.204 beweer word nie.

pier: (=kul) soos bekend in S.J.du Toit se gedig: "Hoe die Hollan- ders die Kaap ingeneem het." In die omgangstaal net in Alex.-omgewing gehoor.

pond (die geldeenheid) bly nog behoue in die uitdrukking: "Hy loop een-pond-tien." (= hy loop mank.) Net in Rieb.O. bekend, waar daar ook iemand met die bynaam "Een-pond-tien" is.

por-porrie: (= gebraaide uie en aartappels.) Gr.st.

B & N p.515 noem net porrel.

pronkpou: Alg. bekend vir 'n spoggerige, deftige vrou. In Alex. ook bekend as modess; nie buite daardie gebied opgeteken nie.

regeer: "Dit regeer in daardie huis." (= dit spook daar.) Sporadies bekend in hele streek. (Aanvullende lys.)

"Kinders, moenie so regeer nie." (= moenie so tekere gaan of raas nie." Opgawe uit Sterkst.

rink: "Ek rink iets." (variasie vir : ek ruik iets.) P.E.

rinnewiet: "Moenie die goed so rinnewiet nie." (= verniel.)

Vervorming van rinneweer. P.E.

roei: "Moenie my hare deurmekaar roei nie." (= deurmekaar maak nie.) Uit Gr.st.

rooidraad: (= biltong.) Opgawe uit Pearston en Som.O.

safsit: "Hy's sommer 'n safsit/sawwie" beteken in Alex.: Hy's sommer 'n luiard.

segel: (= benaming by sommige vir 'n sekel.) Sterkst.

seil: (= vir ry.) "Môre seil ons met die mouterkar Baai toe."

Taamlik alg. versprei in dié streek.

sekreet: (= gemakhuisie, buitelatrine.) So gebruik in Alex.-omgewing. B & N p.568 Ndl. secreet/sekreet; ook priewie.

B & N p.520. Ndl. privé uit Ofr.

serpent: "Hy is 'n regte serpent." (= 'n koppige man, 'n dikkop.) Alex.

sit: In Pat.-omgewing bekend: "Van sit en staan is lê die beste". "Moenie in my pad loop staan en sit nie."

/.... skeef ...

skeef: "Ek voel vanmôre skeef." (= knorrig, pruttelrig.) Aberd.

skilpadjies: (= benaming vir roosterkoek) Uit Gr.st.

smeer: (= benaming vir tameletjie.) Crad.

stoelie: "Sy is sommer 'n ou stoelie." (= sy verklap geheime.) P.E.

stoepkakel: In A.dale sê Kleurlinge so van iemand wat alles weet of wil voorgee dat hy alles weet. Waarskynlik uit wat WAT V p.146 noem: "oumenstaal" - "'n klomp kakelende Evas."

stoof: "Die kat lê op die stoof." (= daar is nie kos in die huis nie; dus kan daar nie vuur gemaak word nie.) Uit Balf.

tak: "Hy't vanmôre weer sy hare met 'n tak gekam." (= sy hare is baie deurmekaar.) O.L.

takkie: "Jy kan nou maar jou takkie breek." (= jy kan nou maar praat.) Kom sporadies voor in Bedf., Gr.st., Balf., O.L.
"Laat ons eers takkie breek." (= handgee, groet.) F.Beau.

tamnanie: In Pat.-omgewing die benaming vir 'n verraaier.

tamposig: "Die mielies groei vanjaar tamposig." (= verboep, swak.)
Opgawe uit Komiteesdrif.

teelepel: "Die huis is met 'n teelepel omgeroer." (= baie deurmekaar).
Uit O.L.

tiekeliessj x tiegheliessj: (= benaming vir akkedis of geitjie.)
Gr.st., Som.O., maar taamlik alg. bekend in suidweste van die streek.

tkebesieby (met aanvangsuigklank uitgespreek) (= koebesieby, waterdraer, Eng. drone .) So bekend in Alex.-omgewing.

tkirrie x kirrie x karrrie (= heuningbier.) Albanie, Alex. en verder wes in die Karoostreke.

tkoeboebessies: (= eetbare bessiesoort, in suide van die gebied om Albanie en Alex. goed bekend.

toon se kop: (= sowaar, beslis). "Toon se kop, ek gaan jou nie weer help nie." (= ek sal jou beslis nie help nie.) Rieb.O.

/.... vaalkol ...

vaalkol: "Dis nie die vaalkol nie." (= dis nie die probleem nie.)

Bekend in Gr.st.

vat: (=steel): "Ek het dit by die blinde man gevat." Balf.

verbie: (= teregwys.) "Jy moet die kind verbie." Sterkstr.

HAT p.952 'wegroep, stilmaak, kalmeer' bv. 'n kwaai hond verbie.

verdompstert: (= 'n taai soort polgras, baie hinderlik op grasperke)

Alex.-omgewing. Moontlik ontstaan uit verdomp sterk.

verskoonseltjie: "Het jy vir jou 'n verskoonseltjie saamgebring?"

(= ekstra, skoon klere.) Sunl. en Addo.

HAT p.977 noem net 'verskoninkie' in dié betekenis.

voel: "Ek voel vimore so opgekook en afgewater." (= sleg). P.E.

"Ek voel soos 'n brander op die see: te lui om te loop en te lui om te lê." (=lusteloos.) P.E.

"Ek voel soos 'n uitgedroogde vadoek: nie nat nie en ook nie droog nie."

"Ek voel soos 'n verlore skakel in 'n gebreekte ketting."
(= ontredderd.) P.E.

wafelpa: 'n bek soos 'n wafelpa. (= gesê van iemand wat baie hard praat.") Opgawe uit King.

water sak op: "Die water sak mooi op." Uitdrukking gebruik deur bouers in Gr.st. in verband met water waarin kalk gegooi word; op die oppervlak word blasies gevorm en die water word geleidelik helder van bo af."

waterbriefie: (= kennisgewing i.v.m. waterbeurt/leibeurt/beurtwater.) Opgawe uit Kirkw. maar ook bekend in Oudtshoorn.

waterotters: (= souskluitjies). Ook: drywende eilande. Cathcart

windhok x platjie x windboks: (= opwashokkie, aanbousel.)

veral bekend in Alex., Albanie en sporadies in Ped., King. en O.L.

/.... wydsbeen ...

wydsbeen: "Die motor ry wydsbeen oor die wit streep." Gr.st., Ped.
"Dit reën wydsbeen." (= streep-streep.) Gr.st.
"Hy sit wydsbeen in die geld." (= het baie geld). Gr.st.
"Hy boer wydsbeen." "So 'n wydsbeenboerdery is nie
lonend nie." (= hy boer op twee of meer plase wat nie
aan mekaar grens nie. Hierdie uitdrukking is veral in
die weste en noorde van die gebied bekend, maar kom ook
sporadies voor in Adel., Bedf., F.Beau., F.Brown.,
Gr.st. en Ind.

wysbrame: (= wenkbroue.) Sterkst. B & N p.718. Ook in Die Kor-
rekte Woord p.320 as "minderbekende vorm by ouer taal-
laag aangetref."

zeps: "Zeps vir my ook." (= gee vir my ook.) "Nieks zeps." (= ek
gee niks weg nie.) P.E.

zink: (mv. zinke)(= in Albanie algemeen vir sinkplate.)

zienk word dan weer gebruik vir opwasbak.

zip daai lippe: (= bly stil, praat niks van wat ek jou vertel het
nie.) P.E.

Slotopmerkings.

Vir my was hierdie ondersoek, die insameling van gegewens en die verwerking daarvan in elke opsig die moeite werd. Dit het uiteindelik uitgeloop op 'n boeiende, prikkelende ondervinding en het gelei tot 'n verryking van my voorheen gebrekkige kennis van die spreektaal van my mede-Afrikaners in Oos-Kaapland. Ek het uitgegaan om vas te stel hoe vermink die omgangstaal daar uitsien as gevolg van vreemdetaalinvloede. Ek weet nou in welke mate my hipotese vir alle lae van die Afrikaanstaliges hier geldig is. Hier is wel Afrikaanssprekendes wat Afrikaans as 'n 'opteltaal' beskou en wat dit buitendien so gebruik ook. Maar die oorgrote meerderheid praat 'n woordryke Afrikaans, hoewel die nadelige invloed van Engels op die spreektaal van alle lae hier beduidend genoeg is om tot waaksaamheid te maan.

Soos ek aangetoon het, kom hier etlike verskynsels voor wat vir die spreektaal van hierdie streek kenmerkend is. Hier en daar is die uitspraak van bepaalde klanke aangetas, die woordgebruik staan onder invloed van Engels en Xhosa, selfs die sinskonstruksie en idioom het nie vrygespring nie, maar ek het tog gevind dat dit hoofsaaklik woordeskatontlenings is wat dus nie die taalkern raak nie. Die omvang van die beïnvloeding is egter groter as in enige ander gebied in die Republiek.

Dit was ook interessant om vas te stel hoeveel Hottentotleenwoorde hier in die omgang nog gebruik word en hoe selfs die uitspraak van die woorde in bepaalde gebiede nog die Hottentotklank behou het. Ouer Nederlandse taalvorme bestaan hier ook nog volop en in die verband het ek voldoende bewyse ter staving van my hipotese gevind.

/... Die een ...

Die een aspek van my bevindings wat ek ten slotte wil benadruk, is juis die baie Afrikaanse woorde en uitdrukkings wat ek hier opgediep het. Vir die eerste 22 woorde het ek bv. ongeveer honderd nuwe name opgeteken wat, ten spyte van vroeëre opnames, nog nêrens opgeteken is nie. So bevat Hoofstuk VII ook 'n hele aantal woorde en uitdrukkings wat eweneens nie in taalboeke opgeneem is nie. Hierdie gebied is dus nie arm aan Afrikaans nie. Intendeel. Hier lê sekerlik nog baie meer om op te spoor.


Dit skyn egter nie 'n uitstralingsgebied van Afrikaans te wees nie, maar eerder 'n menggebied soos aangetoon is, maar Afrikaans is ook gedurig besig om hom in te ent op Engels en Xhosa. 'n Diepgaande ondersoek sal stellig aan die lig bring dat dié twee tale in hierdie streek baie meer onder invloed van Afrikaans staan as wat algemeen geglo word.

Die navorsing het vir my soveel nuuts opgelewer dat ek tot my spyt hiermee moet volstaan. Daar is nog soveel onopgetekende, interessante Afrikaans orals deur die land versprei. In Gansbaai heet vakansiegangers seebadsmense, en as jy welvarend genoeg is, kan jy daar vir jou 'n seebadshuis koop of laat bou. Waarom sê sommige mense in die distrikte Oudtshoorn en Addo dan sogelank in plaas van solank? In watter ander streke word daar van die plat blikkies sardientjies gepraat as afnekkies, soos almal op Vlakteplaas, Oudtshoorn, daarvoor sê?

Vir die belangstellende dialektgeograaf lê daar nog 'n wye veld byna braak, maar dan moet hy sy segsmanne uit alle lae van die bevolking kies en veral persoonlike kontak maak.

BYLAE A.

Kaart van die Onderzoekgebied.



Belangrikste Paasie:
 Belangrikste Riviere:
 Die Onderzoekgebied:
 Grenslime:

BYLAE B.

(a) Alfabetiese lys van medewerkers se beroepe, bedrywighe, ens.:

Afgetrede onderwysers(-esse), staatsamptenare en ander pensioen-

Algemene handelaars. trekkers.

Assuransiemaatskappy-personeel.

Boekhoudsters.

Boere en boervroue.

Bosboubeamptes.

Bouaannemers.

Direkteure van maatskappye en koöperasies.

Elektrisiëns.

Fabriekspersoneel.

Garage-eienaars, -bestuurders en -werktuigkundiges.

Haarkappers.

Huisvroue.

Huurmotorbestuurders.

Juweliers.

Klerke in poskantore, winkels, geregshoue en ander staatskantore.

Landdroste.

Lektore en lektrises.

Matrones.

Onderwysers, onderwyseresse en ander opvoedkundiges.

Padvoormanne.

Polisiebeamptes (alle range.)

Posmeesters en -inspekteurs.

Predikante.

Professore.

Prokureurs.

Regters.

/.... Rekenkundiges...

Rekenkundiges.

Sakemanne.

Sendelingpredikers.

Skoliere.

Skoolhoofde.

Skoolopsigters.

Skoolraadpersoneel.

Skoolsielkundiges.

Slagters.

Spoorwegpersoneel: Klerke, Laaimeesters, Busbestuurders.

Studente.

Telefonistes.

Tronkbewaarders.

Tuiniers.

Verkeersbeamptes: Plaaslik en provinsiaal.

Vervoerkontrakteurs.

Wetenskaplikes.

(b) Ouderdomsgroepe; Persentasies.

10 - 20 jaar. = 7,6 %.

21 - 35 jaar. = 17,9 %.

36 - 55 jaar. = 38,7 %.

56 + = 35,8 %.

(c) Waar gebore en Afrikaans leer praat ?

(i) Gebore in Oos-Kaapland en Grens. = 74,2 %.

(ii) Elders gebore: woon 20 jaar of langer hier. = 7,4 %.

(iii) Intrekkers van elders: minder as 20 jaar hier. = 18,4 %.

/.... Literatuurlys.

Literatuurlys.

1. Boshoff, S.P.E. en Nienaber, G.S.: 1967. Afrikaanse Etimologieë. Pretoria, Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
2. Boshoff, S.P.E.: 1958. Ons en ons Taal. S.A.U.K., Johannesburg, L.S.Gray & Kie.
3. Boshoff, S.P.E. e.a.: 1964. Kruim en Kors. Johannesburg, Vortrekkerpers.
4. Boshoff, S.P.E.: 1921. Volk en Taal van Suid-Afrika. Pretoria, J.H.de Bussy Bpk.
5. Bothma, T.C. : 1946. Dialekgeografiese studie van die omgewing van Brits. (M.A.-verhandeling), Universiteit Pretoria.
6. Coetzee, Abel J.: 1958. Teenstellings in die Taal. Johannesburg, Nas.Boekhandel.
7. Combrink, J.G.H.: 1969. Afrikaanse Semantiek: Afrikaanse Taalmonografieë No.2, 2de Hersiene druk, Kaapstad, Nasou Bpk.
8. De Villiers, Meyer.: 1958. Afrikaanse Klankleer, Kaapstad, Balkema.
9. Kempen, W.: 1969. Samestelling, Afleiding en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans, 2de en Hersiene druk, Kaapstad, Nasou Bpk.
10. Kok, B.: 1942. Die Vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal, Pretoria, J.L.van Schaik.
11. Le Roux, J.J.: 1923. Oor die Afrikaanse Sintaksis. Amsterdam, Swets en Zeitlinger.
12. Le Roux, J.J.: 1939. Praatjies oor ons Taal. Kaapstad, Nas.Pers Bpk.

/13. Le Roux, T.H.

13. Le Roux, T.H.: 1962. Afrikaanse Taalstudies. 9de druk, Pretoria, J.L.van Schaik.
14. Le Roux, T.H. & Pienaar, P.de V.: 1927. Afrikaanse Fonetiek, 6de druk, Kaapstad, Juta & Kie.Bpk.
15. Louw, S.A.: 1959. Afrikaanse Taalatlas. Pretoria, Aurora-Drukkers.
16. Louw, S.A.: 1948. Dialekvermenging en Taalontwikkeling. Kaapstad, A.A.Balkema.
17. Louw, S.A.: 1941. Taalgeografie. Inleidende gedagtes oor Dialekstudie. Pretoria, J.L.van Schaik.
18. Malherbe, D.F.: 1924. Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme. Bloemfontein, Nas.Pers Bpk.
19. Nienaber, G.S.: 1934. Oor die Afrikaanse Taal. Amsterdam, Swets & Zeitlinger.
20. Nienaber, G.S. & P.J.: 1949. Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal. Pretoria, J.L.van Schaik.
21. Pienaar, P.de V.: 1947. Die Afrikaanse Spreektaal. Pretoria, J.L.van Schaik.
22. Pienaar, P.de V.: 1939. Praat u Beskaaf? Johannesburg, Voortrekkerpers Bpk.
23. Posthumus, M.J.: 1965. (Artikel in): Taalfasette Deel I. Die Taalgebruik van twee Proefgroepe. Pretoria, J.L.van Schaik.
24. Raidt, E.H.: 1971. Afrikaans en sy Europese verlede. Van Tacitus tot Van Wyk Louw. Kaapstad, Nasou Bpk.
25. Sapir, Edward: 1921. Language. An Introduction to the study of Speech. New York, Harcourt Brace.
26. Scholtz, J.du P.: 1965. Afrikaans uit die Vroeë Tyd. Kaapstad, Nasou Bpk.
- /27. Scholtz, J.du P. ...

27. Scholtz, J. du P. : 1939. Die Afrikaner en sy Taal. Kaapstad, Nas.Pers Bpk.
28. Schoonees, P.C. et.al.: 1965. HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Pretoria, Voortrekkerpers.
29. Schoonees, P.C.(Hoofredakteur) et.al.
1950. Woordeboek v.d.Afrikaanse Taal. Deel I.Staatsdr.
1955. (do.) Deel II. (do.)
1957. (do.) Deel III. (do.)
1961. (do.) Deel IV. (do.)
30. Smith, J.J.: 1962. Op ons Taalakker. Pretoria, J.L.van Schaik.
31. Smuts, J.: 1973. A Triangle of forces: Language, Religion and Politics. Grahamstad, Universiteit Rhodes.
32. Smuts, J.: 1968. Vroeë Afrikaans veral na aanleiding van Trigardt se Dagboek. Afrikaanse Taalmonografieë No.4., Kaapstad, Nasou Bpk.
33. Snijman, F.J. (Hoofredakteur.) et.al.
1968. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel V.Staatsdr.
34. Stoett. F.A.: 1905. Nederlandsche Spreekwoorden, Spreekwijzen, Uitdrukkingen en Gezegden. 2de druk, Zutphen, W.J.Thieme & Kie.
35. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie. 1964. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 7de verbeterde uitgawe, Kaapstad, Nasionale Boekhandel.
36. Terblanche, H.J.:1971. Regte Afrikaans. Johannesburg, Willem Gouws (Edms.) Bpk.
37. Valentyn, François: 1971. Beschryvinge van de Kaap de Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende. Amsterdam (1726), Van Riebeeck-vereniging (1971).
- /38. Van der Merwe, ...

38. Van der Merwe, H.J.J.M. et.al.: 1970. Afrikaans sy aard en ontwikkeling. Pretoria, J.L.van Schaik.
39. Van der Merwe, H.J.J.M.: 1967. Die Korrekte Woord. Pretoria, J.L.van Schaik.
40. Ibid. 1970. Herkoms en ontwikkeling van Afrikaans. Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel.
41. Ibid. 1968. Patriotwoordeboek.(Heruitgegee.) Pretoria, J.L.van Schaik.
42. Verjaarsdagbundel opgedra aan prof. G.S.Nienaber. 1963. Taal en Teken. Kaapstad, Human en Rousseau.
43. Von Wielligh, G.R. 1925. Ons Geselstaal. Pretoria, J.L.van Schaik.
-

